

HOOFSTUK 3

'N ONDERSOEKRAAM VIR DIE BESTUDERING VAN AFRIKAANSE PROSATEKSTE

3.1 Inleiding

Voordat ek daartoe oorgaan om 'n ondersoekraam saam te stel wat spesifiek bruikbaar sou kon wees vir die bestudering van Afrikaanse prosatekste, moet die besondere literêr-kritiese konteks waarbinne Afrikaanse literatoure tans werk eers oorsigtelik geskets word. Die agtergrond wat vervolgens verskaf word, het uiteraard betrekking op die poging wat sekere kritici in die tagtigerjare gemaak het om 'n uitgesproke ideologiekritiese benadering tot die Afrikaanse letterkunde te ontwikkel, en meer in die besonder my eie siening van hierdie groeiproses. Dit is hier ook van belang om te beklemtoon dat ek nie 'n uitvoerige oorsig wil gee van literêr-kritiese strominge in die afgelope dekade nie; slegs wat ter sake is om 'n begrip te kan vorm van die ontwikkeling van maatskappykritiese benaderings sal aan bod kom.

Hoewel die teksimmanente literatuurbeskouings aan die begin van die jare tagtig op die Afrikaanse literêre toneel nog die botoon gevoer het, het die eerste ideologiekritiese stemme vroeg in dié dekade reeds opgeklank: Jakes Gerwel, Ampie Coetzee en Hein Willemse het hulle voor 1985 al uitgespreek ten gunste van 'n sosiaal-kritiese literatuurbenadering waarin daar rekenskap gegee word van die wyse waarop die Afrikaanse letterkunde gedetermineer word deur dieselfde magte wat die Suid-Afrikaanse maatskappy bepaal¹. Hierna het veral Wilhelm Liebenberg hom as Marxistiese kritikus onderskei, terwyl Mariaan de Jong bydraes gemaak het wat by die ideologiekritiek aansluit. In my bespreking kom die gesprek rondom die onderskeie bydraes van die postmodernisme, dekonstruksie en ideologiekritiek hierna aan die orde, terwyl die situasie-ontleding van ideologiekritiek en die Afrikaanse letterkunde afgesluit word met 'n bespreking van D.H. Steenberg se bydrae op die terrein van ideologiekritiek wat berus op 'n Bybels-Reformatoriese grondslag.

1 S6 omskryf Coetzee (1988a:vii) die Marxistiese benadering in 'n publikasie wat in 1984 reeds gepubliseer is, maar later opnuut uitgegee moes word weens uitgewersprobleme.

Die oorsig word afgesluit met 'n beskouing van veral die meer ideologiekrities-gekleurde toepassings van die taalhandelingssteorie wat daar tot nou toe reeds gemaak is binne die Afrikaanse literêr-kritiese gebied, en die roman in die besonder. Hierdie situasie-ontleding verskaf dan die finale aanleiding tot die samestelling van 'n ideologiekritiese taalhandelingsraamwerk wat vir die volgende drie hoofstukke van hierdie studie as ondersoekraam sal dien.

3.2 Situasië-ontleding: ideologiekritiek en die Afrikaanse letterkunde

3.2.1 Literêre kritiek in die tagtigerjare

Die tagtigerjare is ingelui met die sogenaamde teksimmanente of teksgerigte kritiek en literatuurbeskouinge 'veilig' aan die stuur van sake. Hierdie 'bevoorregte' posisie is vroeg in die dekade reeds skuinsweg bevraagteken deur enkele literatore wat met die resepsie-estetika wou eksperimenteer². Algaande het die bewussyn gegroei dat daar met 'n literêre kommunikasiesituasie³ gewerk word en dat die "intentional fallacy" en die "affective fallacy" nie meer heeltemal so verwerplik is as voorheen nie. Dat die literêre teks self steeds die sentrale plek beklee het in die meeste literatore se kritiese en teoretiese arbeid dui egter daarop dat die "primaat van die teks"-gedagte die aanslag van die kommunikasiemodelle afgeweer het of hierdie nuwer tendens ten minste suksesvol kon koöpteer. Met die toetrede van die semiotiek, dekonstruksie en die (Marxistiese) ideologiekritiek het die aanslag teen die 'establishment' 'n ongekende intensiteit bereik: die aandrang dat die literêre teks as tekensisteem, as intertekstuele verskynsel en as maatskaplik-relevante kultuurproduk erken moet word, het literatore in verskillende kampe laat verdeel. Met die verskyning in druk van Ronel Juhl se proefskrif, onder die titel *Kritiek in krisis: Vryheid vir die teks* (1986), was dit egter duidelik dat die "outonomie van die teks" nog lank sal moet dien as laer vir diegene wat steeds verkies om die teks van sy sosio-politieke konteks los te maak⁴.

2 Vgl. byvoorbeeld Roodt (1982:40-50).

3 Jakobson se "algemeen gebruikte skema" (vgl. Cloete e.a., 1985:8) van sender-boodskap-ontvanger, oftewel skrywer-teks-leser, binne 'n konteks/werklikheid waarin bepaalde kodes/tekensisteme gebruik word.

4 Vgl. hieroor Viljoen (1988:20) wat dié soort laertrekmentaliteit kritiseer en o.m. die volgende as

Bogenoemde slegs ter oriëntasie. In die oorsig wat volg, wil ek in breë trekke aandui watter verloop die gesprek rondom en beoefening van (Afrikaanse) ideologiekritiese literatuurbenaderings na my oordeel die afgelope dekade gehad het. Vanweë die omvang van hierdie korpus literêre arbeid en van die reaksies daarop, kan slegs hooffigure en hooflyne van die gesprekke bespreek word. Die doel met hierdie oorsig is om die huidige situasie te ontleed ten einde my eie posisie duideliker te kan bepaal en omlin. Aangesien ek in hierdie ondersoek ook van die standpunt uitgaan dat die literatuur (soms implisiet, andersins openlik) deel het aan die ideologiese magstryd in Suid-Afrika, spreek dit eintlik vanself dat my eie standpunt sal aansluit by, en inderdaad beïnvloed is deur die ideologiekritiese siening wat vervolgens aan die orde gestel word.

3.2.2 Die eerste Afrikaanse ideologiekritici

Die eerste sterk stem⁵ wat vroeg in die tagtigerjare opgeklank het met die duidelike boodskap dat literêre kritiek nie 'n ideologies onskuldige dissipline is nie, is dié van **Jakes Gerwel**. In sy inaugurale rede getiteld "The politics of language and literary studies" (1983) neem hy 'n posisie in wat **sosiale kritiek**⁶ genoem kan word. Oor sy siening van die twyfelagtige rol wat literêre kritiek in die gemeenskap, en veral aan universiteite vervul, draai Gerwel (1983:2) geen doekies om nie: "To practice literary criticism, especially within universities, is always an act with political content, is always allied to, conditioned by or a function of a broader ideological formation." Ten opsigte van die Afrikaanse literêre kritiek van die vorige dekades dui Gerwel aan dat dit 'n steeds minder nasionalistiese en meer formalistiese

tekenend daarvan uitwys: "Heel pikant merk Johl (1986:22) op dat 'n uniforme stel waardes die Afrikaanse literatuurstudie en die Afrikaner se samelewingsvorme onderlê, naamlik *eenheid, afsonderlikheid, selfstandigheid, uniekheid*."

5 Hoewel dit alom bekend is dat André P. Brink, Adam Small, Breyten Breytenbach en ander in die verlede reeds hulle stemme luid verhef het teen die apartheidsbeleid, was hulle nie bewustelik op sosiale kritiek as sodanig ingestel nie en sal daar nie op hulle 'ideologiekritiese' bydraes ingegaan word nie. 'n Voorbeeld van die soort ondersoek wat wel na hierdie kritici van die 'apartheids-regime' gedoen is, is Galloway (1987).

6 Degenaar (1987:118 e.v.) verwys na sosiale kritiek as "art (literature) as involvement in the human condition".

benadering begin volg het terwyl die Afrikaner-regeerders verregaande onreg gepleeg het in die politieke sfeer. Deur die teks as't ware vas te vang binne sy eie gewaande outonomieit, is literatuur geïsoleer van politieke ervarings. Hierdie apartheid tussen literêre kritiek en politiek is volgens Gerwel ten diepste 'n ideologiese posisie.⁷

Verder verwys Gerwel ook, soos vele ander sosiale en ideologiekritici, na die bekende uitspraak van Walter Benjamin⁸ wat ek vervolgens aanhaal:

"As in all previous history, whoever emerges as victor still participates in that triumph in which today's rulers march over the prostrate bodies of their victims. As is customary, the spoils are borne aloft in that triumphal parade. These are generally called the cultural heritage. The latter finds a rather distanced observer in the historical materialist. For such cultural riches, as he surveys them, everywhere betray an origin which he cannot but contemplate with horror. They owe their existence, not merely to the toil of the great creators who have produced them, but equally to the anonymous forced labor of the latter's contemporaries. There has never been a document of culture which was not at one and the same time a document of barbarism."

Na aanleiding hiervan laat Gerwel hom dan in die volgende aangrypende woorde uit oor die produksie van literatuur in Suid-Afrika: "there is no way in which one can deny the link with Apartheid, a way of life built on the anonymous toil and suffering of millions of others. It is that toil, that suffering, which, we would argue, is engraved into every letter of every literary work produced in those circumstances. And in contrast to, in fact in combat with, formalistic criticism we shall insist that the demonstration of the presence of that silent engraving, and the decoding thereof, form essential part of the critical function" (Gerwel, 1983:13). Teenoor die formalistiese benaderings stel Gerwel dan voor dat 'n literêre teks as 'n sosiale handeling gesien word wat bevry moet word van sy vormlike 'enkapsulering'. Verder moet die estetiese ervaring op so 'n wyse gehistorieseer word dat die doel van literêre kritiek sal wees om lesers bewus te maak van die sosiale realiteit van groepe in

7 In sy beredenering van hierdie siening verwys Gerwel veral na 'Terry Eagleton se standpunte.

8 In 2.3.2 (voetnoot 40) is daar reeds verwys na hierdie dikwels aangehaalde woorde van Benjamin (1979:359). Dit word byvoorbeeld ook aangetref in Jameson (1981:281).

konflik, ten einde 'n gesindheid van veranderingsgeoriënteerdheid te skep.

In hierdie rede, wat waarskynlik voortgespruit het uit sy proefskrif wat ook in 1983 voltooi is, illustreer Gerwel die belangrike onderneming van sosiale kritiek, naamlik om die relasies tussen die literatuur, die gemeenskap, politiek en die geskiedenis by die literêre ondersoek te betrek. Hoewel die proefskrif in 1983 reeds gepubliseer is, was dit vir jare lank weens "uitgewersprobleme"⁹ nie beskikbaar nie. In 1988 is dit opnuut gepubliseer onder die titel *Literatuur en apartheid: Konsepsies van 'gekleurdes' in die Afrikaanse roman, tot 1948*. Hierdie publikasie word op die voorblad beskryf as die eerste literêr-sosiologiese benadering tot die Afrikaanse roman, hoewel Gerwel (1988:17) self hom tot niks meer wil verbind as "sosiaal-bewuste literatuurbeskrywing" nie. Volgens die voorwoord (Gerwel, 1988:ix) word die teks hier gesien as "'n dinamiese medewerker aan die ideologie van die Afrikaner; dialekties deel van die denkproses wat Apartheid gemaak het". Gerwel (1988:1) verwoord sy siening van die verband tussen die Afrikaanse literatuur en Apartheid op die volgende bondige wyse: "Die Afrikaanse literatuur is by uitstek die letterkunde van die Afrikaner - dit word met enkele uitsonderinge gelewer deur, is primêr gerig op en word hoofsaaklik gelees deur Afrikaners - en die Afrikaner staan wêreldwyd bekend allereers as die argitekte en beoefenaars van *Apartheid*". Hoe die ideologie¹⁰ van die Afrikaner in die vormingsjare van Apartheid (ongeveer 1875 tot 1948) die konsepsies van gekleurdes in die 'Afrikanerprosa' beïnvloed het, word op boeiende wyse in hierdie ondersoek aangetoon. Die gevolgtrekking waartoe Gerwel kom, naamlik dat die ingesteldheid uiters negatief was met volgehoue dehumaniserende stereotipering, is insiggewend en sal ook by die ontleding van tekste later in my eie ondersoek ter sprake kom.

Ampie Coetzee, ook 'n literator van die Universiteit van Wes-Kaap soos Gerwel, verstout homself om in 1984 by die stigtingskongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging vorendag te kom met 'n ontleding van 'n verhaal van John Miles "op ideologiese wyse" (Coetzee, 1986:8). Die materiaal wat hierin verwerk is, word onbeskaamd aangedui as tekste van die bekendste Marxistiese kritici: Althusser, Eagleton en Jameson. Hy begin sy betoog deur te verklaar dat

9 Die uitgewery Kampen in Kaapstad het klaarblyklik kort na die verskyning van (o.a.) hierdie publikasie van die toneel verdwyn.

10 Gerwel gebruik natuurlik die term in die kritiese, pejoratiewe betekenis.

letterkunde en literêre kritiek deel is van 'n volk se ideologie, of hulle nou daarvan bewus is of nie. Die woorde wat hy vervolgens aan die toehoorders (en lesers) rig, herinner weer eens aan Benjamin se reeds aangehaalde stelling: "Ons is die *petite bourgeoisie* wat parasiteer op die proletariaat daarbuite, en ons voel nie die gewig van ons ideologie op hulle nie. Maar te danke aan hulle kan ons ons elitêre letterkunde vertroetel" (Coetzee, 1986:3). Die gevolg van hierdie besef is dat dit vir Coetzee nie moontlik is om die Afrikaanse letterkunde as 'n aparte, geïsoleerde fenomeen te beskou waarmee literatoure hulle rustig formalisties, strukturalisties, poststrukturalisties, resepsie-esteties of "Cartesiaans-Derridaans" kan vermaak nie (Coetzee, 1986:3). In teenstelling tot al hierdie benaderingswyses gaan Coetzee dan voort om 'n Althusseriaans-Marxistiese siening te verwoord en die verhaal daarvolgens te ontleed.

Ideologie word in hierdie referaat/artikel in Althusser (1977:152) se terme omskryf, naamlik as die voorstelling van die verbeelde verhouding van die individu tot sy werklike bestaansomstandighede. Hieruit volg dan dat prosatekste, wat juis bestaan uit voorstellings van die wyse waarop die mens sy verhouding tot sy milieu bepaal, dikwels subtiele ideologiese strukture is ('n uitspraak waarmee ek my vereenselwig). Sentrale Marxistiese begrippe soos produksiewyse, klas, kontradiksies, hegemonie, materialisering, en natuurlik ideologie word ingespan in 'n soort ontleding wat in 1984 waarskynlik nog vreemd op die oor van establishment-literatoure geval het.¹¹ Twee tipes ideologie word onderskei, naamlik estetiese ideologie (d.i. die ideologiese kondisionering wat bepaal wanneer 'n teks 'Letterkunde' is en sodoende die produksie en die lees daarvan beïnvloed) en *outeursideologie* (die outeur se verhouding tot die dominante ideologie waarin hy bestaan). Volgens Coetzee (1986:5) kan die 'outeur se ideologie' verskeie moontlikhede inhou: hy kan die dominante ideologie stilswyend ondersteun (moontlik is hy nie eers daarvan bewus nie); hy kan in konflik daarmee wees; of hy kan krities wees ten opsigte van sekere aspekte daarvan. Na sy mening, en ek is geneig om met hom saam te stem, lê die groot teenstelling van die Wit *petite bourgeois* Afrikaanse skrywer in die volgende: "die meeste van hulle hou nie eintlik van apartheid nie, maar hulle is bereid om die oorkoepelende ideologie wat apartheid in stand hou, en wat in 'n

11 Op dieselfde kongres lewer George Weideman 'n referaat oor "Literatuur en ideologie" en Hilda Grobler een oor "Ideologie, sensuur en letterkunde", maar hulle druk hulle gedagtes hieroor nie in sulke uitgesproke Marxistiese terme soos Coetzee uit nie.

groot mate juis deur apartheid in stand gehou word, te aanvaar en daarbinne te gedy. En dié kontradiksie openbaar hulle meer en meer in die literêre produksie" (Coetzee, 1986:5). Of dit wel die geval is en hoe dit geskied indien wel, is een van die aspekte wat in die teksontledings van my studie ondersoek sal word.

Hoewel Coetzee in hierdie artikel reeds verwys na *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde* (Coetzee, 1984 - uitgegee deur Kampen-Uitgewers, Bellville) het hierdie publikasie blykbaar dieselfde "uitgewersprobleme" te beurt geval as dié van Gerwel waarna hierbo verwys is en is dit, klaarblyklik in aangepaste vorm¹², opnuut gepubliseer in 1988. Ter inleiding word daar aangekondig dat hierdie boek 'n 'alternatiewe benadering' tot die Afrikaanse letterkunde wil beproef: "'n Marxistiese benadering vanuit 'n siening dat 'n letterkunde gedetermineer is deur dieselfde magte wat ook die aard van die maatskappy bepaal" (Coetzee, 1988a:vii). Coetzee stel dit ook onomwonde dat die Afrikaanse romanskrywer se wêreld histories en materialisties gedetermineer is, en dat die gedetermineerde teks waarin sy karakters hulle eie heil moes uitwerk meer as enigiets anders die onstuitbare verloop van die geskiedenis van die Afrikaner tot kapitalisme gewys het (Coetzee, 1988a:vii). In die bespreking van tekste - wat werke insluit deur Jochem van Bruggen, Holmer Johanssen, Karel Schoeman en Wilma Stockenström - toon Coetzee op ideologiekritiese wyse aan hoe die Afrikaanse literêre teks oor dekades heen deel gevorm het van 'n bepaalde bewuswordingsproses wat ideologiese kondisionering, of die verset daarteen, in die hand gewerk het.

In die eerste gedeelte van sy teoretisering vooraf vind Coetzee veral aansluiting by uitsprake van Marx self, sowel as Althusser (definisie van ideologie, die interpellasie van die subjek, ens.), Macherey (die stiltes van die teks), Jameson en Eagleton. Wat die oorsprong van Coetzee se siening betref, kan daar dus kwalik enige twyfel wees. Ter weerlegging van die beskuldiging oor sogenaamde voorskriftelikheid en reduksionisme wat die Marxistiese benadering dikwels voor die deur gelê word, haal ek die volgende paragraaf volledig aan met die doel om aan te toon dat dit, ten minste in teorie, nie die bedoeling van ideologiekritici is om bloudrukke vir die skryf of lees van literêre tekste daar te stel nie:

"Die Afrikaanse letterkunde sou mens in sy geheel kon lees as 'n politieke diskoers.

12 Later tekste, veral m.b.t. dekonstruksie is bygewerk.

Dit wil hoegenaamd nie sê dat elke teks in dié letterkunde politiek praat nie, of 'n politieke situasie 'weerspieël' nie; slegs dat die hoof literêre strominge en die mees invloedryke werke direk of indirek deur politieke, sosiale en ekonomiese verhoudinge gedetermineer is." (Coetzee, 1988a:1)

Voortspruitend uit sy siening dat ideologiekritiek veral **dialektiese kritiek** moet wees, maak Coetzee (1988a:6) die volgende stelling, waarmee ek my grotendeels kan vereenselwig: "Wanneer die literêre kritiek 'n dialektiese strategie word, en dialogies staan ten opsigte van ideologie, klas en geskiedenis, dan is dit nie meer primêr epistemologies nie, maar eerder eties, besorg oor die verhouding van tekste tot die bestemming van die mens; dan is dit anti-idealities, materialities en daarom kontra-ideologies." Juis hierdie gesindheid van besorgdheid oor die wyse waarop die literatuur verband hou met die bestemming en welsyn van mense, behoort na my mening by die Christen-literator (en Christen-akademics oor die algemeen) teenwoordig te wees. Coetzee (1988a:6) se siening dat die kritiese proses dan nie blote interpretasie moet wees nie, maar eerder 'n poging om die ideologiese verwringing in die gemeenskap bloot te lê, klink (helaas!) nie vir my oordrewe wanneer dit gesien word binne die konteks van Suid-Afrika met sy skreiende klasse-(oftewel rasse-) kontradiksies nie. Juis omdat dialektiese denke die sleutel vorm tot historiese ontwaking en bewuswording, kan Marxistiese ideologiekritiek in die Afrikaanse literêre opset 'n voortgaande diskoers (wat ontstaan vanuit die relasie leser, teks, geskiedenis en maatskappy) op gang bring.

In die inleiding van *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde* dui Coetzee byvoorbeeld aan dat hy Stockenström se *Die kremetartekspedisie* gaan lees as 'n verset teen klas, akkumulاسie en eksplوitasie; omdat die teks hom daartoe leen, sal die bespreking daarvan 'n poging wees om Marxisme en dekonstruksie te verenig, "as deel van 'n voortgesette poging om literêr-kritiese alternatiewe tot die Formalisme en Strukturalisme te vind" (Coetzee, 1988a:viii). Daar word in die teoretiese gedeelte van die publikasie reeds aangedui hoe Jacques Derrida se hantering van dekonstruksie as "'n grondige linguistiese nihilisme" (Coetzee, 1988a:9) verskeie raakpunte toon met Marxisme, onder meer: die bewustheid van **relasionisme**, die besef van **determinisme**, van die teks as 'n wêreld wat uitreik na **verandering** - maar veral die gedagte dat daar **geen absolute konsepte** moontlik is nie, omdat alles

gedekonstrueer kan word.¹³

In 'n volgende hoofstuk, oor "Die stilte van die teks", word daar 'n byderwetse "eksplikasie" (verkieslik bo interpretasie - vgl. Coetzee, 1988a:18) gebied van dieselfde verhaal van John Miles wat in die ALV-referaat (Coetzee, 1986) bespreek is. Coetzee (1988a:16) stel dit hier onomwonde dat die **relasionaliteit** van die literêre teks vir hom van veel groter belang is as enige vorm van vereenvoudigende norm-kritiek. Volgens hom is die belangrikste verhoudings wat ter sprake kom, dié tussen teks en geskiedenis en teks en leser, sodat literêre kritiek in die eerste plek die dialektiek wat die historisme van die teks in ag neem, behoort te beoefen. Ter illustrasie van die verskrikking wat daar in die geskiedenis van die mens en sy kultuur opgesluit lê, haal Coetzee hier inderdaad die nou reeds oorbekende Benjamin-uitspraak aan, eindigende met die (steeds) onthutsende gevolgtrekking: "There has never been a document of culture which was not at one and the same time a document of barbarism." Omdat die teks uiteraard daarna sal streef om hierdie feit so goed moontlik te verberg of ontken, word 'n soeke na die 'stiltes van die teks' die kritikus se opgaaf; dit waaroor die teks swyg, is volgens Coetzee die proses van die teks se produksie, oftewel daardie aspek van die teks wat Eagleton (1976:43) soos volg omskryf: "...those conditions of its making (inscribed in its very letter) about which it is necessarily silent." Om hierdie (myns insiens belangrike) taak te kan aanpak, is 'n politieke bewustheid by die literêre kritikus essensieel, aldus Coetzee (1988a:19).

Nog 'n voorbeeld van so 'n poging om iets agter te kom van die omstandighede van die produksie van 'n literêre teks, vind ons in die referaat wat deur Coetzee (1988b:115-118) gelewer is op die 1986-Hoofkongres van die ALV. Wilma Stockenström se gedig "Die eland" word hier bekyk as **transposisie**¹⁴: "Die transposisie is die interpretasie, en dáár wil ek die werking van die ideologie lees, van die literêre teks as onbewuste, onbedoelde agent vir die reproduksie van ideologie" (Coetzee, 1988b:115). Juis omdat die proses onbewus en onbedoel is, word die soeke na die stiltes van die teks weer aan die orde gestel. Wanneer hy die

13 In die bespreking van die verhouding tussen die Marxisme, postmodernisme en dekonstruksie (vgl. 3.2.4) word hierdie sake nader toegelig.

14 Julia Kristeva se siening van mimesis, oftewel die oorgang van een tekenstelsel tot 'n ander, wat sy dan 'n 'transposisie' noem (of 'n **inter-tekstualiteit**) is hier ter sprake.

taak van die literêre kritiek omlyn, doen Coetzee (1988b:115,116) dit weer eens in terme van Macherey se opvatting: "Om 'n teks te ken is *nie* om daarna te luister en 'n alreeds bestaande diskoers te vertaal nie; dit is om 'n nuwe diskoers voort te bring wat die teks se stiltes laat praat - veral as daardie stiltes verband hou met ideologiese kontradiksies in die teks." Ter illustrasie van wat hy hiermee bedoel, word 'n vorige ontleding (deur T.T. Cloete in Cloete *et al.*, 1985:177-191) van die betrokke gedig teen die agtergrond van bogenoemde siening 'ontleed' en word die gedig self binne die konteks van die relevante produksiewyse in die gemeenskap geplaas.¹⁵

Hoewel ek dit met die meeste literature eens is wat daarop aandring dat daar ook ander maniere is om na die literêre teks te kyk (Coetzee self erken dit), oortuig die wyse waarop Coetzee tekste binne hulle sosio-politieke kontekste "reproduseer" (soos hy dit noem) in die publikasies waarna ek hierbo verwys het, my van sy siening dat die dialektiese manier van lees die Afrikaanse teks nóg nader bring aan die Suid-Afrikaanse werklikheid (vgl. Coetzee, 1988a:21). Na my mening riep hierdie verskeurde werklikheid juis om die betrokkenheid en solidariteit van almal wat in hierdie tye nog bereid is om hulle met die literêre teks as kommunikatiewe poging te bemoei.

Die derde UWK-dosent wat hom aansluit by Gerwel en Coetzee se literatuurbenadering is **Hein Willemse**. In 'n artikel oor "Poësie se nie-hegemoniese vorm" (1985a - oorgeneem uit *Stet*, 2(4), 1984) spel hy sy posisie reeds by wyse van 'n motto uit in die woorde van Ngugi wa Thiong'o: "Every writer is a writer in politics. The only question is whose politics." Met hegemoniese poësie bedoel hy hier daardie poësie of letterkunde wat bemiddel verbonde is aan die heersende orde, terwyl die nie-hegemoniese letterkunde in stryd is met die betrokke orde. Die uitgangspunt is hier dat elke literêre artefak op een of ander wyse verslag lewer van die ideologiese strominge van sy tyd (Willemse, 1985a:227). Die begrip hegemonie is ontleen aan Antonio Gramsci (sy definisie hiervan is hierbo aangehaal in 2.1.4) en slaan volgens Willemse (1985a:227-228) onder meer op die "intellektuele en morele

15 Die gevolgtrekking waartoe hy kom, is dat die gedig in sy transposisie gelees kan word as 'n elitistiese Westerse, bourgeois appropriasie en idealisering van die gedwonge materialistiese handeling (die doodmaak van die eland deur die San) wat normaal was binne 'n pre-klas, pre-kapitalistiese maatskappy (Coetzee, 1988b:117).

oorwig" van die heersende orde in 'n samelewing, die wyse waarop die waardes van daardie orde versprei word en hoe die individu gesosialiseer word om die heerserslegitimiteit te aanvaar.

As digter in Afrikaans kan Willemse nie nalaat om die ambivalensie in sy verhouding tot die Afrikaanse letterkunde te verduidelik nie: hoewel die Afrikaanse taal duidelik nie slegs die taal van die Afrikaner is nie (maar ook van mense wat tans gewikkel is in 'n stryd teen armoede en dominasie), kan dieselfde nie van die Afrikaanse letterkunde gesê word nie. Volgens Willemse (1985a:228) is die Afrikaanse letterkunde "feitlik die uitsluitlike pennemonument van Afrikaner-skrywers van meer as 'n eeu" en het dit belangwekkende bydraes gemaak tot apartheid en neo-apartheid. Die hegte verbondenheid en wisselwerking tussen die Afrikaner-skrywer en die Afrikaner, tussen intellektueel en volk, noop Willemse (1985a:229) om die volgende te vra: "Ek skryf in Afrikaans. Ek stry in Afrikaans. Maar het ek deel aan die Afrikaanse letterkunde?" Omdat die letterkunde van 'gekleurdes'¹⁶ geskep word deur mense in (sosiale, ekonomiese en politieke) stryd, meen Willemse dat die gemeenskaplike skeer van die kam nie verduur kan word nie. In hierdie verband haal hy vir Jameson (1981:87) aan waar hy beweer dat die proses van universalisering van kultuur die verdringing van die opposisionele stem impliseer. Om hierdie proses in die Afrikaanse letterkunde teen te werk, moet die skisofreniese aard van skryf erken word¹⁷ en moet die letterkunde se verbondenheid aan sy materiële omstandighede (die mark, afsetgebiede, uitgewers) erken word. Vir die nie-hegemoniese skrywer is die totale produksieproses van belang en daarom moet alternatiewe produksiekanale (van vakuniebyeenkomste tot kroeë) ingespan word. Eagleton se oproep tot die bevordering van 'werkersklas-skryfwerk' (vgl. 2.3.2 hierbo) kom by my op wanneer ek Willemse (1985a:230) se evokasie van die nie-hegemoniese poësie lees: "Ek sien dit in aktiewe stryd as die vestiging van 'n alternatiewe literêre tradisie."

16 Willemse gebruik nie dié term nie - ek gebruik dit in ooreenstemming met Gerwel (1988:19) se standpunt hieroor.

17 Willemse haal hier vir Pablo Neruda aan: "I must, from time to time, be a poet of public use ...".

3.2.3 Ander prominente Marxistiese literature

Een van die Marxistiese literature wat die afgelope vyf jaar reeds besonder aktief is op die gebied van ideologiekritiek sowel as die politieke praktyk, is **Wilhelm Liebenberg**, 'n dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand.¹⁸ Op die 1986-Hoofkongres van die ALV beantwoord hy die vraag "Waarom ideologiekritiek?" deur uit die staanspoor (onder meer) daarop te wys dat so 'n vraag eintlik oorbodig is, gesien teen die volgende agtergrond: "Ons leef in 'n land waarin die konflik tussen strydige ideologieë hom al hoe duideliker en al hoe gewelddadiger manifesteer. Ook by die resepsie van letterkunde is daar geen twyfel dat ideologie 'n faktor is nie. 'n Mens hoef maar net dieselfde gedig met groepe Afrikaanse, Engelse en swart studente te lees om te beseef hoe uiteenlopend dieselfde versreëls geïnterpreteer kan word" (Liebenberg, 1988:107). Op grond hiervan spreek hy hom vervolgens sterk uit teen F.I.J. van Rensburg se siening van die "primaat" van die teks, soos uiteengesit op 'n dagseminaar van die ALV op 9 November 1985.

Volgens Liebenberg kom dit neer op 'n verskraling van die kommunikasiesituasie indien die teks beskou word as die "sentrum of spil" waarom alles draai, terwyl die sosiale dimensie buite beskouing gelaat word. Hy dui ook aan dat resente literatuurwetenskaplike rigtings die afgelope drie dekades en meer reeds besig was om die klem te verplaas, "wég van die teks na die relasies met ander tekste en tekens waarvan sy spesifieke literêre betekenis afhanklik is" (Liebenberg, 1988:108). Dit lyk dus vir hom van die allergrootste belang dat veral die tydgenootlike literatuur, waarvan die sosio-politieke en kulturele verwysingsraamwerk so maklik as vanselfsprekend aanvaar word, binne hierdie relasies bestudeer sal word. Daar word in hierdie verband dan 'n onderskeid getref tussen die blote **begryp** van 'n teks, naamlik as 'n mens sien hoe dit inmeekaarsit en hoe die onderdele daarvan saam 'n geheel vorm, en die **verstaan** daarvan, dit wil sê wanneer 'n mens insien hoedat dit self as onderdeel inpas by 'n groter geheel.¹⁹ 'n Mens begryp 'n teks deur die *intratekstuele* relasies (woorde, sinne, beelde, motiewe, tyd, ruimte, ens.) te snap, maar ten einde te verstaan, moet die teks geplaas word binne 'n oeuvre, 'n skool, 'n

18 Volgens Coenie Slabber (1989:24) word daar 'n onderskeid getref tussen Liebenberg e.a. as die noordelike literêre Marxistie - Brink se 'Stalinistiese klein mafia' - en die "vryer en suiwerder" suidelike UWK-Marxiste, wat hierbo (3.2.2) bespreek is.

19 Hy verwys hier na Lucien Goldmann se onderskeid tussen "comprehend" en "understand".

genre of 'n era - in terme van sy *intertekstuele* relasies met ander tekste (vgl. Liebenberg, 1988:108). Al die onderskeibare aspekte is nie in die praktyk streng skeikbaar nie en elkeen het 'n bydrae te maak tot die geheelbeeld van die teks; wat Liebenberg egter wel hier wil beklemtoon, is dat die lees en skryf van literêre tekste 'n **sosiale gegewe** is, en dat nie net die relasies met ander literêre tekste ter sprake is nie, maar ook die sosiaal-historiese interteks, waarvan die verhouding tussen literatuur en maatskappy noodwendig deel uitmaak.

Wanneer Liebenberg (1988:109) hom in hierdie referaat toespits op ideologiekritiek as sodanig, skaar hy hom uit die staanspoor by Althusser se definiering van ideologie in terme van sosiale strukture: "ideologie (is) naamlik die gewoontes, gebruike, tradisies, taboes, instellings en institusies waarvolgens menslike verhoudings onderling gereël word". Hieraan voeg hy toe dat alle betekenis ideologies is aangesien die gebruik van tekens²⁰ deur die gemeenskap se kommunikasiebehoeftes bepaal word. Betekenis is dus nie net 'n funksie van die sosiale struktuur nie, maar vorm self deel van die strukturering van die maatskappy deurdat kommunikasie die middel is waardeur arbeid en maatskaplike verhoudings georganiseer word (Liebenberg, 1988:110). Die wyses waarop die dominante ideologie in 'n klassegemeenskap homself handhaaf, word vervolgens aangedui: die gebruike en gewoontes van die dominante groep word voorgehou as die norme wat vir alle groepe en vir alle tye geld. In die lig hiervan word die doelwit van die ideologiekritiek ten opsigte van die letterkunde as die volgende aangedui: die aannames waarop kommunikasie gebaseer is, die verwysingsraamwerk in terme waarvan 'n teks sinvol gevind word, daardie dinge wat as vanselfsprekend veronderstel word, word ter diskussie gestel. By die begryp van die teks moet dus ook die verstaan daarvan nagestreef word - die literêre en sosiale konteks moet in berekening gebring word. Hoewel daar sekerlik dinge is wat alle mense deur die eeue saambind, moet dit wat as universeel voorgehou word, maar in werklikheid groepsgebonde waardes is, ontmasker word. Dit geid dan vir literêre tekste sowel as die tekste van kritici.

In 'n referaat getiteld: "Wat is 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde?" (SAVAL-mini-konferensie, April 1989) sluit Liebenberg (1989a:292-307) aan by wat hy reeds voorheen gesê het oor hierdie benadering en voer hy die argumente ook

20 Saussure se uitwys van die arbitrêre aard van die taaltekens dien hier as vertekpunt.

verder. Om herhaling te voorkom, verwys ek vervolgens slegs na enkele gedagtes uit hierdie referaat wat verband hou met dit wat ek met hierdie ondersoek beoog. Die belangrikste gedagte wat Liebenberg (1989a:299) hier uitspreek, en waarvan ek ook reeds melding gemaak het (vgl. o.a. hfst.1), is die (pragmatiese) gedagte dat die konteks waarin die spesifieke kommunikasie (bv. die literêre teks) plaasvind, betrek moet word by die ondersoek. Wat die Marxistiese benadering van ander benaderings onderskei wat ideologiekritiek as instrument aanwend, is die spesifieke (materialistiese en dialektiese) insig in die maatskappy wat dit probeer bied, sodat die letterkunde beskou word as proses binne 'n veranderende opset, wat slegs verstaan kan word as deel van 'n groter geheel, en nie in isolasie nie (Liebenberg, 1989a:298). Hiermee vereenselwig ek my grootliks in die pragmatiese, ideologiekritiese sieninge waarna ek in my studie streef.

Juis vanweë die "veranderende opset" in Suid-Afrika, meen Liebenberg (1989a:302), is 'n dialektiese benadering tot die letterkunde gepas, aangesien dit daarna streef om tred te hou met die ontwikkeling van die samelewing as 'n geheel, en al die faktore in berekening probeer bring wat mense se omstandighede bepaal. Indien 'n Marxistiese benadering aanspraak sou maak op "ewige geldigheid en absolute waarheid", sou dit in stryd wees met die dialektiese grondslag waarop dit berus (Liebenberg, 1989a:302). Oor die dialektiek praat Liebenberg (1989a:295) in terme waaruit die verwantskap met postmodernistiese sieninge duidelik blyk: "Die dialektiek werk immers nie met 'n logika waarvolgens positief en negatief mekaar uitsluit nie; dit sien dit as deel van 'n geheel - 'n geheel wat verander juis vanweë die eenheid en stryd van teengesteldes daarinne, en omdat die nuwe reeds binne die oue aanwesig is." Vir die literêre ondersoek hou dit byvoorbeeld in dat 'n 'bourgeois werk' (wat die roman in wese is - MAR) nie summier verwerp sal word nie, maar dat die negatiewe aspekte daarvan gekritiseer sal word, terwyl daar op die positiewe voortgebou word (Liebenberg, 1989a:296). Volgens hom moet 'n Marxistiese benadering homself eweneens voortdurend aan selfkritiek onderwerp, in 'n poging om die positiewe in homself uit te bou en tegelykertyd ook ontslae te raak van die negatiewe erfenis wat hy met hom saamdra.

Die terme 'positief' en 'negatief' waarna pas verwys is, word elders deur Liebenberg (1989d:6) vervang deur die begrippe **progressief** en **konserwatief**, wat ek ook in die teksontledings wil implementeer. Hiervolgens is 'n konserwatiewe teks daarop ingestel om die ou bestel vol teenstrydighede te handhaaf, terwyl 'n progressiewe

letterkunde²¹ na sy mening op drie wyses kan bydra tot die stryd:

- (1) Dit kan 'n mens daarvan bewus maak dat daar iets fout is met ons samelewing en die simptome van apartheid uitwys.
- (2) Literatuur kan verder ook 'n siening bied van waarom die gemeenskap op 'n bepaalde wyse inmeekaarsit, en die besef tuisbring dat dinge anders kan wees. "Literatuur kan 'n visie van 'n alternatiewe lewe bied en uitdrukking gee aan wat dit beteken om die volheid van menswees te ervaar" (Liebenberg, 1989d:6).
- (3) Dit is selfs moontlik dat literatuur 'n mens daarvan bewus kan maak dat jy iets omtrent die situasie kan doen. Die praktiese implikasie van die Marxisme sluit aan by hierdie laaste punt, naamlik aktiewe betrokkenheid by verandering in die maatskappy.

In antwoord op 'n vraag van Marlene van Niekerk oor wat hy beskou as die ideale verband tussen die Suid-Afrikaanse literatuur en die bevrydingstryd in hierdie spesifieke tydsgewrig, stel Liebenberg (1989d:5) dit in die eerste plek duidelik dat hy nie enige "program" aan enigiemand wil opdwing nie (iets waarvan Marxistiese ideologiekritici dikwels beskuldig word). Vir hom berus bogenoemde 'ideale verband' op sy siening van **verandering**, dit wil sê die oortuiging dat daar uit die ou bestel iets nuuts kan voortkom; die ideale verhouding is dus dié een waarin letterkunde die progressiewe elemente in die samelewing help uitbou en die konserwatiewe faktore ontmasker. Hieraan voeg Liebenberg (1989d:6) egter dadelik toe dat die lewensbeskouing waarmee 'n werk vorendag kom altyd vir hom waardevol is vanweë die insig wat dit bied, en ook dat 'n werk nie noodwendig vir hom slegte kuns is as die verhouding tot die bevrydingstryd nie "ideaal" is nie. Hy stel egter voor dat 'n progressiewe skrywer se ervaring van dinge nie net tot dié van 'n bevoorregte klas en die amptelike media beperk moet wees nie - deelname aan die "demokratiese prosesse binne die Breë Demokratiese Beweging waardeur algemene strategie tot politiek en kultuur vorm aanneem" (Liebenberg, 1989d:6), word as die ideaal voorgelê.²²

21 Vgl. voetnoot 4 in hfst.1 van hierdie studie: Liebenberg (1989d:6) dui aan dat elke literêre werk progressiewe sowel as konserwatiewe elemente sal bevat.

22 Liebenberg self voeg hier die daad by die woord - weens sy betrokkenheid by o.a. die *End Conscription Campaign* was hy gedurende 1989 'n tyd lank in aanhouding (sonder verhoor).

In ooreenstemming met wat voorheen in hierdie studie gesê is van Marxistiese kritici soos Eagleton en Jameson, bepleit Liebenberg (1989a:295) 'n "breër opvatting" van 'n Marxistiese literatuurbeskouing as dat dit bloot teenoor al die ander bekende benaderings gestel word. Marxisme is byvoorbeeld in verskeie ander benaderings opgeneem en kan eweseer ander inkorporeer. Die volgende aanhaling illustreer wat hy hiermee bedoel: "Daar is heelwat wat kenmerkend is omtrent 'n Marxistiese literatuurbenadering wat nie vandag as Marxisties beskou word nie. Die gevaar bestaan dat 'n Marxistiese benadering geassosieer word met slegs dit wat dit nie met ander benaderings tot die letterkunde gemeen het nie - dat daar vergeet word dat dit 'n intertekstuele benadering is by uitstek, dat dit lank reeds dekonstrueer, dat dit nog altyd oor die bevryding van die vrou besorg was en aan die resepsie van tekste aandag gee" (Liebenberg, 1989a:293). Ten spyte van die ooreenkomste waarna Liebenberg hier verwys, is daar in Suid-Afrika die afgelope jaar of meer 'n heftige debat aan die gang tussen Marxistiese ideologiekritici en die beoefenaars en aanhangers van dekonstruksie (hieroor meer in 3.2.4).

Hoewel Mariaan de Jong haarself nie as 'n Marxis tipeer nie²³, het sy enkele bydraes gelewer en verskeie opmerkings gemaak wat by die ideologiekritiek aansluit op 'n wyse wat vir my ondersoek van belang is. In 'n referaat oor "Die diskoers as ideologiese eenheid" (gelewer op die ALV-hoofkongres 1986, gepubliseer in 1988) implementeer sy gedagtes van Michel Foucault, Jürgen Habermas, Jean-Francois Lyotard en Althusser om die "leuenagtigheid van diskoerse" te illustreer. Hierdie leuenagtigheid kom daarop neer dat 'n diskoers se aanspraak op **waarheid** 'n blote postulaat is wat geldigheid verkry solank die diskoers op so 'n manier gevoer word dat spreker en hoorder konsensus kan bereik oor die geldigheid van die stellings (De Jong, 1988:119). Naas hierdie **konsensusdiskoers** onderskei De Jong ook 'n ander tipe diskoers wat waarheidsaansprake maak, naamlik die **totalitêre diskoers**. In teenstelling met konsensusdiskoers, wat sy eie geïdeologiseerdheid aan die orde stel en 'n nuwe nie-ideologiese basis vir waarheidsformulering probeer vind, ontken die totalitêre diskoers sy eie ideologiese aard hoewel die waarheidsaansprake wat dit maak geheel en al daarop berus. Die derde soort diskursiwiteit wat aan die orde

23 By geleentheid spel De Jong (1989c:40) haar posisie soos volg uit, in antwoord op 'n aanmerking van Senekal: "Eerstens is ek nie 'n Marxis nie. Die Afrikaans-dosente by Wes-Kaap sal die fout aan Jan Senekal kan verduidelik - meer oortuigend as ek. Tweedens het ek myself nog nooit self verklaar tot ideologiekritikus nie."

gestel word, en waaraan De Jong self klaarblyklik voorrang verleen, is die **libidinale diskoers**.

Habermas se poging om diskursiwiteit in terme van die argeologiese basis (d.i. die spreker en sy leefwêreld) te definieer, word volgens De Jong eers konsekwent deurgevoer deur Lyotard, wat die subjek uit die diskoers haal en "ek sê" (die enigste ding wat met waarheid gesê kan word) maak tot 'n funksie van die libido: "spontane aanvaarding, verwerping of andersoortige reaksie op diskursiewe 'verhale' vervang waarheid as argument en waarheid as dit waaroor kommunikasie op grond van bespreekbare en kritiseerbare waardestelsels kan plaasvind" (De Jong, 1988:120). As psigiese bevryding is die libidinale diskoers pure ideologie, en beweer dit dat "ek praat" die enigste ware stelling kan wees. Die implikasie hiervan is dat hier sprake is van 'n diskoersvorm wat skaamteloos 'n subjektiewe beginsel as basis van oordeel en handeling invoer; die neutraliserende wetenskaplike oordeel word verwerp of glad nie eens herken nie. De Jong meen dat so 'n libidinale diskoers tans voorhande is in Suid-Afrika as die praat van radikale dade ('n posisie verby humanistiese selfrefleksie dus), sowel as die aandrang op sogenaamde radikale, rewolusionêre politieke beginsels, en op politieke etiek ook as literêre beginsel (De Jong, 1988:130). Aspekte van die literatuur wat vir die literêr-wetenskaplike diskoers buitetekstueel is, is vir die libidinale diskoers as **dissent**²⁴ die teenoorgestelde; terwyl literêre vryheid en 'waarde' vir eersgenoemde diskoers vanselfsprekend is, is politieke beginsels vir die ander die outomatiese beginsel. Die literatuur is vir laasgenoemde vanselfsprekend politiek.

Die groot probleem van die konsensusdiskoers (die gewilde "oop gesprek" is 'n vorm hiervan) is onder meer die feit dat dit hoofsaaklik berus op die volgende teenstrydigheid: "alle menings is moontlik solank hulle in die raamwerk van 'n voorsienbare en bedoelde konsensus gestel word" (De Jong, 1988:121). Die waarborg vir konsensus binne 'n literêr-wetenskaplike vergadering sou dus wees dat die deelnemers as akademici en wetenskaplikes rasonele, objektiverende en selfkritiese ontledings as waarde deel (daar word dus nie na iemand se politiek gevra nie, slegs na sy metode). De Jong wys hier ook op Habermas se verduideliking

24 Dissent word hier in Lyotard se terme beskryf as die weiering van die beginsel agter die beginsel; 'n bewuste breuk met die gangbare siening; die weiering van resepsie, of die bewuste interpretasie in terme van 'n subjektiewe eie beginsel.

aangaande rasionele diskursiewe versamelings wat rondom die waarborg van en strewe na konsensus opgebou is. Sulke versamelings heg uiteraard aan 'vrye, wetenskaplike meningsuiting' die volgende betekenis: bevoorregting en politieke ongevaarlik, maatskaplik irrelevante 'neutraliteit'. So 'n diskoers staan gevolglik los van sy eie argeologiese bodem, bly onbewus van die faktore wat hom dra en moontlik maak, en neem as vanselfsprekend aan dat die sosiale, ekonomiese, politieke en ander stelsels wat hom legitimeer onveranderd bly (De Jong, 1988:122). In die Suid-Afrikaanse bestel is handhawing en selfbehoud, byvoorbeeld, sodanig deel van die diskoers (soos trouens in elke ander rasionele diskoers) dat dit nie gekritiseer hoef te word nie, aldus De Jong.

Die definisie van ideologie wat deur De Jong (1988:122-123) voorgehou word, geïd veral vir die totalitêre en konsensusdiskoers: Ideologie is naamlik daardie moment van diskursiewe aktiwiteit waarin die spreker as vrye subjek (probeer?) praat of die diskoers gebruik om, al is dit tydelik, homself as vrye subjek te postuleer - as akademikus, politikus, predikant of in enige ander vorm van diskursiewe handeling wat 'n illusie van outonomie vir sy gevolgtrekking benodig. Vir die doeleindes van hierdie tipes diskoers word 'n subjek benodig wat as sentrum van selfbeheer en selfskepping kan optree; sy 'self' as bundel motiewe, verpligtinge, frustrasies, ideale ensameer is nie in die diskoers ter sprake nie. Die subjek word die kode van onafhanklike denke sowel as 'n sentrum van oordeel en opinies (Althusser se siening van die interpellasie van die subjek is hier van toepassing); dit alles geskied na my mening met die (verskuilde) doel dat waarheidsaansprake, wat in der waarheid magsaansprake is²⁵, met groter effektiwiteit gemaak kan word.

De Jong raak in hierdie bespreking een van die diepliggendste probleme van die verskeurde Suid-Afrikaanse samelewing aan, naamlik die feit dat die opponerende diskoerse ingrypend en wesenlik van mekaar verskil, en dat die 'oop gesprek' (en onderhandelinge?) nie hier suksesvol kan verloop nie aangesien konsensus net gedefinieer kan word in terme van gemeenskaplike waardes wat maatskaplik en politieke gewaarborg is (essensiële waardes soos vryheid, gelyke geleenthede en

25 De Jong (1988:125) verduidelik aan die hand van Foucault se 'diskoers-analitiese argeologie' dat nie 'n subjek nie, maar brokstukke geproduseerde 'waarheid' in diskoerse aan die woord is en as die semiotiek van diskoerse bepaal wat gesê kan word. Hieruit kan afgelei word dat alle waarheidsaansprake wesenlik magsaansprake is.

menswaardigheid geld inderdaad steeds nie vir almal in SA nie). Habermas se ideaal vir 'n rasioneel-demokratiese gemeenskap, naamlik dat alle diskoerse daarvan uitgaan dat die gespreksgenoot die reg het om van jou te verskil, is volgens De Jong so aantreklik as formule vir die omgang van wetenskaplikes (soos literatore) omdat dit 'n gesprek ontwerp waarin al die basiese veronderstellings van wetenskaplike status en die *status quo* in die Suid-Afrikaanse bestel onaangetas bly. De Jong (1988:126) som hierdie situasie soos volg op:

"Die wetenskaplike gesprek oor die Afrikaanse literatuur word daarom eenvoudig gekonfronteer met die politieke feit dat sy moontlike gespreksgenote vrye meningsuiting as blanke reg en mag tot die diskwalifikasie van swart opinie sien, met die gevolg dat hulle 'akademiese vryheid' lees teen die agtergrond van inperking, gevangenisstraf, honger, brute geweld, armoede en skoolfisika uit (letterlik) 'n verroeste konfytblik, ongeag watter streng logiese argumente die wetenskap mag aanvoer."

Hierdie probleem laat hom ook geld ten opsigte van die kritiese oordele wat uitgespreek word oor literatuur wat nie die bekende estetiese aansprake maak nie (bv. versetliteratuur soos die sogenaamde "swart Afrikaanse skryfwerk"). De Jong (1988:129) wys in hierdie verband daarop dat daar onder Afrikaanse literatore steeds uitermate hoë verwagtings ten opsigte van funksionaliteit gestel word aan "die verlate obsene woord in die teks"! Van die beskrywing van skryf as politieke, ideologiese en libidinale handeling kom daar na haar mening te weinig tereg, veral betreffende die "minifase van skryf oor geweld" van die tagtigerjare. Hierteenoor is dit steeds waar dat die literatuur eerder dien as 'n - illusionêre - anker vir die selfkritiese en verontruste individu. Die gevestigde Afrikaanse literêre diskoers beskik oor genoegsame vergeetmeganismes om die weglating te verseker van daardie vrae wat in die huidige konteks die mees vanselfsprekende is. Een so 'n vraag is: Op watter wyse het die literatuur sedert sewentig die kode - en ontkrating - van rewolusie en realiteite geword? Die Afrikaanse literêre-wetenskaplike diskoers ontwerp ook konstant neutraliserende meganismes (soos die term 'betrokkenheid' en die romantiserende aanroeping van 'Afrika') wat politiek in die Afrikaanse literatuur 'n skadelose simboliese funksie gee.²⁶ Vir De Jong (1988:131) lyk dit, in

26 Hierdie mening sluit aan by Jameson (1981) se siening van die literatuur as denkbeeldige oplossing vir reële teenstrydighede in die samelewing (vgl. 2.3.4).

1986 altans, nie asof die rassekwessie en geweld literatoure gedwing het om hul apparatuur te verander nie.

De Jong wys ten slotte daarop dat "'n ideologie van subjektiwiteit as outonomie" (De Jong, 1988:131) ten grondslag lê van die vlot akademiese gesprek oor die letterkunde wat 'n diskrepans vertoon met die onhanteerbare, skrikwekkende politieke werklikheid. Die spontane, onbeskaamd subjektiewe en ideologiese, polities libidinale kritiek bied vir haar op hierdie dilemma 'n alternatiewe uitweg: dit vra naamlik nie na die strukturele verwikkeldheid en fiksionele organisasie van die literêre teks nie, maar haak in op alles wat verset, vryheid en onvryheid uit die teks uitsluit bloot deur dit te verwerk tot metafoor van skryf as vryheid, van geweld as simbool en van politieke werklikheid as ontstellende mite (De Jong, 1988:131). In teenstelling hiermee soek die polities libidinale kritiek eerder na die praktiese bewys van politieke realiteite, byvoorbeeld in breuke in die skryfproses self, of punte waar die teks van homself sê dat hy nie meer kan verwerk nie. Vir my lyk hierdie benadering tot diskursiwiteit eerliker en wensliker binne die totale Suid-Afrikaanse literêre konteks as 'n totalitêre of selfs 'n (oënskynlike) konsensusdiskoers soos hierbo aangedui.

Die motivering agter 'n ideologiekritiese benadering tot die literatuur word na my mening goed verwoord in die volgende uitspraak wat De Jong (1989c:40) elders oor haar eie pogings in hierdie verband maak: "Die ideologiekritiese artikels waarmee ek besig was, werk met die verband tussen maniere van Afrikaanse literatuur skryf en die sosiokulturele, ekonomiese en politiese werklikhede van Suid-Afrika. Dit probeer die dilemma beskryf van 'n skrywer wat hom in 'n bevoorregte posisie bevind waarom hy nie noodwendig gevra het nie. As hy krities daaróór wil skryf, ontmasker sy skryfwyse dat hy hom tog daarin bevind. Dit is myns insiens 'n Suid-Afrikaanse blanke tweespalt en as 'n oorsese ideologiekritiese beskrywing 'n mens verder help om dit te begryp, dan gebruik ek dit." In 'n brief waarin sy die *De Kat*-debat tussen Brink en Liebenberg analiseer, wonder De Jong (1989b:4) of die huidige debat nie in werklikheid gaan om 'n nuwe Afrikaanse literêre verskynsel nie, naamlik popularistiese anti-apartheid, en die markwaarde en koöpteerbaarheid daarvan. Sy wys daarop dat anti-apartheidskrywers nou die mees suksesvolle boeke in Afrikaans skryf en dat dit klaarblyklik moontlik is om in Afrikaans teen apartheid gekant te wees sonder dat iets aan jou diskoers en literêre praktyk hoef te verander. Die debat as sodanig word deur haar ontmasker as 'n "goeie ou burgerlike instelling"

(te vergelyk met Habermas se konsensus-diskoers waarna hierbo verwys is) wat deel vorm van die burgerlik-liberale erfenis waaraan veral blanke Afrikaanse debatteerders kwalik kan ontsnap; selfs al ontdek hulle dat die erfenis vals is en onreg in stand hou, bly hulle daarin opgesluit (soos in 'n kassie of "closet") omdat die *ontdekking self* ook (weer eens) berus op burgerlik-liberale selfkritiek en 'n tradisie van 'bevrydende kopwerk'. Wat wel vir De Jong (1989b:4) in hierdie benouende situasie bevrydend lyk, is die tekens van die einde van "Afrikaans", die einde van die "boek", van die "groot roman" - van al die dinge wat literatuur nog altyd met "die Afrikaanse kultuur" verbind het.²⁷

In 'n bespreking van die referate wat gelewer is op die tussenkongres van SAVAL oor Literatuur, Ideologie en Marxisme (April 1989) waarna hierbo reeds verwys is (vgl. verwysings na Liebenberg), vra De Jong (1989d:48) haarself onder meer af of die aktivistiese deelname wat Liebenberg vanuit Marxistiese kant bepleit deur 'n deelnemer soos Johan Degenaar gedekonstrueer sou kon word om die betekenis van "spontaneïteit" daarin by te kom. Hier lewer sy myns insiens 'n pleidooi vir libidinaliteit (soos hierbo aangedui) in die diskoers oor literatuur en ideologie. De Jong (1989:48) kom tot die volgende ontmoedigende slotsom nadat sy hierdie SAVAL-tussenkongres in oënskou geneem het: "Die klassieke Marx is dood. In die plek daarvan staan 'n lewende, Suid-Afrikaanse Marx. Dit is egter ook 'n Marx wat as formule vir akademiese deelname ingespan word. Selfs Marx kan nie die stimulasie gee wat onder blanke akademici 'n intellektuele, kulturele beweging op gang bring nie" (waar 'kulturele' staan vir 'n werklike nasionale kultuur in die omvattendste sin van die woord). Die mate waarin die hegemoniese groep die gevangene van sy eie ideologie is, word hierdeur onderstreep.

Op die tussenkongres waarna pas verwys is, het die dekonstruksie, as't ware verpersoonlik deur die filosoof Johan Degenaar²⁸, die Marxistiese ideologiekritiek (en Liebenberg in die besonder) ligweg oor die vingers getik deur te vra of hulle nie dalk te kenne gee dat hulle die meta-teks, die finale antwoord het nie en sodoende die slagoffer word van juis dit waarteenoor Marx krities is nie (vgl. Slabber,

27 Hier moet gelet word op die feit dat die begrippe doelbewus in aanhalingstekens geskryf is, waarmee De Jong aandui dat hier verwys word na die pejoratiewe gebruikswaarde van "Afrikaans", "die Afrikaanse kultuur" ens.

28 Slabber (1989:24) verwys na hom as "'n soort aartsvader van die postmodernisme in Suid-Afrika".

1989:24). Aangesien Degenaar, wat homself beskryf as iemand wat in dekonstruksie opereer, egter ook "beïndruk" is deur die Marxistiese benadering, pleit hy daarvoor dat Marxisme en dekonstruksie hulle afhanklikheid van mekaar sal erken. Die verbande wat daar in die Afrikaanse literatuurwetenskaplike diskoers bestaan tussen hierdie twee benaderings, word vervolgens ondersoek. Omdat die begrip 'postmodernisme' (naas dekonstruksie en Marxisme) telkens in hierdie gesprek gehoor word, is dit van belang dat die gebruikskader daarvan ook vervolgens kortliks bespreek word.

3.2.4 Postmodernisme, dekonstruksie en ideologiekritiek

Die debat oor die vermoë of onvermoë van die postmodernisme en dekonstruksie om 'n progressiewe bydrae te maak binne die sosio-kulturele en politieke konteks van Suid-Afrika, word gekenmerk deur 'n heterogeniteit van menings wat aan totale verwarring grens. Om dié uiters gesofistikeerde debat te probeer ontrafel of deurgrond, sou vir die doeleindes van hierdie studie 'n te omvattende ondersoek verg. In die enkele lyne wat ek in die hieropvolgende bespreking gaan trek, word slegs daardie debatspunte aangedui wat van toepassing is op die rigting waarin ek wil beweeg met my eie ondersoek na die progressiewe moontlikhede van elk van die drie benaderings vir die Afrikaanse literatuurstudie in die besonder.

Hoewel die terme **postmodernisme** (wat 'n kulturele verskynsel aandui) en **dekonstruksie** (die leesstrategie wat deur Derrida bekendgestel is) nie altyd duidelik onderskei word nie, hoofsaaklik omdat laasgenoemde soms ongekwalifiseerd as 'n manifestasie van eersgenoemde beskou word, wys Bert Olivier (1988) daarop dat Derridiaanse dekonstruksie en postmodernisme in belangrike opsigte van mekaar verskil. Ter illustrasie van wat Olivier hiermee bedoel, verwys ek slegs na die uiteenlopende sienings van Derrida en die postmodernisme rakende die sogenaamde krisis-teorie, dit wil sê die gedagte dat daar in die eietydse geskiedenis 'n krisis is waarop gereageer moet word (vgl. Olivier, 1988:293-295 vir verdere besonderhede hieroor). Terwyl hierdie krisis-gedagte vir die postmodernisme (soos ook vir die modernisme en filosowe soos Nietzsche, Heidegger en Foucault) dien as die rasionaal agter die posisies wat hulle inneem, word dit juis deur Derrida gedekonstrueer en ondermyn. So 'n krisis-teorie veronderstel naamlik 'n rasionele, lineêre konsepsie van die geskiedenis, wat deur Derridiaanse dekonstruksie ontken of ondermyn word.

'n Bespreking van postmodernisme waarin Liebenberg (1988b) die progressiewe en konserwatiewe aspekte van hierdie verskynsel teen mekaar opweeg, is vir my ondersoek van besondere belang. Hoewel die term postmodernisme vir verskillende teoretici dikwels uiteenlopende betekenisladings dra, is daar tog drie dominante temas wat Liebenberg onderskei en waarby ek wil aansluit, naamlik: (1) 'n suspisie jeens metanarratiewe, wat wesenlik 'n ontkenning is van die moonlikheid om enige orde aan die wêreld op te lê; (2) die fiksionalisering van die werklikheid, wat neerkom op 'n diepliggende skeptisisme oor die bestaan van enige vorm van 'werklikheid' as sodanig; en (3) 'n vereenselwiging met massakultuur. Sonder om verder op hierdie sake uit te brei, wil ek slegs verwys na die slotsom waartoe Liebenberg kom nadat hy elke tema geanaliseer het in terme van progressief/konserwatief.

Volgens hom kan die argumente vir 'n siening van postmodernisme as progressief soos volg opgesom word: dit bevry die mens van alle metanarratiewe - van Stalinisme, Nazisme, Christelike nasionalisme en liberale humanisme; dit is bevrydend vanweë 'n beklemtoning van die tekstuele aard van ons siening van die werklikheid en die geskiedenis; en dit manifesteer as 'n protes teen die instellings van 'hoë kultuur'. Hierteenoor opper Liebenberg (1988b:283) die volgende as besware wat op die teendeel dui, naamlik dat postmodernisme wesenlik konserwatief is: terwyl dit die mens van metanarratiewe bevry, ontnem dit jou ook van enige perspektief op die werklikheid sodat die onderliggende oorsake, waarvan postmodernisme slegs die simptoom is, buite sig bly; deurdat die status van enige poging om die werklikheid te aanvaar bevraagteken word, kom elke poging om die wêreld te verander ook onder verdenking en 'bevry' dit die mens sodoende van sosiale en politieke verantwoordelikheid; in die aanval op die instellings van hoë kultuur word daar in der waarheid nie wegbeweeg van klasseverskille nie, maar word dit juis gehandhaaf deur die dubbelgekodeerdheid²⁹ van 'n postmodernisme wat vir die mark aangepas is. Wanneer Liebenberg die betekenis van die postmodernisme binne die Suid-Afrikaanse literêre konteks plaas, sluit hy aan by Jameson wat dit verbind met die verbruikersgemeenskap van die multinasionale

29 Hoewel dit veronderstel is om, as 'populêre kultuur', toeganklik te wees vir die 'algemene massas', is postmodernistiese argitektuur, kuns, literatuur, ens. in der waarheid eerder die populêre kultuur van die gesofistikeerde elite (vgl. Liebenberg, 1988b:282).

kapitalisme van ons dag, sowel as by Lyotard, wat meen dat postmodernisme slegs 'n karakteristieke verskynsel kan wees van die hoogs ontwikkelde lande. Liebenberg (1988b:285) verwoord sy siening soos volg: "Postmodernism is completely untypical of the culture of the people who have to deal with the harsh realities of Apartheid and repression, who do not bracket or question the reality of their everyday experience, and who unite in struggle to establish an alternative metanarrative to that of Apartheid." Teen hierdie agtergrond beskou, lyk dit vir my waarskynlik dat postmodernisme eerder 'n tuiste sal bied vir die liberale bourgeoisie wat apartheid verwerp, maar tog onseker voel van enige alternatief en daarom ware deelname ontwyk deur voortdurend nuwe perspektiewe op die situasie te ontdek.³⁰

Sommige van die ander Suid-Afrikaanse literatoure wat deelneem aan hierdie gesprek laat egter oorwegend klem val op die progressiewe elemente in die postmodernisme. De Jong kritiseer vir Liebenberg oor sy kritiek teen die postmodernisme³¹ terwyl sy self graag verwys na die sieninge van Lyotard, wat beskou kan word as een van die hoofwoordvoerder van die postmodernisme (vgl. Oliphant, 1990:42). Dit is veral Rory Ryan (1988:257) wat die postmodernisme in die volgende uiters positiewe terme beskryf: "postmodernism is a gesture against authoritarianism, captive markets and the way in which 'truth', as a term, is employed as a legitimating device for dominant ideologies". Omdat dit kenmerkend van 'n dominante of hegemoniese diskoers is om sigself as **onbetrokke** en as **die waarheid** aan te bied, is dit steeds die taak van die postmodernisme om aan te toon dat hierdie terme 'uitgevind' is om aan een diskoers, perspektief of weergawe prioriteit bo 'n ander te gee. Ten einde met hierdie taak te kan voortgaan, is dit vir die postmodernisme noodsaaklik om voortdurend sy eie waarheidsaansprake te ondermyn, "lest it find itself reified and accorded truth-status, and be in the very position (that of hegemonic discourse) it strains to discredit (as its first principle)" (Ryan, 1988:251).

Naas Liebenberg se, myns insiens, geldige besware daarteen (soos hierbo aangedui),

30 Gerald Graff (1979:59) se opmerking oor dié geneigdheid is hier besonder toepaslik: "One does not try to change the world but rather alter one's perspective (or 'consciousness') so as to see the world in a new way."

31 Volgens haar lyk dit asof die verwerping van dekonstruksie en postmodernisme die nuwe vervangende mode geword het, te oordeel aan Liebenberg se uitlatings daaroor (vgl. De Jong, 1989c:4).

lewer Ryan dus hier eweneens 'n oortuigende pleitrede ten gunste van die postmodernisme. Volgens Ryan (1988:251) het die postmodernisme dit selfs met die Marxisme gemeen dat beide gedryf word deur 'idealisme' (sic) of deur die wil om daardie dinge te ontbloot en te verduidelik wat nie ontbloot of verduidelik wil word nie. Die fundamentele sinisme van die postmodernisme onderskei dit egter van die Marxisme, aangesien laasgenoemde volgens hom die oortuiging huldig dat dit 'n unieke, veel beter diskoers sal kan stel in die plek van die ou hegemoniese diskoers.³² Ryan verduidelik die elitistiese, gekompliseerde aard van die postmodernistiese strategieë deur daarop te wys dat dit genoodsaak word deur die uitvoerige en gekompliseerde wyse waarop dominante gewoontes, praktyke en diskoerse hulle magsoorname en magsinstandhouding bewerkstellig het. Ook omdat dit daarna streef om 'n 'nomadiese diskoers' te bly, weier die postmodernisme om in 'n soliede blok kennis vasgevang te raak.

'n Onlangse voorbeeld van die moontlikhede wat die postmodernisme inhou vir progressiewe Afrikaanse literatuur, word geïllustreer deur Andries Walter Oliphant se bespreking van *Die mummies, die pappies, die hondjies, die katjies* van Jeanette Ferreira (1990), deur hom getipeer as 'n kortverhaalbundel wat "staan in die teken van die post-modernisme" (Oliphant, 1990:42). Hy wys daarop dat die postmodernisme literêr aansluiting vind by die begrip **intertekstualiteit**, dit wil sê daardie interpretatiewe konsep wat 'n verwerping behels van die idee dat 'n literêre teks outonoom, selfgenoegsaam of 'n afgeslote eenheid is. Die noodwendige verhouding en verstrengeldheid van een teks met 'n ander word hierdeur beklemtoon, waar die intertekste dan literatuur sowel as 'n sosio-historiese konteks insluit. Oliphant toon aan dat Ferreira se verhale radikale en selfs rewolusionêre sosio-politieke perspektiewe oor Suid-Afrika artikuleer en herartikuleer, deurdat daar in temas en inhoud regstreeks aangesluit word by "historiese en kontemporêre gegewens wat in gepubliseerde of mondelinge vorm in sirkulasie is" (Oliphant, 1990:42). Omdat die postmodernistiese houding die literêre norme van kohesie, samehang en geheel verwerp, vereis die taak van die kritikus nou dat daar wegbeweeg moet word van die "estetika van samehang en oorspronklikheid, na 'n kritiese ondersoek van intertekstuele inspelings" (Oliphant, 1990:42).

32 Soos geblyk het onder 2.3 het meer resente Marxistiese kritici, bv. Jameson, Eagleton, Frow e.a., hulle grootliks gedistansieer van die selfregverdigende houding van vroeër Marxiste soos Gramsci en Althusser.

Die ambivalente, newelagtige en ontwykende aard van die postmodernistiese tendens word geïllustreer deur die volgende: terwyl Ampie Coetzee (1988a:80-90) *Die kremetartekspedisie* van Stockenström by geleentheid lees as 'n verset teen klas, akkumulasie en eksploitasie in 'n poging om Marxisme en dekonstruksie te verenig (vgl. Coetzee, 1988a:viii), beskryf hy dit later ook as "'n postmodernistiese verhaal oor 'n teks, oor skryf, *écriture*" (Coetzee, 1990:50). Op die Potchefstroomse kongres van die ALV in September 1988 spreek Coetzee hom egter uit teen die postmodernisme, wat hy 'n "language disorder" noem, en vra: "Het ons dit nou nodig in Afrikaans?" (gerapporteer deur Gilfillan, 1989:262). Hoewel die sogenaamde dekonstruksie breedweg gesien onder die postmodernistiese tendense tuisgebring kan word, sodat ook Afrikaanse literatore (soos Coetzee hierbo) nie altyd duidelik wil onderskei tussen die twee nie, kom dit tog vir my voor asof die dekonstruksie met 'n groter mate van gedefinieerdheid ten opsigte van terminologie en strategieë toegepas word in resensies en ander besprekings van Afrikaanse literêre tekste.

Oor die algemeen beskou, blyk dit dat daar met groter oortuiging gewys kan word op die progressiewe moontlikhede wat Derridiaanse dekonstruksie, in die besonder, inhou vir die literatuurondersoek as maatskappy-analise. Olivier (1988:295) dui aan dat Derrida wel affiniteite met postmodernisme openbaar deurdarft hy die tradisionele versperrings tussen teorie en praktyk, kuns en werklikheid gedekonstrueer het, maar dat hy hierdie onderneming verder gevoer het as die fiksionalisering (of estetisering) waartoe postmodernisme geneig is. Oor Derrida se dekonstruksies laat Olivier (1988:295-296) hom hierna soos volg uit: "they have the effect of showing that aesthetic questions are simultaneously ethico-political as well as questions concerning truth and reality, but then precisely not in the presence-oriented, logocentric sense of traditional philosophy". Waar postmodernisme dan neig om op 'n speelse wyse met kuns om te gaan en dit as losstaande van etiese oorweginge te beskou, hou dekonstruksie deurlopend implikasies in met betrekking tot vroeë rakende moraliteit, politiek en waarheid, aldus Olivier (1988:295). Na my mening kan hierdie moontlikhede toegeskryf word aan die radikale 'materialistiese' implikasies wat dekonstruksie se beklemtoning van die intertekste vir die literatuurondersoek kan inhou. Wanneer hierdie materialistiese aard van dekonstruksie genegeer word, kom dit volgens Liebenberg (1985:39 e.v.) neer op 'n miskiening en misverstaan van 'n benadering wat onder meer ook ideologiekritiese en literatuursosiologiese implikasies het.

'n Breedvoerige bespreking van dekonstruksie is, soos in die geval van die postmodernisme, nie vir hierdie oorsig noodsaaklik nie en sou te veel tyd en ruimte in beslag neem.³³ Slegs enkele gedagtes wat duidelik aansluit by my betoog word vervolgens genoem. In aansluiting by wat hierbo gesê is oor die materialistiese sy van dekonstruksie, wil ek vervolgens stilstaan by Degenaar se siening dat dekonstruksie slegs elemente van sosiale kritiek bevat.

Degenaar (1987:24 e.v.) wys daarop dat die dekonstruksie 'n post-strukturalistiese fenomeen is aangesien beide Derrida en Roland Barthes, dekonstruksie se twee belangrikste beoefenaars, die gedagte teenstaan dat 'n struktuur die werklikheid (of taal) ten grondslag lê. Volgens hulle dekonstruktiewe keuse vir "structurality beyond structure" is dit onmoontlik om enige finale betekenis of interpretasie te bereik deur by 'n bepaalde struktuur of sisteem van relasies uit te kom, aangesien die sogenaamde "play of differences" (Derrida noem dit *différance*) wat kenmerkend is van taal, altyd weer nuwe vorms van strukturering moontlik maak (vgl. Degenaar, 1988:24). Dit is juis die oortuigende 'logika', of (non-) logika van *différance* wat volgens Olivier (1988:296-297) neerkom op 'n radikale ondermyning van elke totaliserende aanspraak op outoriteit (ook dié van die Marxisme).³⁴ Hierdie komplekse begrip is 'n samestelling wat tegelyk *difference-differing-deferring* beteken³⁵, en in uiters vereenvoudigde terme daarop neerkom dat dit altyd weer moontlik is om te verskil en verskuif wanneer 'n bepaalde insig of posisie bereik is. Met hierdie dekonstruktiewe strategie kondig Derrida dan die einde aan van sentralisering, 'teenwoordigheid', hiërargie, en so meer - kortom van die hegemonie van Westerse metafisika, waarna Derrida verwys as 'logosentrisme'.

33 Uiteensettings van hierdie onderwerp, geplaas binne die Suid-Afrikaanse konteks, word o.m. aangetref in Degenaar (1987) en Hambidge (1985).

34 Derrida (1982:21-22) beskryf hierdie begrip in die volgende klassieke terme: "*différance* is not. It is not a present being however excellent, unique, principal, or transcendent. It governs nothing, reigns over nothing, and nowhere exercises authority. It is not announced by any capital letter. Not only is there no kingdom of *différance*, but *différance* instigates the subversion of every kingdom. Which makes it obviously threatening and infallibly dreaded by everything within us that desires a kingdom, the past or the future presence of a kingdom."

35 Degenaar (1987:94-96) se uiteensetting van die begrip *différance* is besonder insiggewend. Die terminologie van dekonstruksie kan egter nie hier omskryf word nie.

Die sentrale premisse van die Westerse denksisteem is volgens Derrida gebaseer op 'n metafisika van teenwoordigheid, wat die *logos* (die woord of die taal) in die sentrum plaas met die gedagte dat die woord in 'n direkte relasie staan tot objekte of idees sodat die *logos* bepaalde objekte of idees direk, oftewel as teenwoordig (*present*) kan besweer. Hierdie sisteem berus gevolglik wesenlik op die siening dat taal 'n deursigtige venster is wat die mens direkte toegang tot die werklikheid en die waarheid gee, sodat *logos* en werklikheid saamval in sogenaamde fundamentele begrippe. Daar word egter ook onderskei tussen hierdie fundamentele begrippe en sekondêre of afgeleide woorde. "Laasgenoemde is afgelei van of addisies tot die *logos*, is dus 'n verwydering, 'n vervalsing, 'n verdraaiing van die oorsprong, van die werklikheid in sy volle teenwoordigheid" (Scholtz, 1985:67 e.v.). Op hierdie wyse ontstaan 'n hiërargie van opposisies soos teenwoordig/afwesig, werklikheid/afbeelding, waar/onwaar, goed/kwaad, ensomeer. Binne hierdie raamwerk word die *logos* (d.i. die sentrum) die wet of outoriteit as absolute werklikheid, en 'n wegbreek daarvan na begrippe wat nie tot die *logos* behoort nie, verteenwoordig 'n soort sondeval, of dwaalweë wat bewandel word in 'n soeke na die oorspronklike *logos*, die paradysbestaan voor die sondeval (vgl. Scholtz, 1985:68). Ooreenkomste met ideologie val hier duidelik op.

Die Westerse metafisika (soos ideologie) presenteer dus dit wat in der waarheid histories bepaal is as universeel en natuurlik, sodat Derrida se dekonstruksie van hierdie denksisteem die karakter van 'n kritiek op ideologie het, maar in 'n veel omvattender sin. Die verskil is naamlik dat hierdie metafisika, volgens Derrida se beskrywing, die ganse Indo-Germaanse beskawing van die afgelope drie millennia oorspan het, terwyl ideologieë klasgebonde is en vir veel korter tydperke dominant bly. Die ideologiekritiese moontlikhede van dekonstruksie is vir Degenaar (1987:109-110) hoofsaaklik daarin geleë dat dit ons as mense binne ons menslike beperkings hou deurdat dit die betekenis van die lewe voorhou as 'n oneindige spel van verskille, sonder die vasstelling van 'n bevoorregte posisie wat ons menslike beperkinge transendeer. Ideologiese stellingnames word dus voortdurend bevraagteken en ondermyn. Derrida dui ook aan dat daar 'n strukturele solidariteit bestaan tussen linguistiese geweld en politieke geweld; sodoende leer hy ons 'n groter verantwoordelikeheidsin met betrekking tot die wyse waarop ons met taal omgaan. Dit is egter vir Degenaar (1987:133-137) duidelik dat Derrida (tot in daardie stadium) nie daarop uit was om die ideologiekritiese aspekte van

dekonstruksie ten volle te ontwikkel, of dit wou stel as 'n substituuat vir onmiddellike kritiese en politieke aksie nie. Die gaping tussen analise en praxis kan vernou, maar nooit uitgewis word nie, aldus Derrida. Die moontlikhede van dekonstruksie as sosiale kritiek bly daarom beperk.

Soos reeds hierbo vermeld, lê Liebenberg (1985:42 e.v.) klem op die feit dat Derrida dit wat hy skryf by geleentheid as **materialisties** beskryf het³⁶, veral dan omdat dit in dekonstruksie veral gaan oor die dekonstruksie van idealisme (in die Hegeliaanse sin). In Amerika (Harold Bloom en Paul de Man) en in Suid-Afrika (Brink, Hambidge en andere - MAR) het hierdie basis egter verlore geraak sodat die sogenaamde dekonstruktiewe lesings van tekste bloot die toepassing van 'n model is waarin Derridiaanse terminologie aangewend word ten einde 'n hermeneutiese probleem te probeer oorkom. Daar is gevolglik slegs sprake van 'n omkering van hiërargieë, maar geen ware transformasie in die sin waarin Derrida dit bedoel nie. Liebenberg (1985:47) toon ook aan dat Barthes begin het om kodes te identifiseer en beskryf dit dan soos volg: "The codes that constitute the many voices that participate in the intertextual weaving of the text, are conventions, rooted in society, structured by ideology." Hoewel Barthes se teorie duidelik oor die moontlikhede beskik om die verskuilde ideologie in tekste sigbaar te maak, voer hy dit nie deur nie. Soos die meeste ander poststruktureliste kritici verloor ook Barthes, volgens Liebenberg (1985:47), die belangrike insig van die Russiese Bakhtin-skool van die twintigerjare uit die oog, naamlik dat betekenis ideologies van aard is en dat die gebruikte teken altyd die terrein van stryd is, of ons daarvan bewus is of nie. Van hierdie insig maak Liebenberg en ander Afrikaanse ideologiekritici wel op direkte (De Jong) of meer indirekte (Coetzee, Gerwel e.a.) wyse gebruik in hulle teksanalises.

Dat daar by sowel die voorstanders van dekonstruksie as die Marxistiese ideologiekritici onder Afrikaanse literatore 'n bewustheid heers dat maatskaplike

36 Vgl. die onderhoud wat met Derrida gevoer is deur Houdebine en Scarpetta in *Positions* (Derrida, 1981:64).

37 Liebenberg (1985:47) doen die volgende aan die hand: "Demystifying ideology is not just a matter of escaping from it, but of writing some understanding (some alternative interpretation) of the way in which a specific ideology structures a specific meaning", en die wyse waarop dit gedoen kan word, is om die teks in sy spesifieke geskiedenis en gemeenskap te plaas, d.w.s. in sy intertekts.

relevansie in die huidige Suid-Afrikaanse konteks noodsaaklik is, kan nie betwyfel word nie. Die onderlinge wedywing oor wie werklik in staat is om 'n hydrate te maak, word egter nie hierdeur opgehef nie. Degenaar (1989:1-13) doen as versoenende gebaar aan die hand dat dekonstruksie vatbaar gemaak moet word vir politieke intervensie terwyl Marxisme van sy kwasi-religieuse aanpaksels bevry moet word. Wat hieruit kan ontstaan, is politieke veranderings as transformasie, as volgehoue kritiek op mag - 'n soort permanente rewolusie dus. Of blote magskritiek, as plaasvervanger vir werklike politieke aksie, aan te beveel is, word egter betwyfel deur ander deelnemers aan die gesprek (vgl. De Jong, 1989d:47). Wat hier allerweë duidelik is, is die behoefte aan 'n skakel tussen dekonstruksie (wat op die analitiese vlak bly) en Marxistiese ideologiekritiek (wat op praxis aandring). Liebenberg (aangehaal in De Jong, 1989d:48) meen dat deelname (aan die populêre demokratiese beweging) die verlore skakel tussen akademiese angskritiek vir politisering en aktivistiese voorskriftelikheid kan wees.

Uit die voorgaande bespreking van die twee benaderings het dit na my mening duidelik geword dat die dekonstruksie wel die potensiaal besit om die *status quo* effektief te ondermyn, maar dat ideologiekritiek verder gaan deur onomwonde aan te dring op 'n stellingname vir deelname ter verandering van dié stelsels en instellings wat ten koste van ander funksioneer. Dit wil ook voorkom asof ideologiekritici hulle solidariteit met die nie-hegemoniese diskoers duideliker laat blyk as hulle postmoderniste-kritici. Die byna historiese verwyte wat na aanleiding van die moontlike toepassing van 'n sogenaamde selektiewe kulturele boikot na ideologiekritici geslinger is, volg die bekende patroon wat die literêr-kritiese gesprek in Afrikaanse kringe die afgelope dekade reeds vertoon. Dit lyk byvoorbeeld nie vir my werklik relevant om vir diegene wat in 'n nie-hegemoniese posisie verkeer, nou reeds te sê dat hulle nie die relatief min mag waaroor hulle beskik, mag misbruik nie. Moet die nuwe diskoers wat geantisipeer word, dan byvoorbeeld ondermyn en gedekonstrueer word? Dit wil al voorkom of die *status quo* steeds beveilig word deur die kritiese stem sover moontlik by die hegemoniese diskoers te inkorporeer. Hieraan doen sommige literatore met affiniteite vir die dekonstruksie mee.

Soos veral buitelandse Marxistiese kritiek (vgl. egter ook Degenaar, 1989:1-12) reeds aangetoon het, kan die radikale anti-outeoritêre elemente in dekonstruksie egter 'n ideologiekritiese benadering ten goede kom. Ook vir 'n interpretatiewe strategie wat

ideologiekritiek op 'n Bybels-reformatoriese³⁸ wyse wil benader, hou hierdie elemente besondere moontlikhede in waarop daar mettertyd (in 3.4) ingegaan sal word.

3.2.5 Ideologiekritiek op Bybels-Reformatoriese grondslag

Omdat 'n 'objektiewe', 'wetenskaplike' literatuurwetenskap die afgelope dekade of drie al deur akademici as die ideale (en enigste geldige) benadering voorgedhou is, het weinig van die literature wat andersins uitgesproke Christene is, enige duidelike blyke gegee van hul geloofsoortuiging in hul literatuurwetenskaplike aktiwiteite. Die moralistiese toonaard waarin die polemieke rondom die Afrikaanse letterkunde, skrywers en sensuur van die kant van die Afrikaanse kerke gevoer is, het na alle waarskynlikheid ook daartoe bygedra dat geloofsoortuiging byna bewustelik uit die literêr-kritiese diskoers geweier is. Hierdie kerke se bydrae tot die vestiging van die apartheidsideologie dien sekerlik verder as verswarende omstandighede in hierdie verband. Van die ekwivalent van 'n Hans Werkman in Nederland³⁹ sou daar dus steeds kwalik sprake kon wees, selfs in die tagtigerjare, waarin daar van deelnemers aan die 'oop gesprek' groter eerlikheid oor vooronderstellings, moontlike 'versteekte agendas' en dies meer verwag word.

Dat daar Afrikaanse literature sal wees wat op Bybels-Reformatoriese gronde ideologiekritiek beoefen, klink binne die huidige diskoers steeds na 'n kontradiksie in terme. Hierdie stand van sake is waarskynlik 'n aanduiding van die mate waarin die Marxisme, en ander kritici van die blanke minderheidsregering, die afgelope dekades deur die Afrikaanse kerke in die besonder eensydig verketter is sonder dat die hand in eie boesem gestee is. Voorbeelde van pogings om sommige van die kwessies rondom ideologie, soos gerepresenteer in die Afrikaanse roman, aan te spreek, word egter wel aangetref in bydraes wat gemaak is deur D.H. Steenberg.

38 In hierdie stadium spel ek 'reformatories' doeltrews met 'n kleinletter aangesien ek self die woord nie wil gebruik ter aanduiding van 'n verband met die Reformasie en Reformatore nie, maar eerder met begrippe soos reformasie, hervorming, verandering, vernuwing (selfs transformasie).

39 In publikasies soos *Het boek op mijn bureau* (1981), *Aangekruist. Boekbesprekingen van J.M.A. Biesheuvel tot Jan Wolkers* (1982a) en *Een calvinist leest Maarten 't Hart* (1982b) gaan Werkman, 'n bekende en gerespekteerde resensent en kritikus in Nederland, telkens uit van 'n (Christelik-gereformeerde) lewensbeskouwlike literatuurbenadering.

In 'n bespreking rondom 'literatuur en rewolusie' ontleed Steenberg (1988) Anna M. Louw se *Twenty days that autumn* (1963) en *Sitate om 'n rewolusie* van Jeanette Ferreira (1985) teen die agtergrond van die rewolusietema wat duidelike ideologiese trekke vertoon in hierdie teks. Die definisie van ideologie wat as uitgangspunt geneem word, is die uitgesproke Bybels-Reformatoriese omskrywing van Goudzwaard (1981) wat vroeër in my ondersoek reeds uiteengesit is (vgl. 2.1.5). Die volgende gee 'n duidelike aanduiding van die wyse waarop Steenberg (1988:40) Goudzwaard se siening aanwend vir die doeleindes van sy ondersoek: "Ideologieë ontstaan daaruit dat (bv. maatskaplike) probleme so oorheersend word in 'n gemeenskap dat bestrydingsmiddele daarteen magte word wat mettertyd die oorhand oor die bestryders van die probleem kry en in 'n proses van doelverdwasing so sterk tot ideaal op sigself verhef word dat 'n nuwe stel norme en waardes en 'n allesomvattende sinduiding tot stand gebring word met die selfopgelegde oorheersende doel as nuwe (valse, kunsmatige) singewer." Die twee ideologieë wat in hierdie verhouding teenoor mekaar te staan gekom het binne die Suid-Afrikaanse konteks is volgens Steenberg die apartheidsideologie (die wil tot oorlewing met jou eie volk of groep) en die rewolusie-ideologie (die stryd teen alle persone en magte wat ander en jouself uitbuit en onderdruk, en ook die stryd vir die koms van 'n beter samelewing).

Steenberg (1988:39) dui die verband tussen literatuur en rewolusie aan deur daarop te wys dat ernstige letterkunde dikwels gerig is op vernuwing en dat dit 'n kenmerk van die twintigste-eeuse woordkunstenaar is dat hy hom teen die werklikheid rig sodat sy werk getipeer kan word as "opstand op literêre vlak". In 'n kort bespreking van Louw (1963) se werk word rewolusie-deur-geweld en sosiale rewolusie aan die orde gestel, na aanleiding van die wyse waarop dit gerepresenteer word in *Twenty days that autumn*, 'n verslagroman waarin die swart opstande in die Kaapse Skiereiland gedurende Maart en April 1960 die agtergrondgegewe vorm. In 'n meer uitgebreide analise toon Steenberg aan dat Ferreira (1985) se teks 'n verdere uitbouing is van die rewolusietema wat in verskeie vroeër romantekste neerslag gevind het; hy wys op ooreenstemming in die roman met die Goudzwaard-definisie van ideologie (vgl. Steenberg, 1988:44); en toon ten slotte oortuigend aan hoe die "(f)eodale verhouding en apartheidsituasie van die verwagtingshorison van die leser" (Steenberg, 1988:47) in die uitbeelding van die verhouding tussen Jeanne en die Pedi-vrou Dawn Mokgatla, deurbreek word ten gunste van die oopheid van 'n vrye

verhouding.⁴⁰

Goudzwaard se omskrywing van die begrip ideologie dien ook as vertrekpunt vir 'n bespreking waarin die toenemende mate van betrokkenheid in Etienne Leroux se werke aangetoon word. Volgens Steenberg (1987:119) is hierdie artikel nie daarop ingestel om 'n ideologie van die implisiete outeur in Leroux se werke na te spoor nie, "maar om vas te stel in watter mate ideologieë of spore daarvan uit die Suid-Afrikaanse politieke werklikheid in die geselekteerde romantekste gerepresenteer word". Die ideologieë wat dan ter sprake kom, is weer eens rewolusie, maar veral ook die apartheidsideologie en sy meelopers. So word daar byvoorbeeld gewag gemaak van die deernisvolle aanbod van Gert Garries in *Magersfontein, o Magersfontein!* (1976) se pynlike ervarings as verteenwoordigend van "die ongewenste sosio-ekonomiese situasie van die gekleurde in die ongelyke samelewing van die gerepresenteerde Suid-Afrikaanse tydkonteks van 1974" (Steenberg, 1987:123). Ook die sterk bewussyn van rasseonderskeid en rassesseiding in bogenoemde teks, sowel as die wyse waarop hierdie ideologiese ingesteldheid gesatiriseer word, kom in die bespreking onder die loop. Die roman wat egter die meeste aandag kry, is Leroux se laaste voltooide werk, *Onse Hymie* (1982).

In 'n insiggewende ontleding van laasgenoemde teks, toon Steenberg aan waarom hy tot die gevolgtrekking kom dat *Onse Hymie* 'n hoogtepunt vorm ten opsigte van betrokkenheid in Leroux se oeuvre. Verskeie aspekte van die teks wat van ideologiese geladenheid getuig, word uitgewys: die ideologies gekleurde woordeskat waaruit die roman opgebou is; die toenemende bewustheid van kleur en kleurdifferensiasie; verwysings na swart mense en spesifiek die optrede van blank teenoor swart; teenstrydighede rondom Johannes Garries; ideologies geïnspireerde houdings van karakters wat deur die implisiete outeur gesatiriseer word; manipulering van die leser om bepaalde politieke aspekte in die gemeenskap te ontmasker; die aardbewing as voorbereiding op 'n moontlike Goddelike ingryping of verwagte oordeel in die chaos van ideologiese verwarring; en ten slotte die tragiese ondergang van Hymie wat voltrek word deur die voorwerpe van sy simpatie. Volgens Steenberg (1987:130) is sy dood dan te wyte aan "dieselfde daad van verwoesting as wat hy met sy rewolusie- of bevrydingsideologie nastreef, maar

40 Steenberg se bespreking van *Sitate om 'n rewolusie* sal in die ontleding van hierdie teks (vgl. 7.) vollediger betrek word.

terselfdertyd gevoed deur die ideologie wat hy steeds by implikasie wou beveg, naamlik rassisme".

Hoewel Steenberg nie dialektiese en histories-materialistiese ideologiekritiek beoefen nie, word betrokkenheid (as die wil om die bestaande onwenslike sosio-politieke toedrag van sake te verander) in Leroux se oeuvre aangedui op 'n wyse wat die ideologiese neerslag daarin duidelik aan die kaak stel. Die Bybels-reformatoriese lewensbeskoulike ingesteldheid wat by Steenberg se benadering van toepassing is, is ook my persoonlike siening. Daarby wil ek aansluit in die ideologiekritiese teksontledings wat later volg.

3.3 Situasië-ontleding: die taalhandelings teorie en die Afrikaanse letterkunde

3.3.1 *Wat sê jy?*⁴¹

In die redaksionele voorwoord tot *Wat sê jy? Studies oor taalhandelinge in Afrikaans* (1982) word die doelwit van die bundel gestel as 'n poging om binne die uitgangspunte van heersende beskouinge oor taalhandelinge studies byeen te bring waarin veral aandag bestee word aan "betekenisaspekte van taalgebruik as sosiale interaksie tussen mense" (Van Jaarsveld, 1982:xiii). Omdat literêre taalgebruik en die betekenisaspekte daarvan in my ondersoek by uitstek as deel van hierdie sosiale interaksie beskou word, sal verskeie taalhandelingskwessies wat in die bundel aan die bod kom, toegepas word in die teksontledings (vgl. 4, 5 en 6) wat volg. Ek verwys kortliks na voorbeelde van teoretiese aspekte uit hierdie artikels wat vir die ideologiekritiese ondersoeker van besondere belang kan wees.⁴²

Die inleiding deur Van Rensburg getiteld "Met Wat?"⁴³ bring reeds verskeie bruikbare aspekte onder die aandag. Hy wys byvoorbeeld daarop dat die spreker die gesprek domineer en dat mededinging om die sprekersposisie gevolglik 'n

41 Hierdie publikasie is die eerste Afrikaanse bundel waarin slegs opstelle oor taalhandelinge opgeneem is.

42 Die taalhandelings teoretiese terme wat in hierdie kort bespreking ter sprake kom, sal nie volledig verduidelik word nie; verskeie daarvan is reeds onder 2.4. bespreek.

43 Bedoelende "Waarmee?" - of sou die voorsetselsplitsing hier 'n besondere performatiewe funksie vervul?

belangrike rol speel in **gesprekspolitieke strategieë** (Van Rensburg, 1982:xxi). Myns insiens is dit duidelik dat die hegemoniese groep binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap jare lank reeds suksesvolle strategieë aanwend om die sprekersposisie (oftewel magposisie) te behou. Om die omvang van die uitwerking hiervan op die Afrikaanse literêre toneel te probeer bepaal, sou 'n onbegonne taak wees; die publikasie en kanonisering van sekere tekste bo ander sowel as die 'estetiese ideologie'⁴⁴ wat steeds 'n oorheersende rol speel, is voorbeelde wat by 'n mens opkom in hierdie verband.

'n Ander gesprekstategie waarna Van Rensburg (1982:xxiii) verwys, is die wyse waarop die woord *ons* soms gebruik word om solidariteit te suggereer, terwyl *julle* (of ook *hulle* - MAR) aangewend word om polariteit te skep. In die saamgroepering van mense op ideologiese grondslag is hierdie verskynsel binne 'n taalhandelingsraamwerk van besondere betekenis.⁴⁵ Die gebruik van *ons* in die plek van die onderwerp van 'n taalhandeling (wat na regte altyd die eerste persoon enkelvoud moet wees) word verder ook in die meeste gevalle aangewend as 'n gesprekstategiese middel, op die volgende wyse: 'Hier word 'n eksklusiewe *ons* gebruik (=ek), omdat iets soos 'n indruk van gesamentlike belang geskep wil word' (Van Rensburg, 1982:xxv).

Elders in die inleidende artikel word daar ook gewag gemaak van die (meestal onbewuste) wyse waarop 'n spreker taalhandelinge gebruik om sy/haar **betrokkenheid** in 'n bepaalde situasie te merk (vgl. Van Rensburg, 1982:xxiii); sowel die outeur van 'n literêre teks (konkreet of implisiet) as die vertelinstansie en/of karakters in die teks kan hul ware ideologiese posisie sodoende verrai vir die leser om weer volgens eie insig te interpreteer. 'n Laaste saak uit hierdie artikel waarna ek wil verwys, is Van Rensburg se stelling dat 'n taalhandeling deur bepaalde gesprekstategieë sodanig gemodifiseer kan word dat die hoorder(s) soveel moontlik beïnvloed word. Myns insiens is dit dan ook juis die doel van die outeur/skrywer van 'n literêre teks om sy/haar lesers te beïnvloed deur die betrokke verhaal so oortuigend en effektief moontlik in te klee.

44 Vgl. Malan (1986:12 en 19) oor die estetiese ideologie, skuilende agter die 'outoritêre monoloog', wat steeds wil sê: "ons sal vir die lesers besluit wat hulle in die teks behoort te lees".

45 In die ontleding van *Die laaste Sondag* (vgl. 4) word daar gewys op die werking van hierdie strategieë.

In 'n artikel oor die vokatief, dit wil sê "'n taalbousel wat gebruik word om tweedepersoonsnoemend met een of meer lewende wesens te praat" (Combrink, 1982:3), word daar onder meer op die volgende gewys: die vokatiwiesgebruikte voor-, roep- of familienaam gee erkenning aan die aangesprokene se **menswaardigheid** (Combrink, 1982:4) terwyl die ontbreking daarvan of die gebruik van 'n nommer (bv. waar 'n gevangene of dienspligtige aangespreek word) 'n gevoel van **ontmensliking** by die aangesprokene kan wek. Die wyse waarop daar gewag gemaak word van "minderman" en "meerderman" wanneer daar oor vokatiwe gepraat word, is reeds 'n aanduiding daarvan dat die magstryd binne 'n samelewing vol ongelyke beregtiging by uitstek ook binne hierdie sfeer gestry word. Vervolgens twee voorbeelde van die wyse waarop die aard van sosiale interaksie deur die gebruik (al dan nie) van die vokatief aangedui word: as die vokatief ontbreek wanneer minderman met meerderman praat, word dit in Afrikaans as onhoflik beskou, terwyl meerderman met minderman mag praat sonder om hom deur middel van die vokatief aan te spreek (Combrink, 1982:20).

Verder word daar in hierdie bundel ook geskryf oor **ironiese taalhandelinge**. Du Plessis (1982:66-68) onderskei in sy artikel tussen **spreker-ironie** (ironiese uitings wat deur die spreker geïnisieer word) en **hoorder-ironie** (uitings wat deur die hoorder ironies vertolk word hoewel nie noodwendig deur die spreker so bedoel nie). Wanneer 'n literêre teks doelbewus ideologiekrities gelees word, gebeur dit inderdaad soms dat daar verholde ironieë en kontradiksies⁴⁶ na die oppervlak gebring word. Sulke gevalle sal ek as **leser-ironie** tipeer indien dit in die teksontleedings ter sprake sou kom. Moontlikhede vir die ideologiekritiese gebruik van ironie as 'n proses van "bewuswording" (vgl. Du Plessis, 1982:71), waardeur die nie-letterlike lesings wat verskuil lê agter letterlike taalhandelings onder die aandag van die leser gebring word, is eweneens byna onbeperk.

Die artikels wat vir my ondersoek die grootste mate van relevansie het, is uiteraard dié waarin daar na die literêre teks as taalhandeling gekyk word, sodat dit "toeganklik gemaak (word) vir ondersoek vanuit 'n taalhandelingsraamwerk" (Van Coller en Van Rensburg, 1982:215). "Die buffel van die metafisika": Taalhandeling

46 Du Plessis (1982:70,71) dui **kontradiksie** aan as 'n element wat inherent is aan die ironiese uiting omdat daar spanning ontstaan tussen die saaklike inhoud en die nie-letterlike betekenis van die uiting.

as paradoks" is die titel van Snyman (1982:203-212) se bydrae, waarin hy veral handel oor die ironie as 'n implikasie-verskynsel in die letterkunde⁴⁷. In Du Plessis (1982:65 e.v.) se bespreking van ironie waarna pas hierbo verwys is, word daar melding gemaak van sowel 'spreker-ironie' as 'hoorder-ironie'; Snyman se artikel sou volgens hierdie terminologiese onderskeiding eerder handel oor eersgenoemde tipe ironie, aangesien implikasie as verskynsel per definisie bedóél is (vgl. 2.4.1) en op herkenning deur die hoorder/leser afgestem is. Die voorbeelde wat Snyman kies (almal uit die poësie) is telkens gevalle van spreker-ironie wat inhou dat daar van die lesers verwag word "om al lesende aanpassings te maak en korrektiewe aan te bring ten opsigte van bekende betekenisse (...) as hy die ironie - in dié geval uiters openlike ironie - in die teks wil ráák-lees" (Snyman, 1982:204 oor die gedig "Edms. Bpk." van Opperman). Teen hierdie agtergrond moet die volgende uitsprake van Snyman oor ironie dan geles word.

Meer as ander implikasie-verskynsels (soos die metafoor, die simbool, die metonimia) het ironie die taalhandeling nodig, aldus Snyman. Verder is ironie, volgens hom, soos satire primêr 'n sosiaalgerigte verskynsel en vervul dit 'n duidelike sosiale, kommunikatiewe funksie, wat hy soos volg verwoord: "Sy dit met verwysing na die individu, sy dit met die oog op die samelewing in sy geheel, die ironie *stroop*: dit stroop skyn van werklikheid, dit lê onreëlmatighede bloot, met deernis wys dit die menslike gespletenheid uit, en in die uitwys van die paradokse skep dit 'n soort harmonie"⁴⁸ (Snyman, 1982:208). Vir 'n ideologiekritiese (literêre) teks behoort ironie na my mening 'n besondere nuttige instrument te wees; juis in die deernisvolle⁴⁹ blootlê van onreëlmatighede en sosiale teenstrydighede lê die progressiewe waarde van so 'n literêre teks (of gedeeltes daarvan). Snyman (1982:208) se 'tentatiewe' omskrywing van ironie en die werking daarvan versterk my vermoede oor die bruikbaarheid daarvan in die hande van die skrywer van progressiewe werke: "Daar is sprake van ironie as binne 'n gegewe taalsituasie 'n lokusie 'n breuk toon met die illokusie of die perlokusie en as die lokusie ten doel

47 In 2.4.1 het ek reeds daarop gewys dat ironie (soos meiose, die hiperbool, ens.) 'n voorbeeld van die gebruik van implikasie (*implicature*) is.

48 Hierdie "soort harmonie" wat geskep word deur ironie, roep Jameson se siening van literatuur as sosiaal-simboliese handeling wat denkbeeldige oplossings bied vir werklike probleme, by my op (vgl. 2.3.4).

49 Sonder deernis ontfaar ironie m.i. in sarkasme of bytende spot.

het die skeiding van skyn (illusie) en realiteit en dit (hierdie skeiding) bewerkstellig deur die gedeeltelike of algehele opheffing van die verwagte taalsosiale presupposisies van opregtheid, relevansie en rasionaliteit." Hierdie disjunkte, geïmpliseerde, soms paradoksale soort taalgebruik (oftewel taalhandeling) kan slegs betekenis genereer binne 'n sosiale konteks. Snyman (1982:206) maak in hierdie verband op gepaste wyse gebruik van Bloomfield se (nog ietwat ruwe) siening van betekenis as die situasie waarin die taaluiting voorkom én die reaksie op dié uiting.

In 'n volgende artikel (Van Coller & Van Rensburg, 1982:215-233) word die handelingsaard van die literêre teks as taalhandeling as vertrekpunt geneem: "By 'n studie van taalhandelinge val die klem juis op wat met die teks *gedoen* word en wat taal *doen*" (Van Coller & Van Rensburg, 1982:216). Daar word ook in hierdie artikel verwys na die "koöperatiewe beginsel" (ek verkies die term samewerkingsbeginsel - MAR) as 'n appèl wat deur die spreker gemaak word op die hoorder(s) om saam te werk aan die gesprek ten einde die gesprek te laat slaag. Die gespreksvoorwaardes waaraan 'n "koöperatiewe leser" moet voldoen om die teks as makro-taalhandeling ten volle te aktualiseer, word in terme van Grice se kategorieë onderskei, naamlik Ekonomie ("Quantity"), Opreghheid ("Quality"), Relevansie ("Relation"), Wyse ("Manner") en hoflikheid⁵⁰. Die implikasies wat die oortreding van een van hierdie gespreksvoorwaardes inhou, word kortliks aangedui, onder andere die volgende: die gespreksvoorwaarde van hoflikheid word oortree wanneer daar te veel onverstaanbare verwysings in 'n teks voorkom; wanneer 'n leser nie bereid is of daartoe in staat is om 'n werk ook teen 'n bepaalde literêre agtergrond te lees nie, word die "koöperatiewe beginsel" van sy/haar kant af verbreek; lesers (ook resesente - MAR) beoordeel soms 'n werk op grond van 'n minimale gedeelte van die werk, aldus die skrywers van hierdie artikel, en oortree sodoende veral die gespreksvoorwaardes van ekonomie en wyse. Hierdie moontlikhede sal in die ontledings van resepsieverslae deur werklike lesers (vgl. 4.3.2, 5.3.3 en 6.3.2) in

50 Die hoflikheidsbeginsel (*Politeness Principle*) word deur Leech (1983:80) beskryf as die noodsaaklike komplement van die samewerkingsbeginsel (CP) aangesien dit bykomende verklaring bied vir indirekte taalhandelinge. Leech (1983:82) dui ook tereg aan dat daar sommige situasies is "where the PP can overrule the CP", d.w.s. wanneer die uitruil van korrekte informasie nie meer die belangrikste oorweging is nie. 'n Voorbeeld hiervan is sg. wit leuens (wat vertel word om die hoorder se gevoelens te spaar). Die PP word deur Leech (1976:16) verdeel in onderafdelings van takt, vrygewigheid, goedkeuring en beskeidenheid.

gedagte gehou moet word.

Van Collier en Van Rensburg (1982:220 e.v.) se geskematiseerde weergawe van die literêre gespreksvlakke is vir die doeleindes van my ondersoek van belang aangesien die taalhandelingsraamwerk waarvolgens die indeling van die literêre taalhandelinge (op mikro-, meso- en makrovlak) gedoen sal word, by hierdie soort skema sal aansluit. Omdat hierdie model, soos ook uiteengesit in die artikel van Van Collier (1982:237 e.v.), hieronder bespreek sal word (vgl. 3.4.2), word daar nie nou reeds daarop uitgebrei nie. Wat ek wel hier wil noem, is die belangrike rol wat hierdie skrywers toeken aan die **abstrakte outeur**⁵¹ as die instansie wat die kommunikasiekanaal in die literêre werk oorheers deurdat hy (sy? - MAR) 'n bepaalde soort vertelinstantie kies, seleksie- en kombinasieprinsipes toepas, ensovoorts - kortom, hy/sy kommunikeer deur die besondere strukturering, organisasie en aanbieding van die teksboodskap. Wanneer die abstrakte outeur didakties en/of eksegeties optree in 'n literêre werk, word die leser sy/haar keuse ontnem deurdat die inhoud van die teks "onverbiddelik aan die deelnemer, wat passief meedoen, opgedis (word)"; die hoflikheidsvoorwaarde word sodoende oortree, wat lesersweerstand tot gevolg kan hê (Van Collier & Van Rensburg, 1982:225). Uit die gesprek wat tot dusver gevoer is rondom sake soos 'betrokkenheid' en/of 'progressiwiteit' in die letterkunde, blyk dit dat literêre werke wat eksplisiet ideologiekrities te werk (wil) gaan, dikwels van hierdie soort onhoflikheid verdink word.

Twee laaste sake uit die artikel van Van Collier en Van Rensburg wat vir my ondersoek van belang is, het beide betrekking op die kwessie van **sprekersrolle**. Die eerste probleem ontstaan klaarblyklik wanneer spreker- en hoordersrolle nie meer op gelyke basis verwissel word nie, hoofsaaklik omdat die spreker met die hoogste status meestal die gesprek oorheers; die sterkste deelnemer appelleer om die meeste aandag en gebruik allerlei gesprekstrategieë om die sprekersrol te bekom ten einde die gesprek (en die ander deelnemer - MAR) te domineer. Tweedens word daar in hierdie gedeelte van die betrokke artikel onomwonde aangetoon dat mans en vrouens se taalhandelinge in 'n Westerse samelewing duidelike verskille toon, wat na my mening telkens 'n illustrasie bied van die oordrewe dominante rol

51 In die teksontledings wat ek in hierdie studie gaan doen, sal die begrip abstrakte outeur (of ook implisiete outeur) nie so 'n belangrike posisie inneem nie (vgl. 3.4.2).

van die man wat veral in patriargale gemeenskappe (soos dié van die tradisionele Afrikaner) nog sterk figureer. Dieselfde byna patetiese pogings om 'n mate van selfgelding te bereik in 'n gespreksituasie wat hier aangedui word, word aangetref in enige gesprek waar die een gespreksgenoot 'n ondergeskikte posisie beklee, hetsy weens klas, ras, geslag, seksuele voorkeure, ouderdom, sosiale status, of wat ook al.⁵²

In die artikel oor illokusieverwagtings (Van Coller, 1982:237-251) word daar 'n belangrike onderskeid gemaak tussen geïntendeerde perlokusie-effekte (die bedoelde perlokusie) en die (werklike) perlokusie-effekte. Eersgenoemde dui dan op die resultate wat die spreker/outeur hoop om te bereik terwyl laasgenoemde die werklike uitwerking van die taalhandeling op die hoorder/leser aandui. Aangesien die bedoelde perlokusie as outeursintensie dikwels moeilik agterhaalbaar is, skep dit probleme vir die literêre gespreksituasie.⁵³ Volgens Van Coller (1982:241) lê die oplossing waarskynlik in die konsentrasie op die illokusie en wel op die volgende wyse: "Deur te let op die *vorm* van die *illokusie* en die gespreksvoorwaardes, sou die *bedoelde perlokusie* afgelei kon word én die onderliggende *illokusiewaarde*" (met illokusiewaarde word bedoel betekeniswaarde). By die teksontledings wat ek hierna (vgl. 4, 5 en 6) wil doen, moet hierdie moontlikhede verreken word.

3.3.2 *Woorde as dade*

Die drie artikels in *Wat sê jy?* waarin die taalhandelingssteorie met die Afrikaanse letterkunde in verband gebring is⁵⁴, het volgens die redakteurs van *Woorde as dade. Taalhandelinge en letterkunde* (Van Coller & Van Jaarsveld, 1984) soveel belangstelling gaande gemaak, dat daar besluit is om 'n bundel literêre opstelle uit die invalshoek van taalhandelinge saam te stel. Omdat die bydraes in hierdie bundel van uiteenlopende aard is⁵⁵, spreek dit vanself dat sommige vir my ondersoek van

52 Die dominante posisies binne die sosiale diskoers (in die algemeen) word uiteraard deur die subtile, en soms minder subtile, werkinge van ideologieë in stand gehou.

53 In die volgende bundel wat bespreek word (vgl. 3.3.2) kom hierdie problematiese onderskeid weer ter sprake.

54 Vgl. die bespreking hierbo (3.3.1) van die volgende artikels: Snyman; Van Coller en Van Rensburg; en Van Coller.

55 In die Inleiding wys die redakteurs daarop dat al die bydraes "op onafhanklike (en soms

groter relevansie sal wees as ander en daarom meer aandag sal geniet in die bespreking wat volg. Weer eens sal daardie toepassings wat (direk of indirek) bruikbaar is vir 'n ideologiekritiese beskouing van literêre tekste sterker op die voorgrond gestel word as dié wat verkies om te lees "vir die prag van die pou se stert" ('n beeld van Multatuli soos aangehaal deur Cloete, 1984:8), of wat oorwegend op ander aspekte van 'n teks as taalhandeling fokus as waarop hierdie studie afgestem is.

In die inleiding tot die bundel wys die redakteurs daarop dat die verhouding tussen die taal- en die letterkunde nog altyd een was wat gewissel het van "hartstogtelike eenwording" tot "'n ongemaklike stroefheid by tye". Die waarde van die taalhandelingssteorie vir die bestudering van die letterkunde lê na die mening van die redakteurs veral daarin dat hierdie teorie 'n pragmatiese benadering is wat in die eerste plek fokus op die hele taalsituasie⁵⁶ en as sodanig aansluit by die nuwe paradigma in die literatuurwetenskap, dit wil sê die nuwe stel teoretiese aannames wat as gemene deler die klem op die hele kommunikasiesituasie het. Wanneer al die bydraes in hierdie bundel sáámgelees word, val dit juis op dat 'n besonder inklusiewe beeld van die literêre kommunikasiesituasie daargestel word deur al die moontlike aspekte wat ondersoek kan word binne 'n taalhandelingsraamwerk. Om maar enkeles te noem: die konkrete outeur; die abstrakte outeur; die verteller; die teks; betekenis; die ontvanger (konkreet en abstrak); lokusie, illokusie en perlokusie; gespreksvoorwaardes en -implikasies.

In antwoord op verwyte van intensionalisme wat soms op die taalhandelingsbenadering gerig word, wys die redakteurs tereg daarop dat 'n literêre werk 'n produk is, "wat vir sy produksie, resepsie en selfs evaluering afhanklik is van lewende mense wat op verskillende wyses gedetermineer word deur maatskaplike faktore"⁵⁷. Wat eintlik hier ter diskussie gestel word, is die kwessie van intensies (hier eerstens van die konkrete outeur) - of dit vasgestel kan word, en indien wel, of

verwyderde) wyse met hierdie teorie omgaan".

56 In hierdie taalbeskrywing word spreker, hoorder, taaluiting, gespreksvoorwaardes en die triade lokusie, illokusie en perlokusie in die spel gebring, aldus die redakteurs (Inleiding, bladsy ongenommer).

57 Binne die konteks van my studie sou ek die volgende verbesonderinge hierby wou voeg: sosiale, ekonomiese, politieke en ideologiese faktore.

dit verreken behoort te word. Hieroor huldig die skrywers (Van Coller & Van Jaarsveld, 1984: Inleiding) die volgende mening, en ek vereenselwig my daarmee in hierdie ondersoek:

"Konkrete outeurs laat hulle veral vandag nie onbetuig oor hul 'intensies' nie, by talle skrywers oorheers hul intensies trouens en word dit in manifeste, 'happenings' en vraagg gesprekke herhaaldelik verduidelik. Dat intensies dus verreken moet word, is duidelik en dat die konkrete outeur telkens bygedink word, is eweneens ook hier te lande duidelik uit die literêre-kritiese praktyk. Die vraag is nie meer of die sender (en sy kodes) 'n integrale deel is van die literêre kommunikasieproses nie, maar eerder op welke wyse die sender op verantwoorde wyse betrek kan word in 'n hele semiotiese sisteem."

Hierna tref Van Coller en Van Jaarsveld 'n onderskeid tussen die verwante begrippe bedoelde perlokusie teenoor werklike perlokusie, en die intensie van die konkrete outeur teenoor die intensie van die abstrakte outeur⁵⁸. Die bedoelde (of beoogde) perlokusie dui op dit wat die konkrete outeur wil bereik by die werklike leser (bv. skok, verontwaardiging of omverwerping van 'n bestaande orde) en kan gereedelik gelykgestel word met die intensie van die konkrete outeur. Hierdie intensies maak die outeur op tekseksterne vlak kenbaar deur manifeste en ander kommunikasiekanale; om vas te stel of die bedoelde perlokusie werklike perlokusie word, moet empiriese ondersoeke gedoen word (ook 'n tekseksterne proses) na die resepsie van konkrete lesers, aldus die redakteurs. Die ideaal blyk dan te wees om ten alle koste aan die 'tekseksterne vlak' te ontkom (waar die 'intentional fallacy'-spook tog maar loop!) en die 'eintlike' terrein van ondersoek te betree: die 'teksinterne vlak'. Die volgende stelling, waarin hierdie beweging van buite na binne aangedui word, is nie vir my heeltemal so vanselfsprekend as wat dit daar klink nie: "Die intensie in terme van die taalhandelings teorie het egter betrekking op die teksinterne vlak, naamlik die intensie van die implisiete of abstrakte outeur, (...)

58 'n Verdere aanduiding van die belangrike plek wat in die Inleiding aan intensie toegeken word, blyk uit die volgende sydelings-kritiese verwysing van Van Coller en Van Jaarsveld na die bydrae van Cloete in hierdie bundel: "Afgesien van sy opmerking dat dit in 'n literêre werk nie noodwendig gaan om intensie of bedoeling nie - waarvoor word die literêre werk dan geskryf? - is sy opmerking dat om literatuur te maak taalhandelingskundig geformuleer kan word as 'to make a literary structure' uiters sinvol" (beklemtoning van die redakteurs se kritiek op Cloete deur my - MAR).

waarmee bedoel word die *konkrete outeur* in sy teksinterne gedaante as organiserende instansie in die wydste sin, (...) kortom as die *teksinterne sender* wat kommunikeer deur die hele struktuur van die teks" (Van Coller & Van Jaarsveld, 1984: Inleiding). Die eksplisiete weglating van die konkrete outeur en sy intensies uit die taalhandelingsbenadering wat hier aanbeveel word, skep na my mening die indruk van 'outonomie-van-die-teks' en teksimmanensie. Omdat die onderskeid wat hier (en elders) getref word tussen die konkrete en die sogenaamde abstrakte outeur mettertyd (vgl. 3.4.2) beredeneer gaan word, volstaan ek met hierdie enkele kritiese opmerking daaroor.

Die eerste bydrae in die bundel is 'n deeglike oorsigartikel deur Cloete, "Taalhandeling en die literatuur", waarvan ek slegs 'n enkele aspek wil aanraak. Wanneer daar onderskei word tussen lokusie, illokusie en perlokusie, wys Cloete (1984:3-4) daarop dat die perlokusie nie-verbaal kan wees en dus buite die taal self kan lê, en hierby voeg hy die volgende: "Dit is 'n baie belangrike waarneming vir die literatuur, veral deurdat die sogenaamde nuwe paradigma in die literatuurwetenskap hom in 'n baie groot mate besig hou met die (literêre) perlokusie, in die resepsie-estetika, in die sosiale en Marxistiese literatuurbeskouing, in die dekonstruksionalisme, om 'n paar te noem." Cloete wy 'n groot deel van sy bespreking aan die beredenering van 'n 'korrektief' hierop. Hy wys onder meer daarop dat alle literêre tekste, ook dié wat as betrokke of geëngageerde werke wil deurgaan, nogtans gelees kan word as lokutiewe literatuur (d.w.s. as 'n struktuurhandeling), "vir die prag van die pou se stert" (Cloete, 1984:8).⁵⁹ Verder beweer Cloete (1984:8) dat die illokusie van die literêre taalhandelingsproduk, dit wil sê die intensie van die literêre werk, gefokus kan wees op die literêre werk self as taalproduk, in welke geval dit 'n illokusie kan wees wat soos *Mei* van Gorter intendeer om 'louter niets dan lieflikheid' te wees, "om 'n taalhandeling te wees wat aan sekere formele en konvensionele literêre eise wil voldoen" (Cloete, 1984:8). Hierdie soort skeiding van lokusie, illokusie en perlokusie in die literêre taalhandeling word nie in my ondersoek onderskryf nie. Na my mening is daar altyd

59 Die konsekwensie van so 'n siening sou na my mening kon wees dat 'n leser in 'n teks 'n gedeelte lees waarin vertel word van die uiterste menslike lyding (bv. marteltonale in sommige van Brink se romans) en hom/haar bloot verwonder oor die knap strukturering van die betrokke passasie. Juis hierdie soort afstandelikheid het in die Suid-Afrikaanse samelewing reeds monsteraagtige afmetings aangeneem.

'n illokusie (intensie) onderliggend aan 'n lokusie, en is beide altyd afgestem op die een of ander perlokusie, hoe indirek en verskuil ook al. Veral 'n omvattende, makrotaalhandeling soos 'n roman kan na my mening nie gereduseer word tot 'n taalprodukt wat bloot op sigself gefokus is nie (vgl. hieroor 3.4.1).

Die bydrae wat die nouste aansluit by 'n ideologiekritiese benadering tot die literatuur is 'n artikel met die titel "Verhouding en gesprek in geëngageerde romans" (Malan, 1984:46-60) waarin die klem hoofsaaklik val op "die taalhandelingsstruktuur en bepaalde teksstrategieë wat eie aan die geëngageerde teks is" (Malan, 1984:46). Die probleemgebied wat in die sentrum van hierdie ondersoek staan, is "die wyse waarop die geëngageerde roman die leser (wil) betrek, veral deur middel van 'n basisstruktuur in die vorm van 'n taalhandeling" (Malan, 1984:46). Die twee romans wat hier as toetsgevalle dien, is John Miles se *Donderdag of Woensdag* (1978) en *Die swerffare van Poppie Nongena* deur Elsa Joubert (ook 1978); die slotsom waartoe die ondersoeker kom na 'n ontleding van die resepsie deur reële lesers sowel as die 'implisiete leserrol', is dat die *engagé*-trekrag van Joubert se roman in die gemeenskap veel groter was as dié van Miles, ten spyte van die feit dat laasgenoemde veel meer eksplisiet tot die leser gerig word en ook verskeie "kras ideologiese uitlatings" (Malan, 1984:47) bevat. Die redes wat Malan aanvoer vir die groter sosio-politieke invloed van die een werk bo die ander, is vir my studie van besondere belang, enersyds omdat 'n ideologiekritiese benadering juis die sosio-politieke rol van 'n literêre werk binne 'n bepaalde konteks wil probeer vasstel, en andersyds omdat al drie tekste wat ek vir ontleding gekies het as 'betrokke' (geëngageerd) beskou kan word.⁶⁰

Sonder om Malan se artikel in detail te bespreek, wys ek op enkele van die eienskappe wat 'n werk se *engagé*-perlokusie volgens sy ondersoek meer of minder geslaagd maak. 'n Werk waarin die *mimetiese kode* groter klem kry deurdat daar representatief by die werklikheid aangesluit word ten einde die leser affektief te betrek, is dikwels meer geslaagd; so 'n werk neig dan ook (in die geval van Joubert se werk altans) om 'n meer geslote teks te wees deurdat dit bepaalde response en emosies by die leser uitlok deur middel van spesifieke teksstrategieë. Die

60 Onder 'betrokke' of geëngageerde literatuur, verstaan ek bloot dié literatuur wat aantoonbaar voortgekom het uit, en ingestel is op 'n sosio-politieke werklikheid wat vir die leser herkenbaar is (vgl. Brink, 1985:79).

onderliggende aard en werking van hierdie strategieë word verder soos volg deur Malan (1984:50) toegelig: "Die model van 'n gesprek wat vir geëngageerde literatuur geld, is opvallend **pragmaties** gerig, omdat dit op heel **spesifieke perlokusies** ingestel is, dit wil sê sekere **effekte** wil bereik" (beklemtoning deur my - MAR). Binne hierdie gesprek word daar veral gestreef na 'n intieme verhouding met die leser en die mimetiese enkodering waardeur daar ten nouste by die leser se ervaringswêreld aangesluit word, is 'n middel wat met groot vrug aangewend word (vgl. Malan, 1984:50,51). Die moontlikhede om met daardie karakters in die werk te identifiseer vir wie die outeur simpatie wil wek by die leser, word sodoende vergroot.

Die basiese illokusie in 'n werk wat die leser betrokke wil kry, is dié van 'n versoek tot nadenke, "omdat die *status quo* bevraagteken word en die leser gewoonlik op 'n verrassende wyse ideologies gekonfronteer word" (Malan, 1984:50); dit alles het weer spesifieke *engagé*-perlokusies soos instemming, kritiese bevraagtekening van die maatskappy en simpatieke meeleving tot gevolg (Malan, 1984:51). In so 'n werk lê daar dus noodwendig ook 'n etiese appél ingebed in die estetiese, en word daar steeds van die leser 'n soort openheid, oorgawe, selfs 'n offer gevra by die lees van die teks, aldus Malan (1984:51). In die geslaagde werk sal daar eerder sprake wees van (direkte) illokusies van oortuiging en oorreding as opdragte en bevele; die instelling is affektief eerder as intellektueel-performatief; die gespreksvoorwaardes van eerlikheid en opregtheid is van groot belang; en die vertellende en fokusinstansies se geloofwaardigheid moet nooit in die gedrang kom nie (vgl. Malan, 1984:52). Die vertelhoek moet ook verkieslik staties bly sodat die leser maklik kan meeleeft en nie verwar word deur perspektiefwisselings nie. Realisme en werklikheidspretensie word ten slotte ook (implisiet) genoem as vormgewingsbeginsels wat bydra tot die geslaagdheid van die meer geslote geëngageerde roman (soos *Die swerfjare van Poppie Nongena*).

Die tipiese oop geëngageerde teks, soos *Donderdag of Woensdag*, gaan heel anders te werk. Gespreksvoorwaardes soos hoflikheid, opregtheid en moraliteit word dikwels bewustelik oortree; strategieë soos relativisering deur middel van ironie en satire, defiksionalisering ensovoorts word aangewend; die illokusies van werklike sosio-politieke belang moet as't ware op 'n 'sekondêre' vlak gesoek word, omdat daar primêr op 'n literêre wyse verwoord word. Die volgende gedeelte, waarin Malan (1984:55) die illokusies van oop en geslote romans teenoor mekaar stel,

illustreer sy standpunt oor hierdie saak treffend:

"By die meer geslote romans is die geïmpliseerde illokusie van 'n direkte aard: 'Ek versoek u om die werklikheidsmodel in die werk te gebruik om u eie werklikheid te herken, te beoordeel en te help hervorm.' Wanneer die genoemde sekondêre vlak egter in die oop romans ingebou word, lui die illokusie min of meer soos volg: 'Ek versoek u om eers die implikasieverskynsel te herken en dit dan as spieël te gebruik om u eie werklikheid te reflekteer.' Hier is dus sprake van groter afstand tussen sender en hoorder, ook van 'n reeks ingewikkelde dekoderingstrategieë wat die eintlike 'boodskap' versluier. Die uitlig van literêre illokusies ondermyn die belangrikste *engagé*-perlokusies: die aandag word op taal en implikasieverskynsels gevestig en daar word dus 'n baie fyner navolging van leidrade deur die doolhof van die oop teks vereis."

Die leser van die oop teks moet gevolglik oor heelwat meer literêre insig en leeservaring beskik ten einde die bedoelde perlokusie te snap en te realiseer as wat deur die meer geslote teks geverg word. 'n Te sterk ideologiese oorheenkodering, 'n verwikkelde appèlstruktuur en kodehiërgie, implikasieverskynsels (ironie, satire, ens.) en moeilike dekoderingsaanwysings kan tot gevolg hê dat die direkte *engagé*-perlokusies van oorreding en 'n aansporing tot handeling versluier raak en die roman nie meer deur die leser ervaar word as 'n 'betrokke' werk nie (Malan, 1984:55-56). Die gevolgtrekking waartoe Malan (1984:59) in hierdie artikel kom, is dat die behandelde roman van 'n meer geslote aard geslaagder *engagé*-perlokusies oplewer, hoofsaaklik omdat die dialoog met die leser in sodanige werk eenvoudiger gestruktureer word en die leser op 'n direkter wyse betrek word wat groter identifikasie moontlikhede skep. Probleme ontstaan volgens Malan (1984:59-60) wanneer die senders van hierdie soort werke se strewe na 'n sterk affektiewe instelling en emosionele betrokkenheid by die leser, hulle verlei tot 'n soms onaanvaarbare ideologiese oorheenkodering wat die leser teen manipulasie in opstand laat kom (hy noem sommige van André P. Brink se werke as voorbeelde hiervan). Ook wanneer kras ideologiese uitsprake nie deur die hele gesprekkonstruksie onderskraag word nie, dra hulle min *engagé*-gewig, aldus Malan.

Ten slotte verwys Malan (1984:60) na die kwessie van literêre waardebeoordeling. Hoewel die geykte benadering in Afrikaans sou wees om veralgemenend te sê dat oop werke beter literatuur is "in dié mate wat hulle in die eerste plek *literêr* spreek",

toon 'n meer geslote werk (soos *Poppie*) soms 'n soveel groter *engagé*-trekrag by 'n plaaslike en oorsese leserspubliek, sowel as 'n hoër statuut weens bekronings en uitsprake van kritici, dat daar ernstige vrae ontstaan oor geykte metodes van literêre waardebeoordeling in Afrikaans, veral ten opsigte van *littérature engagée*, meen Malan. Sy eie siening van die maatstaf waaraan die *engagé*-roman moontlik gemeet behoort te word, is dat so 'n roman die leser intellektueel volkome moet boei, maar hom ook tot so 'n ideologiese oorgawe moet verlei, dat hy as vertroueling en gespreksgenoot geheel en al by die romanwêreld betrokke raak (Malan, 1984:60). Vir die ideologiesekritiese werking van 'n roman lyk hierdie twee vereistes vir my belangrik en dit, sowel as verskeie van die ander sake wat in Malan se bydrae ter sprake was, sal by die teksontledings wat later volg (vgl. 4, 5 en 6) betrek word.

Ook ander bydraes in die bundel handel oor aspekte van die literêre teks as taalhandelinge wat vir my ondersoek van belang is en wat in die teksontledings ter sprake sal kom. Ek verwys vervolgens slegs vlugtig na enkele van hierdie aspekte. Die artikel van Botha (1984:15-21) handel oor die verhouding outeurstek-leser in *Onse Hymie* van Etienne Leroux. Die belangrike plek wat aspekte van die "voorwerk/aanvoorwerk/outeurstek" (Botha, 1984:20) - soos die opdrag, skadeloosstelling, motto, stofomslag, titelblad, tipografie, intertekstualiteit, ensomeer - inneem in gespreksgecentreerde romans (soos dié van Leroux), word in verband gebring met die sorg wat 'n skrywer dra in die saamstel van *gespreksvoorwaardes* vir die gesprek wat hy gaan voer met sy lesers (vgl. Botha, 1984:16). Met verwysing na Pratt (1977:86 en 116) verwoord Botha (1984:21) hierdie strewe na 'n meer inklusiewe benadering as 'n soort bevryding van die leeservaring, "'n verstelling van tradisionele teksgrense, sodat *die hele boek* as estetiese objek, as 'display text' (in die woorde van Pratt), opgeneem kan word".

Die laaste artikel waarna ek afsonderlik wil verwys, is dié van Van Coller en Van Rensburg (1984:86-98), wat handel oor suggesties, afleidings en implikasies - veral die gedeelte waarin die genoemde kategorieë geïllustreer word aan die hand van John Miles se kortkortverhaal "Voorgevoel". Die artikelskrywers gaan van die standpunt uit dat daar nie iets is soos één sluitende interpretasie van 'n literêre werk nie, maar dat die taalhandelingsbenadering moontlikhede inhou vir 'n meer wetenskaplike gesprek oor hierdie interpretasie en oor die 'bedoeling' van die outeur wat nooit volledig kontroleerbaar agterhaal kan word nie (Van Coller & Van Rensburg, 1984:86, 87). Die drie kategorieë word soos volg verduidelik: Met

suggesie word bedoel daardie gevalle waar ongemotiveerde en onkontroleerbare uitsprake gemaak moet word oor die betekenis van 'n literêre werk omdat die **teksvoorwaardes**⁶¹ nie bevredigend geïdentifiseer kan word nie, wat by die ander twee kategorieë wel moontlik is. Die artikel word vervolgens hoofsaaklik gewy aan die onderskeid tussen **afleidings** en **implikasies**: "Uitgaande van die teksvoorwaardes wat vir 'n betrokke literêre werk geld, is daar van *afleiding* sprake as geen teksvoorwaardes oortree word nie, en *implikasies* indien so 'n oortreding wel geskied" (Van Coller & Van Rensburg, 1984:87). Veral implikasies met hul de-automatiserende of 'vervreemdende' werking is dikwels dié onderskeidende kenmerk van 'n literêre werk; die verbreking van 'n partroon, van 'n teksvoorwaarde, speel 'n belangrike rol in die totstandkoming van literatuur en in die interpreteer daarvan. Veral as die oortreding van teksvoorwaardes op sistematiese wyse geskied, word sekere aspekte gemerk sodat daar by wyse van implikasie aangedui word wat nie gesê is nie (Van Coller & Van Rensburg, 1984:87,88). Die besondere wyse waarop afleidings en implikasie op vervlegte wyse in 'n teks kan voorkom, word aan die hand van "Voorgevoel" geïllustreer; hierdie besondere samespel hou dikwels in dat die 'mistieke element' wat deur implikasie bygebring word, verhoed dat die afleidings te bereken, te logies is. Omdat "Voorgevoel" 'n teks is wat by uitstek ingestel is op ideologiekritiese illokusies en perlokusies, dien die gedeelte van hierdie artikel wat aan die bespreking van dié verhaal gewy is as 'n besondere model van die wyse waarop die kwessie van afleidings en implikasies van toepassing gemaak kan word op sulke tekste.

3.3.3 Ander toepassings van die taalhandelingssteorie op Afrikaanse prosatekste

Die twee meer onlangse bydraes op die gebied van literêre toepassing van pragmatiese en taalhandelingsinsigte wat vir hierdie studie van belang is, is dié van Anker (1987) en Van der Merwe (1990).⁶² Eersgenoemde se ondersoek handel oor die deiktiese ruimte as struktuurmiddel in die Afrikaanse prosa, met verwysings na

61 Die drie belangrike elemente wat vanuit 'n taalhandelingsbenadering gesien 'n rol speel in enige gesprek (ook die literêre gesprek) is die sprekers, taalhandelinge en die gespreksvoorwaardes / vooronderstellings / prcsupposisies. Lg. word teksvoorwaardes genoem wanneer dit op literêre tekste toegepas word (vgl. Van Coller & Van Rensburg, 1984:87, 98).

62 Prins (1986) se artikel oor die illokusie en perlokusie van die ontkenning in *Die swerfjare van Poppie Nongena* betrek ook die taalhandelingssteorie. Hierdie bydrae is egter nie vir my ondersoek ter sake nie.

die taalhandelings teorie en veral ook na die belangrike verskynsel wat implikasies heet binne die ondersoekterrein van die pragmatiek. Van der Merwe se referaat illustreer hoe die taalhandelings teorie geïmplementeer kan word om 'n gespanne balans te verkry tussen diegene wat die estetiese en strukturele aspekte van 'n literêre teks beklemtoon en diegene wat etiese en sosio-politieke aspekte voorop stel. Om die situasie-ontleding oor taalhandelings teorie en die Afrikaanse letterkunde (hoofsaaklik toegespits op die prosa) te voltooi, verwys ek vervolgens na daardie aspekte van hierdie twee ondersoeke wat na my mening vrugbaar betrek kan word by 'n ideologiese kritiese, maatskappygerigte benadering tot die Afrikaanse roman van die tagtigerjare en daarna.

Een van die belangrikste vertrekpunte wat Anker (1987:1) vir sy dissertasie kies, stem in breë trekke ooreen met dit wat ek in my huidige ondersoek onderskryf, naamlik dat betekenis nie in 'n teks vasgelê is nie, maar deur die leesproses vrygestel word en dus van die leser se interpretasie afhanklik is. Deur die vasstelling van die deiktiese ruimte sowel as die implikasies in die prosateks, wend Anker dan vervolgens 'n besonder geslaagde poging aan om sommige van die faktore wat die leser se interpretasie van die teks veroorsaak, te identifiseer. Hoewel Anker die gedagte van 'konteks' sterk beklemtoon, reken hy hoofsaaklik binnetekstuele elemente tot hierdie konteks en beperk hy hom tot die gespreksituasies wat binne die teks tot stand kom, naamlik tussen die implisiete outeur en die implisiete leser, tussen die vertelinstansie en die fiktiewe leser en tussen personasies in die vertelde wêreld (Anker, 1987:6). Die ondersoek oor deiktiese ruimte word dus hoofsaaklik beperk tot teksimmanente gegewens en die "geïmpliseerde boodskap" van elke teks.⁶³ Enkele van die belangrikste omskrywings en doelstellings in Anker se studie word vervolgens kortliks aangedui. Enkele ander teoretiese insigte wat in dié dissertasie voorkom, sal egter in die teksontledings aangewend word, op 'n wyse wat die konsekwensies daarvan ook deurtrek na die reële konteks van die kommunikasiesituasie waarin die literêre teks 'n sosiaal-simboliese rol vervul.

Op grond van die konteksgebondenheid van alle taaluitinge, word ook die literêre teks getipeer as 'n vorm van kommunikasie binne 'n pragmatiese situasie waarin

63 Hiermee wil ek nie afbreuk doen aan hierdie deeglike en insiggewende studie nie - die opmerkings word bloot gemaak vanuit die posisie wat ek self inneem wanneer ek na die literêre teks in sy sosio-politiese konteks kyk.

veral die 'situasiekonteks' beklemtoon word (Anker, 1987:5). Die taalhandelings teorie beklemtoon dit dat die leser se begrip van hierdie 'situasiekonteks' essensieel is vir die verstaan van die boodskap van 'n teks; hiertoe dien die vasstelling van die deiktiese⁶⁴ ruimte volgens Anker 'n besondere doel. Met betrekking tot die prosa definieer Anker (1987:23) deiktiese ruimte as "die verwysingsamehang tussen al die deiktiese elemente en die implikasies binne die teks wat aan die teks sy besondere vorm en inhoud gee, die volledige konteks deur die teks geskep waarbinne die leser die teks interpreteer vanuit sy (die leser se) kulturele konteks" (beklemtonings deur my - MAR).⁶⁵

Anker (1987:14 e.v.) lê veral klem op die 'egosentrisiteit' van die spreker⁶⁶, wat daarop neerkom dat die spreker in die tydruimtelike kern van die taaluiting staan. Die identifisering van hierdie egosentriese spreker, sy posisie, houding en standpunt is een van die doelstellings wat Anker (1987:23) stel vir 'n ondersoek na "die deiktiese ruimte wat die leser binne die teks kan dekodeer vir die interpretasie van die prosateks". Die egosentrisiteit van die spreker hou vir Anker (1987:27) en andere in dat die spreker die rol van die ego⁶⁷ vervul en alle verwysings maak vanuit sy gesigspunt, sodat sy posisie die volgende bepaal: die persoonskern, tydskern, ruimtekerne, gesprekskerne en sosiale kerne van waaruit alle verwysings na persoon, tyd, plek en gebeure gemaak word. Anker (1987:29) wys verder daarop dat veral die narratologiese begrip fokalisator (wat verwys na die subjek van fokalisasie, die oriënteringspunt van waaruit alle elemente gesien word⁶⁸), in verband gebring kan word met die egosentriese spreker in die deiktiese konteks, wat die egosentriese kerne van waarneming in die prosa vorm. Ook kwessies soos die bepaling van die vertelinstansie, die verteller se betrokkenheid by die verhaalde gebeure en sy afstand van die verhaal (vgl. Anker, 1987:30) word, in samehang/jukstaposisie met die

64 Die verwysings na deïksis onder 2.4.1 stem breedweg ooreen met Anker se siening daarvan.

65 Ofskoon die leser se kulturele konteks hier genoem word, lê die klem in hierdie definisie en in die hele ondersoek m.i. sterker op die gedagte van "binne die teks".

66 Vgl. wat reeds hiervoor gesê is onder 2.4.1 waar Levinson aangehaal word hieroor.

67 Die feit dat hier verwys word na die 'rol' wat die spreker vervul, laat m.i. ruimte vir die postmodernistiese en ideologiekritiese siening dat egosentrisiteit, soos logosentrisme, etnosentrisme ens., slegs 'n illusionêre voorstelling is wat berus op bepaalde ideologiese interpellasies - vgl. bv. Pratt se siening onder 2.4.3.

68 Hier haal hy vir Bal (1980:110) aan.

vasstelling van die fokalisasiekern, by die bespreking van die egosentriese spreker in die prosateks betrek. Omdat die illokusie en perlokusie van sodanige teks beïnvloed word deur die aard van die 'egosentriese kern' wat in die taalaanbod opgesluit lê, behoort die ideologiese konsekwensies daarvan vrugbaar ondersoek te kan word.

Die bespreking van die deiktiese ruimte in die roman wat Anker ontleed, vertrek ook van die vasstelling van "die egosentriese kern van waarneming en verwysing in die interpretasie van die verwysings na persone, die tydruimtelike en moontlike implikasies in die taalaanbod" (Anker, 1987:276). Hierdie implikasies word soos volg omskryf: "Met die term 'implikasie' bedoel ons dat 'n spreker met 'n taaluiting meer of iets anders bedoel as wat letterlik in die uiting gesê is, maar dat dit wat moontlik geïmpliseer word nie direk gesê word nie" (Anker, 1987:167), wat ook inhou dat implikasies berus op 'n teenspraak in die taalhandeling self en/of 'n oortreding van die normale reëls vir gespreksituasies (Anker, 1987:169). Omdat hierdie soort oortreding of afwyking deur die skrywer gebruik word in belang van die boodskap wat hy/sy wil oordra, meen Anker (1987:169) dat die literêre teks as geheel beskou kan word as 'n vorm van Grice se gespreksimplikasie.

Uit die aard van die prosateks en die deiktiese ruimte onderskei Anker (1987:170) vier vlakke waarop implikasies in 'n teks kan voorkom, naamlik (kortliks) (1) implikasies in die vooraftekste (titel, motto ens.) deur die implisiete outeur; (2) deiktiese implikasies deur die egosentriese spreker in sy verwysings na persone, ensovoorts; (3) taalimplikasies (beeldspraak ens.); en (4) die boodskap of tema van die teks as die geïmpliseerde boodskap soos deur die leser afgelei en geïnterpreteer. In aansluiting by (4) wys Anker tereg daarop dat die implikasie in 'n literêre gespreksituasie dikwels afhang van die leser se interpretasie binne die konteks, dit wil sê wat hy as geïmpliseer ervaar: "Dat hier baie ruimte gelaat word vir misverstand en verkeerde (onbedoelde) implikasies en interpretasies is dus duidelik" (Anker, 1987:167). Laasgenoemde stelling bevestig my vermoede dat 'n ondersoek na die sosio-politieke en ideologiese konteks waarin lesers op 'n bepaalde historiese tydstip interpreteer, 'n bydrae maak tot die ondersoek van die werking van die implikasieverskynsel en omgekeerd.

'n Heel resente voorbeeld van die toepassing van insigte verkry uit die taalhandelingsteorie en die pragmatiek op 'n Afrikaanse prosateks, is die ongepubliseerde ALV-kongreslesing van Van der Merwe (1990) oor: "Die sluiting

van die liegfabriek. Gedagtes oor etiek en pragmatiek in die bestudering van die Afrikaanse literatuur". Van der Merwe (1990:1) se vertrekpunt is dat die Afrikaanse literêre debat die afgelope 20 tot 30 jaar gekenmerk is deur 'n spanning tussen "diegene wat die estetiese of strukturele aspekte van die literatuur voorop stel, en diegene wat die sosiaal-politiese en etiese voorop stel". Hy dui aan dat die pendulum tans weer besig is om in die rigting van die estetiese (artistieke gehalte) te beweeg; hy wys dan daarop dat hy dit as verstandig beskou om nie tussen die twee benaderings te kies nie, maar te probeer om hulle met mekaar te versoen. Dit is juis met die oog hierop dat die taalhandelingssteorie en die pragmatiek na sy mening waardevolle insigte bied. Ter illustrasie hiervan ontleed hy Etienne van Heerden se kortverhaal "Liegfabriek".

Van der Merwe (1990:1) definieer die bekende terme van Austin en Searle kortweg soos volg: illokusie is die bedoeling van die spreker; lokusie is die konkrete, waarneembare taaluiting met sy betekenis; en perlokusie is die verwesenliking van die bedoeling van die spreker. Grice se samewerkingsbeginsel en vier gespreksvoorwaardes waarop taalkommunikasie implisiet steun, word vervolgens betrek. Dit is veral die voorwaarde van kwaliteit (die eis van waarheid of betroubaarheid) wat as etiese kode aangewend word wanneer Van der Merwe die verhaal analiseer. Die gedagte is dat "Liegfabriek" implisiet op bepaalde etiese kodes (die ideaal van waarheidsgetrouheid en die teenstelling tussen leuen en waarheid) steun vir die effek wat dit op die leser wil bereik, maar dat die etiese tersefdertyd onlosmaaklik aan die estetiese verbonde is.

Die ander aspek wat in samehang met die etiese aspek in die verhaal ondersoek word, is die illokusie, dit wil sê die "bedoeling" van die teks waardeur die etiese kodes ondersteun en "gepropageer" word sodat hierdie illokusie uiteindelik ook perlokusie kan word. Van der Merwe (1990:5) bemerk tekens van die illokutiewe aspek van die verhaal veral in die gebruik van die beginsel van "poetic justice" (die sonde word gestraf) waardeur die verhaal die leser waarsku om nie die geïmpliseerde norme te oortree nie. Die "implisiete skrywer" gebruik ook ander middele om die leser te oorreed tot die verwerping van die norme wat 'n bepaalde groep karakters aanhang, byvoorbeeld die negatiewe beskrywings van sekere karakters, die slordige, gekruide taal wat die meeste van hulle besig, en ook ruimtebeskrywings in woorde met sterk negatiewe gevoelswaardes. Na Van der Merwe se mening word daar 'n oormaat van middele gebruik om die leser se afkeer

te versterk, sodat Grice se voorwaarde van kwantiteit hier oortree word - meer word gesê as wat nodig is.

Die vereniging tussen etiese en estetiese aspekte wat Van der Merwe (1990:6) bewerkstellig met behulp van beginsels uit die taalhandelings teorie, lê daarin dat die implisiete etiese norme waarop die verhaal gebaseer is, ook estetiese (strukturele) kwessies betrek het deurdat die kontras tussen wat uitgebeeld word en die geïmpliseerde teenpool deel is van die struktuur van die werk - dit verryk die struktuur en verhoog die spanning in die teks. Van der Merwe bespeur egter ook bepaalde etiese teenstrydighede wat 'n gebrek aan estetiese integrasie tot gevolg het; die belangrikste hiervan is die volgende: "Die verhaal steun op 'n etiese kode van medemenslikheid en genade, maar daar is 'n strenge en herhaalde 'poetic justice' wat die beginsel van genade ondermyn" (Van der Merwe, 1990:6). Myns insiens sou 'n mens die verhaal se inherente teenstrydigheid ook só kon stel: die illokusie van "Liegfabriek" word ondermyn deur die oortreding van die voorwaarde van kwantiteit (te veel negatiewe elemente in die beskrywings) sodat die voorwaarde van kwaliteit oortree word (die geloofwaardigheid van die verhaal kom in gedrang) en illokusie word nie perlokusie nie.⁶⁹

Wanneer die verhaal binne die konteks van 'n Suid-Afrikaanse samelewing op 'n spesifieke tydstip geplaas word, meen Van der Merwe (1990:5-6) 'n duidelik politieke dimensie waar te neem, naamlik dat dit gaan om die sluiting van die liegfabriek van hierdie samelewing onder blanke heerskappy. Ten slotte wys Van der Merwe daarop dat daar altyd etiese vrae sal wees wat die skrywer moet stel en waaraan die kritikus aandag sal moet gee - 'n gespanne balans tussen hierdie twee is wat hy die Afrikaanse literatuur en literêre kritiek toewens, ook na die sluiting van die huidige liegfabriek. Die wyse waarop hierdie betoog 'n vereniging van etiese en estetiese oorwegings in die evaluering van 'n verhalende teks bewerkstellig, dien as riglyn vir die soort rol wat die taalhandelings teorie en die pragmatiek ook in my ondersoek behoort te vervul. Dit is ook my bedoeling om sosio-politieke (etiese) aspekte te betrek wanneer teksontledings gedoen word, maar strukturele (estetiese) oorwegings hang so nou saam met die wyse waarop illokusie perlokusie moet word, dat die etiese en die estetiese in noue samehang tot mekaar bestudeer moet word.

69 Van der Merwe het hiermee 'n knap uiteensetting en verduideliking gegee van dit wat ook my persoonlike ervaring was by die lees van hierdie verhaal.

3.4 'n Ideologiekritiese taalhandelingsraamwerk vir die ontleding van Afrikaanse romans

3.4.1 Die romanvorm en ideologie

Die oorkoepelende siening wat in hierdie ondersoek gehuldig word, is dat elke vorm van diskoers in 'n mindere of meerdere mate ideologies bepaal word. Van die roman as genre, of as algemene kategorie soos sommige verkies om daarna te verwys⁷⁰, geld dit in 'n besondere mate. Die paradoksale omtrent die bestudering van die roman is dat dit, in weerwil van die ideologiese lading wat dit volgens sosiale kritici dra, juis dikwels deur hierdie soort kritiese benaderings uitgesonder word vir ondersoek. 'n Algemene neiging waarop Eagleton (1983:51) wys, is klaarblyklik hier ter sprake: "Most literary theories, in fact, unconsciously 'foreground' a particular literary genre, and derive general pronouncements from this; it would be interesting to trace this process through the history of literary theory, identifying the particular literary form which is being taken as a paradigm."⁷¹ Sommige van die redes waarom Marxistiese kritici soos Lucács, Goldmann, Eagleton, Jameson en andere juis die roman op die voorgrond geplaas het in hul teoretiese besinning, hou na my mening verband daarmee dat die roman na inhoud en vorm/struktuur nog nooit heeltemal los te dink was van die geskiedenis of die sosiale konteks waarbinne dit geproduseer en ontvang is nie. My eie keuse om juis met die roman te werk, berus eerstens op persoonlike voorkeur, maar sluit ook op intuïtiewe, spontane wyse aan by hierdie siening van die roman as sosiale diskoers by uitstek.

Dit val na my mening nie binne die bestek van hierdie studie om 'n oorsig te gee van die ontstaan, ontwikkeling en huidige stand van die roman as genre nie; wat elk van hierdie sake betref, is daar in elk geval soveel uiteenlopende sieninge dat konsensus oor enige aspek daarvan moeilik haalbaar is. As algemene riglyn vir die wyse

70 Fowler (1982:120) sluit aan by 'n uitspraak van Bradbury as hy die volgende sê: "The novel is not a traditional literary genre, like tragedy or comedy, but a general, varied, categorical distinctive form like poetry and drama (...) There is no one kind of matter (novels) contain or effect they produce."

71 Van die poësie, waarop die moderne Engelse literêre teorie toeneemend gefokus het, sê Eagleton (1983:51) die volgende: "(it) is of all the literary genres the one most apparently sealed from history, the one where 'sensitivity' may play in its purest, least socially tainted form".

waarop ek vervolgens oorsigtelik na hierdie sake wil kyk, haal ek vir Ngara (1985:29) aan:

"... the dynamics of political struggles and social change affect the content and form of works of art, so that if we are to understand fully and appreciate the rise, development, concerns and styles of the literature of a nation we must see that literature in relation to the history and struggle of its people, and in relation to the various ideologies that issue from socio-economic conditions".

Hoewel Ngara hier spesifiek die Afrika-roman in die oog het, geld sy siening na my mening ook vir die romanvorm in die algemeen en kan dit ook op die situasie in Suid-Afrika betrek word. Omdat ek deurgaans in hierdie ondersoek aansluit by Jameson se siening van die narratiewe teks as 'n sosiaal-simboliese handeling, verwys ek vervolgens eers na sy siening van genre (of vorm), en die roman in die besonder, as ideologiese verskynsel; daarna word enkele (ideologiekritiese) sieninge van die Westerse roman, die Afrika-roman en die Suid-Afrikaanse romansisteem aan die orde gestel.

Wanneer Jameson (1981:98-99) handel oor die **ideologie van vorm**, omskryf hy dit as "the determinate contradiction of the specific messages emitted by the varied sign systems which coexist in a given artistic process as well as in its general social formation". As voorbeeld verwys hy na negentiende-eeuse romanproduksies⁷² wat reeds eklektiese, omnibus-vorms was waarin verskeie narratiewe paradigmas met teenstrydige ideologiese inhoudes saam vervat is. Hieruit blyk die volgende: "The novel is then not so much an organic unity as a symbolic act that must reunite or harmonize heterogeneous narrative paradigms which have their own specific and contradictory ideological meaning" (Jameson, 1981:144). Die roman, wat op die oog af 'n "unified form" is, vertoon by nadere ondersoek 'n soort laagstruktuur volgens wat Jameson noem genrediskontinuiteite (*genre discontinuities*). Myns insiens behoort die ondersoeker ook te let op ander diskontinuite (oftewel teenstrydighede) binne die vorm van 'n roman of selfs tussen die inhoud en die vorm van 'n bepaalde

72 Jameson gebruik as voorbeeld Alessandro Manzoni se *I Promessi Sposi* (vertaal as *The Betrothed*) waarvan die genre-indeling problematies is omdat dit in die eerste instansie 'n historiese roman is, maar ook twee afsonderlike verhale bevat waarvan een die tradisie van die Gotiese roman volg en die ander dié van die avontuurroman.

teks.⁷³

As gevolg van sulke diskontinuiteite, sowel as verskeie ander faktore, het die roman algaande die oorspronklike 'volwasse' vermoëns verloor wat dit in die 19de eeu gehad het toe dit nog nie in 'n uiterlike, konvensionele vorm gegiet was nie. Omdat die roman mettertyd sy funksie en geldigheid verruil het vir konvensie, beskryf Jameson (1981:151) uiteindelik die roman as 'die einde van genre' en gebruik die volgende treffende vergelyking om sy siening van die moderne roman te verwoord: "(it is) a narrative ideologeme whose outer form, secreted like a shell or exoskeleton, continues to emit its ideological message long after the extinction of its host".

Jameson meen verder dat die werking van die moderne roman wat as 'narratiewe mimesis' of 'realistiese representasie' bekend geword het, die historiese funksie het om die oorgeërfde tradisionele en heilige narratiewe paradigmas wat oorspronklik gegewenes was, op sistematiese wyse te ondermyn en te demistifiseer. Hierop vervolg hy: "In this sense, the novel plays a significant role in what can be called a properly bourgeois cultural revolution - that immense process of transformation whereby populations whose life habits were formed by other, now archaic, modes of production are effectively programmed for life and work in the new world of market capitalism" (Jameson, 1981:152). Met die aansprake op 'mimesis' en 'realisme' word ook 'n 'objektiewe' funksie vir die roman geïmpliseer: naas die **subjektiewe, kritiese, analitiese en wegvretende (corrosive) sending (mission)** wat dit oorspronklik gehad het, word nou gevoeg die taak om 'n 'realistiese' weerspieëling te wees van die nuwe kwantifiseerbare ruimte van uitbreiding en markekwivalensie, van meetbare tyd, van die nuwe sekulêre objektewêreld van die kommoditeitsstelsel, en so meer.

Binne hierdie nuwe wêreld van markgesentreerde kapitalisme tree die probleem van die **subjek** noodwendig ook op die voorgrond. Jameson sluit aan by die Marxistiese siening dat die vorme van die menslike bewussyn en die meganismes van die menslik psigologie nie tydloos en oral essensieel dieselfde is nie, maar

73 Ter verduideliking van wat ek hiermee bedoel, wil ek die ondersoek effens vooruitloop en suggereer dat daar in *Om te awol* sprake kan wees van so 'n diskontinuiteit tussen inhoud en vorm: die Jungiaanse individuasiëproses wat in die hoofkarakter voltrek word, word m.i. deur die teksstruktuur weerspieël (vgl. hfst. 5 vir 'n beredenering van hierdie moontlikheid).

situasiegebonde is en histories voortgebring word. Die strategiese implikasies hiervan vir die roman is die volgende: "It follows, then, that neither the reader's reception of a particular narrative, nor the actantial representation of human figures or agents, can be taken to be constants of narrative analysis but must themselves ruthlessly be historized" (Jameson, 1981:152). Jameson sluit hierna aan by Lacan se siening van die subjek as gekonstitueer binne 'n breër historiese raamwerk (dit geld vir skrywende, gerepresenteerde sowel as lesende subjekte - MAR).

Genoemde 'probleem van die subjek' word ook beklemtoon deur Goldmann (1973-74:127) wat suggereer dat daar 'n "rigorous homology" is tussen die roman as 'n vorm en die "daily life of an individualistic society born of market production".⁷⁴ Jameson (1981:154) se siening van die opkoms van die *ego* of *gesentraliseerde subjek* sluit hierby aan. Hy verwys na hierdie opkoms van die subjek as "the dissolution of the older organic or hierarchical groups, the universal commodification of the labor-power of individuals and their confrontation as equivalent units within the framework of the market, the *anomie* of these now 'free' and isolated individual subjects to which the protective development of monadic armature alone comes as something of a compensation". Die wyse waarop hierdie 'individuele subjek' in die Afrikaanse roman van die tagtigerjare gerepresenteer word, is na my mening van besondere belang vir die ondersoeker wat krities staan teenoor so 'n ideologiese siening van die mens as private, selfgenoegsame, geïndividualiseerde subjek.

Oor genreteorie en -kritiek in die algemeen huldig Jameson die mening dat dit slegs kreatief aangewend kan word indien alle genrekategorieë in die laaste plek as arbitrêre, eksperimentele, ad hoc-konstruksies beskou word, wat histories gedekonstrueer en selfs weggewerp kan word (bv. die *Bildungsroman* wat mettertyd nie meer as 'n kategorie nie, maar as 'n 'natuurlike' vorm beskou is). Om die roman as genre/kategorie te onderskei, is ook vir die doel van my studie eerder 'n pragmatiese teoretiese handeling as 'n outoritêre uitspraak oor die aard (inhoud of vormlike aspekte) van die betrokke tekste.⁷⁵

74 Ook Ngara (1985:22,23) beklemtoon die gedagte dat 'n bepaalde soort individualisme van die bourgeoisie die roman bevorder en gevorm het, in belang van die nuwe ideologie en ekonomiese stelsel van die opkomende burgerlike klas.

75 Sowel *Om te awol* as *Sitate om 'n rewolusie* word op die voorblad (as deel van die skrywerstekst dus)

Omdat die roman by uitstek 'n literêre genre van Westerse oorsprong is, bied Emmanuel Ngara (1985) en Chidi Amuta (1989) se besprekings van die ontstaan, groei en eie aard van die **Afrika-roman** 'n noodsaaklik perspektiefverskuiwing met die oog op 'n nadere toespitsing op die Afrikaanse roman, sy Anglo-Europese oorspronge én sy gebondenheid aan die Afrika-konteks. Amuta (1989:125) se verduideliking van die wyse waarop 'n bepaalde literêre vorm by 'n nuwe omgewing aanpas, is insiggewend in hierdie verband: "once born and nurtured in a given socio-historical environment, a literary form is propelled outside its native soil onto new ground by determinate historical factors which in turn will give it a local identity which, though reminiscent of its original 'genetic' properties, will obey the laws of its new environment and baptize it into new definition". Die Afrika-roman is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

Die veelbewoë geskiedenis van Europese imperialisme in Afrika is algemene kennis. Met die opkoms van die Afrika-bourgeoisie en -intelligensia was dit veral die roman wat as literêre kunsvorm uitdrukking gegee het aan die nuutgevonde aspirasies van die mense van Afrika. Skrywers soos Chinua Achebe, Wole Soyinka, Sembene Ousmane, Ngugi wa Thiong'o en andere het sedert die vyftigerjare daarvoor gesorg dat die Afrika-roman op die (literêre) wêreldkaart geplaas is. Ngara (1985:31) skryf die aantrekkingskrag van die roman vir hierdie skrywers toe aan die sterk Afrika-tradisie van legendes wat mondeling oorgedra is deur storievertellers: "These authors not only used the novel, which was the dominant popular form of the bourgeois world into which Africa had been hurled by history, but also utilized the genre which was most popular in their traditions, i.e. the legend."

In Amuta (1989:125-126) se uiteensetting van die oorsprong en aard van die **Westerse roman** word die sosiaal-kritiese siening hiervan so duidelik verwoord, dat ek 'n gedeelte daarvan volledig aanhaal:

"The instrumentality of the rise of **capitalism** and of the **bourgeoisie** as its pilot class in the rise of the Western novel can now be taken for granted. So also can its

gekategoreer as 'n roman, terwyl *Die laaste Sondag* op die flapteks en in die meeste resensies wat verskyn het ook só getipeer word.

individualized modes of **generation** and **consumption** be assumed. And given the tacit adoption of **liberalism** as the dominant ideology of the bourgeoisie as a class, the novel could well be said to have furnished an important outlet for **liberal ideology** in the West especially up to the 19th Century. Similarly, in terms of form, the centrality of the **schizoid hero** as an archetypal figure in the cosmos of the Western novel led a writer like Lukacs (...) to accept that feature as an immutable *condition* of the novel." (beklemtonings deur my - MAR)

Naas die kapitalistiese, bourgeois oorsprong daarvan, die geïndividualiseerde produksie en konsumpsie, die liberale ideologie wat daarin tot uiting kom en die skisoïde held wat 'n sentrale posisie beklee, is die Westerse roman by uitstek ook gewortel in 'n realistiese epistemologie as filosofiese grondslag, aldus Amuta (1989:126). Laasgenoemde eienskap het, volgens Amuta, die romanvorm sodanig deel laat uitmaak van die kulturele arsenaal van die opkomende kapitalisme dat dit vryelik in diens kon tree van al die ondeugde waaraan die politieke en ekonomiese stelsel wat dit geïnspireer het, mankgegaan het. Die gekolonialiseerde bourgeoisie wat gaandeweg in Afrika tot stand gekom het, sou mettertyd die skrywers van die Afrika-roman word, 'n literêre vorm wat in verskeie opsigte grootliks afwyk van die Westerse romanvorm wat pas beskryf is.

Teenoor die liberalisme van die Westerse roman, was nasionalistiese politiek en wat Amuta (1989:127) noem "its attendant racial affirmative consciousness", wat gepaard gegaan het met die opkoms van die Afrika-bourgeoisie, 'n groot dryfveer agter die vroeë groeiperiode van die Afrika-roman. Die realistiese referent wat, soos reeds vermeld, in die sentrum van die filosofie van die roman lê, het 'n besondere ontwikkeling binne die koloniale Afrika-konteks geïnspireer. Amuta (1989:127) sit dit soos volg uiteen: "Against the background of its informing nationalist ideology, then, the sense of the *real*⁷⁶ in the African novel is bound to assume a distinctively historical texture." Die roman se inherente spesifisiteit in terme van sosio-historiese kondisionering, vind in die Afrika-roman besonder sterk

76 Amuta (1989:127) herinner die leser vervolgens daaraan dat wat binne 'n bepaalde gemeenskap as werklik (*real*) beskou word, alles is wat daardie mense se psigo-sosiale ervaringswêreld konstitueer en hulle handeling op die vlak van die materiële lewe (in die Marxistiese sin) bepaal; elemente van die **bonatuurlike** word daarom binne die konteks van die Afrika-literatuur nie as strydig met realisme beskou nie.

neerslag in hierdie kenmerkende historiese tekstuur.

Die kwessie van **realisme** in die Afrika-roman blyk 'n belangrike kenmerk van hierdie vorm te wees. Gakwandi (1980:127) meen dat die sentrale erfenis van die Afrika-roman vanaf sy Europese voorgangers uit die negentiende eeu **sosiale realisme** is en dat daar sedertdien (in Afrika) nie groot veranderinge ingetree het in hierdie tradisie nie. Teenoor psigologiese realisme, wat die individu as outonoom beskou en sy gedrag daarvolgens laat rig, beskryf Gakwandi (1980:126-127) sosiale realisme as 'n tipe realisme wat die individu as 'n sosiale eenheid behandel en sy aspirasies, prestasies en teleurstellings sien as gekondisioneer deur sy plek in die gegewe gemeenskap. 'n Belangrike funksie van hierdie fiksionele tegniek, ook binne die Afrika-konteks, word deur Gakwandi (1980:127) soos volg omskryf: "Social realism should offer a clear and graspable conception of the relationship between individuals and their society." Sodoende word dit moontlik om ook wyer etiese, morele en sosiale kwessies in 'n roman te betrek.

Die drie dominante tipes (sosiale) realisme wat Amuta (1989:128) binne die tradisie van die Afrika-roman identifiseer, is die volgende: (1) kritiese realisme, waarin politieke kwessies bloot krities beskryf word; (2) sosiologiese realisme, wat dieselfde werklikheid mag beskryf, maar op 'n wyse wat die sosiale ervaring deurdrenk met 'n dinamiek wat die moontlikhede van verandering in 'n progressiewe rigting suggereer; en (3) animistiese realisme, waarin die werklikheid metafisies uitgebeeld word en menslike handeling aangedui word as die onbewuste ten uitvoer bring van bonatuurlike sameswerings. Amuta wys daarop dat elk van hierdie tipes realisme genoodsaak word deur 'n bepaalde fase of vorm van sosiale bewussyn en dat dit kontekstueel aangewend kan word om die uitdagings wat deur die betrokke vlak van sosiale bewustheid genoodsaak word, te eksploreer. Na my mening kan 'n mens die tipes realisme wat binne die Afrikaanse romantradisie aangewend word, ook koppel aan die vlak van sosiale bewustheid by die skrywer, en in 'n meer beperkte mate aan die sosiale bewussyn van die gemeenskap⁷⁷. In hierdie verband wil ek my vereenselwig met die volgende siening van Amuta (1989:128):

"In any given historical development, the response of an art form cannot be

77 Die publikasies van Gerwel (1988) en Coetzee (1988a en 1990) is m.i. voorbeelde van studies wat hierdie siening onderskryf.

measured with a scientific instrument such as a barometer or a thermometer. Thus, writers of the same generation, confronted by identical historical experiences and challenges, may respond in disparate ways thus suggesting the intervention of factors that are not immediately obvious in the conditioning of literary currents and fashions."

'n Laaste aspek van die Afrika-roman, soos gesien deur Amuta, wat ek in my ondersoek wil betrek, is die kwessie van die soort **held** wat in hierdie romans figureer. In teenstelling met die skisoïde held van die klassieke Westerse roman, wat gedy op 'n middelklasmentaliteit van individualisme en angsbevange (*angstridden*) eksistensialistiese innerlikheid, vertoon die Afrika-roman meestal helde of heroïese kollektiwiteite wat geskep is om die waardes van die kapitalistiese gemeenskap te bevraagteken.⁷⁸ Die **dialektiese verhouding** tussen **konteks**, **inhoud** en **vorm** wat in Amuta se beskouinge van Afrika-literatuur steeds as vertrekpunt dien, word ook deur hierdie faset van die Afrika-roman geïllustreer.

Aan die einde van sy kritiese bespreking van verskeie van die belangrikste Afrika-romans, kom Gakwandi (1980:130) tot die gevolgtrekking dat skrywers van hierdie romans hulleself eerder sien as sosiale kritici en nie as mense wat ander moet vermaak (*entertain*) nie. Sy slotsom is: "The general picture that emerges from this body of criticism of African society is one of Africa as an unweeded garden. The very act of writing fiction has been, for each novelist, a contribution towards the weeding of this garden" (Gakwandi, 1980:130). Persoonlik beleef ek Suid-Afrika as 'n deel van Afrika waar die onkruid besonder geil groei, sodat Suid-Afrikaanse skrywers, kritici en akademici wat hierdie taak ook op hulle neem, na my mening met verdienstelike werk besig is!

Amuta (1989:129) pleit in sy bespreking van die Afrika-roman daarvoor dat dié soort ultra-linksheid vermy moet word wat erkende klassieke werke in hierdie literêre kultuur in die asblik wil gooi omdat hulle die gunsteling slaansakke van bourgeois-kritici uitgemaak het. Wat hy vervolgens sê, verwoord dit wat my gemotiveer het om hierdie studie te onderneem só treffend dat ek dit ook as motto gebruik het: "Our specific challenge is to offer alternative explanations and

78 T'kama Grootvoël in André P. Brink se *Die eerste lewe van Adamastor* (1988) is 'n onlangse voorbeeld van dié soort held in 'n Afrikaanse roman.

interpretations of literary works as concrete aspects of the reality which we badly need to change." 'n Artikel waarin die **Suid-Afrikaanse roman**⁷⁹ post-1976 op insiggewende wyse binne die raamwerk van sosiale verandering beskou word, kom vervolgens aan bod.

Cherry Clayton (1986:36) meen dat die Suid-Afrikaanse romanskrywer se taak op verskeie paradokse berus, en omskryf die sentrale probleem soos volg: "In a deeply divided society s/he needs to find a representative consciousness, as the novel has always rested on an invented biography/life which nevertheless represents a wider social, political and human struggle. In a society without social consensus s/he needs to show the interrelationship of individual and communal life." Dit het veral na die politieke konfrontasies van Junie/Julie 1976 geblyk dat die roman, wat deur sommige beskryf word as "the genre for inner quest", aangepas moes word vir kollektiewe doelstellings en 'n toenemende mate van solidariteit met die onderdrukte moes vertoon.⁸⁰ Sedertdien word daar ook in verskeie romans (Engels sowel as Afrikaans) verskillende narratiewe antwoorde verskaf op die probleme van ras, klasse, mag, bevoorregting, (ook geslag!) ensovoorts in Suid-Afrika, waarop ek nie hier verder kan ingaan nie

Onderliggend aan die probleme van die Suid-Afrikaanse romanskrywer is daar 'n dieper paradoks wat Clayton (1986:38) beskryf as 'n "doublebind" en sy verduidelik dit soos volg: "s/he needs to stand outside the bad dream of apartheid in order to mount a humane critique of it. Yet no writer stands *entirely* outside history". 'n Skrywer kan dus hoogstens daarin slaag om 'n bewustelik intelligente narratiewe antwoord te vind op hierdie fundamenteel onoplosbare probleme. Hoewel Clayton self nie na Jameson se teorie verwys nie, sluit haar siening van die roman as 'n narratiewe (denkbeeldige) oplossing vir werklike, onoplosbare probleme aan by daardie teorie. Ook Jameson se gedagte dat literatuur (die roman) desnieteenstaande bedoel is as 'n daad wat die wêreld moet verander (vgl. 2.3.4),

79 Hierdie vlugtige aansluiting by die Suid-Afrikaanse romansistiem verteenwoordig 'n poging om die Afrikaanse roman binne die breër Suid-Afrikaanse konteks te plaas nadat die Afrika-roman sowel as die Westerse romantradisie hierbo reeds onder bespreking was.

80 Die publikasie *Race and literature / Ras en literatuur* (Malan, 1987) bevat uitvoerige inligting oor die wyses waarop hierdie verskuiwing plaasgevind het. Ook in Coetzee (1988a en 1990) kan verdere inligting hieroor bekom word.

vind weerklank in die volgende uitspraak van Clayton (1986:38): "literature is a form of action. Born of reality, it acts back on reality". Hierby voeg sy die eksplisiet sosiaal-kritiese uitspraak van Ernst Fischer (1963:48): "The novel must show the world as changeable. And help to change it." Die probleem vir die Suid-Afrikaanse romanskrywers is dan hoe om 'n spesifieke verhaal (*narrative*) tot stand te bring wat nogtans die menslike en sosiale potensiaal tot verandering resoneer. Aan die riglyne wat Clayton hier gestel het, sal die Afrikaanse romans wat in hierdie ondersoek ontleed gaan word uiteindelik ook gemeet moet word (vgl. veral 7.1 hieronder). Vervolgens enkele gedagtes oor die eietydse Afrikaanse literêre sisteem⁸¹ en die roman in die besonder.

Ná die waterskeidingsjaar 1976 (en veral gedurende die tagtigerjare) is die Afrikaanse poësie⁸² volgens Coetzee (1990:49) "gesofistikeerd en hoogs kompetent, maar steeds binne die gevestigde estetiese en monologiese tradisie, en steeds sonder besondere bewustheid van die interregnum", met die uitsondering van Antjie Krog⁸³ en party gedigte van Breytenbach. Hierteenoor bied die prosatekste van hierdie tyd na Coetzee (1990:49) se mening "die mees direkte pogings om die kontradiksies wat met repressie verband hou, te identifiseer". Twee sulke kontradiksies wat verwoord word, is militarisasie en kapitalisme⁸⁴, hoewel geen skrywer dit onomwonde as oorsaak van die konflik kan uitwys nie, aldus Coetzee (1990:49). Die skrywers wie se name hy in hierdie verband noem, is Wilma Stockenström, André P. Brink, Karel Schoeman, Elsa Joubert, John Miles, Etienne van Heerden, Alexander Strachan en Koos Prinsloo. Die name van Jeanette Ferreira, Jeanne Goosen en verskeie ander

81 'n Bespreking van hierdie sisteem sou te veel plek in beslag neem en neerkom op die herhaling van ondersoekte wat reeds gedoen is (vgl. bv. Viljoen, 1986). In die slothoofstuk (veral 7.2) word my eie gevolgtrekkings oor die sosiaal-simboliese rol van die roman in die Afrikaanse literêre sisteem van die tagtigerjare kortliks geskets.

82 Coetzee verwys klaarblyklik hier slegs na establishment-digters se werk, en laat die werk van verskeie nie-hegemoniese (meestal swart) digters buite rekening. Vgl. bundels soos *SA in poësie / SA in poetry* (Van Wyk e.a., 1988) en *I Qabane Labantu, poësie in die noodtoestand* (Coetzee & Willemsse, 1990).

83 Ook maar hoofsaaklik haar latere bundels soos *Jerusalem-gangers* (1986) en *Lady Anne* (1990).

84 Met die volle negatiewe betekenislading van vervreemding, oorheersing en onderdrukking, klassestryd, ens., wat Marxistiese en sosiale kritici oor die algemeen aan dié term heg, daarby ingesluit. So neem ek aan.

skrywers van wie daar in die laat tagtigerjare prosatekste verskyn het, kan hierby gevoeg word.

Viljoen (1986:373) wys tereg daarop dat die romans van wit en swart (selfs Engelse en Afrikaanse) skrywers in Suid-Afrika nie in isolasie, sonder om van die ander kennis te neem, bestudeer behoort te word nie, aangesien die verskillende sisteme met mekaar in interaksie is. In die bespreking van Clayton se artikel (hierbo) is daar gewys op tendense in die romans van wit sowel as swart Suid-Afrikaanse skrywers in Engels. Ek sou egter graag in hierdie ondersoek ook die (Afrikaanse) roman van 'n swart⁸⁵ skrywer wou bespreek, maar daar bestaan helaas nie 'n gepubliseerde voorbeeld hiervan sedert Small se *Heidesee*, wat reeds in 1979 verskyn het nie. Hein Willemse⁸⁶ gee die volgende redes aan as moontlike oorsake van hierdie leemte:

1. Materiële faktore speel uiteraard 'n groot rol. Dit het onder meer 'n tekort aan tyd en 'n gebrek aan voldoende opleiding tot gevolg.

2. Daar heers onsekerheid en verwarring oor wie die gehoor is vir wie daar geskryf word. Moet die prosaskrywer hom/haar rig tot 'n elitistiese, literêre establishment-lesersgroep of tot diegene wat oorheers word? Na my mening beskik poësie en drama oor 'n groter mate van onmiddellikheid omdat dit ook mondeling oorgedra kan word op openbare plekke, as deel van die stryd. Hierdie nie-hegemoniese gehore is dan aan die betrokke kunstenaar bekend sodat hy met groter trefsekerheid kan inspeel op hulle behoeftes.

3. Publikasiekanale is 'n verdere struikelblok. Hieroor laat Willemse (1987:204)

85 In 'n voetnoot dui Willemse (1987:205) aan waarom die gebruik van 'swart' verkieslik is bo ander terme. Volgens hom sluit swart 'gekleurdes', 'Indiërs' en 'Bantoes' in; dit is verder die enigste term wat ontwikkel is deur die benoemdes en dit het veral in polities-opgeskerpte kringe 'n hoë gebruiksfrekwensie. Verder 'beteken' dit ook "die begrip en verwerping van gesetelde heerserskategorieë", aldus Willemse (1987:205).

86 Die uiteensetting wat volg berus hoofsaaklik op 'n telefoniese gesprek wat ek in Nov. 1990 met hom gevoer het. Ek haal hom met sy toestemming aan. Daar word ook verwys na Willemse (1987) waarin die problematiek van die swart Afrikaanse skrywer veel vollediger bespreek word as wat ek hier kan doen. Hierdie artikel van Willemse is ook opgeneem in die publikasie *Swart Afrikaanse skrywers* (Smith, 1986).

hom soos volg uit: "ook die produksiekanale is geslote vir die nie-hegemoniese skrywer, en sal slegs ontsluit kan word met die kompromie van sy skryfwerk". Soos Willemse (1987:203) reeds tevore aangedui het, is die literêre produksiewyse en -proses nie neutraal of waardeevry nie; dit het aantoonbare verbande met die algemene produksieprosesse van die samelewing. Dit geld veral vir die Afrikaanse literêre produksie, wat by uitstek verbonde is aan "groot geld, groot mag en groot politieke invloed".

4. 'n Verder vraag is: Hoe skryf jy? Die gevoel word steeds sterker dat die rigting vir die toekoms eerder populêr as literêr sal wees. Oor die soort produk wat gelewer moet word, is daar in hierdie stadium egter nog groot onsekerheid. Willemse (1987:204) stel dit soos volg: "Wanneer die strewe na establishment-literêre produkte en establishment-literêre kanale bewandel wil word, moet dáárdie waardes en dáárdie standaarde bevredig word."⁸⁷

Juis die stilte, die afwesigheid van Afrikaanse romans deur swart skrywers spreek volgens Willemse besonder hard in die Suid-Afrikaanse literêre en sosiale konteks! 'n Mens kan maar net hoop dat swart Afrikaanse skrywers (naas Small) spoedig die prosatoneel sal betree (swart skrywers lewer tog Engelse romans en kortverhale). Sonder hierdie stemme bly die Afrikaanse romansistiem na my mening onvolledig, onbevredigend en eensydig. Teen die agtergrond van wat hierbo gesê is van die Westerse roman, die Afrika-roman en die Suid-Afrikaanse romansistiem, behoort dit ook moontlik te wees vir die Afrikaanse romans om te groei tot 'n voller en relevanter uitingsvorm.

Wat die roman as ideologiese verskynsel betref, wil ek in hierdie stadium volstaan met wat tot dusver gesê is. Nadat die drie roman ontleed is, beoog ek om tot 'n gevolgtrekking te probeer kom oor die aard van die soort Afrikaanse roman wat gedurende die tagtigerjare verskyn het. Daar sal terugverwys word na die pas afgelope bespreking wanneer die betrokke drie romans (en in die verbygaan ook ander) beskou en beoordeel sal word aan die hand van eienskappe van die Westerse, die Afrika- en die Suid-Afrikaanse roman. Ek vra myself af watter van hierdie romansisteme die sterkste neerslag vind in die eietydse Afrikaanse roman en

87 Volgens Willemse het daar vanjaar reeds ongeveer 10 romans deur swart skrywers oor sy lessenaar gegaan, maar klaarblyklik het nie een daarvan voldoen aan die standaarde wat tans nog gestel word nie.

wat die ideologiese implikasies daarvan sou kon wees. Is daar tans sprake van ontwikkeling in 'n bepaalde rigting of nie?

3.4.2 Literêre gespreksvlakke in die roman

Die uitgangspunt van hierdie studie is, soos reeds voorheen vermeld (vgl. bv. 2.4.2 - 2.4.4), dat die literêre kommunikasieproses bestempel kan word as 'n taalhandelings. Die literêre werk kan dan, volgens Van Coller en Van Rensburg (1982:220), met die taalhandelingsbenadering in verband gebring word deur daarna te kyk as 'n gesprek (diskoers) wat op verskillende vlakke geskied, afhangende van die kategorie waarin die spreker (en hoorder) geplaas word. Die geskematiseerde weergawe van die gespreksvlakke wat hierdie skrywers onderskei, berus hoofsaaklik op die model wat deur Schmid (1973:29) saamgestel is om die verskillende vlakke aan te dui waarop die literêre gesprek (tussen die instansies wat betrokke is by en/of aanwesig is in die verhalende literêre werk) plaasvind. Schmid gaan van die (semiotiese) standpunt uit dat die kunswerk 'n taalteken is wat optree as 'n bemiddelaar tussen die outeur/skrywer en die leser. Verskeie terme word gebruik vir die verskillende instansies wat aan die onderskeibare gesprekke deelneem, en die betekenis wat aan die terme geheg word kom ook nie altyd presies ooreen nie. Ek verwys vervolgens na enkele moontlikhede wat in die tagtigerjare binne die Afrikaanse literêre diskoers na vore getree het en postuleer dan wat vir hierdie studie as vertrekpunt sal dien met betrekking tot die literêre gesprek.

Kortliks kom Schmid se siening neer op die volgende: Die konkrete outeur⁸⁸ en die konkrete leser staan buite die literêre werk, en aangesien sy model slegs betrekking het op die fiktiewe of verbeeldingsteks as sodanig, vorm hierdie twee instansies meestal nie deel van ondersoeke wat Schmid se model as basis het nie. Wanneer die konkrete of "geadresseerde" leser, tot wie die boodskap gerig is, die werk realiseer, word hy die "ontvanger". Harley (1987:61), wat ook Schmid se kommunikasiemodel as basis gebruik, stel dit as tese dat daar desgelyks aan senderskant ook "twee" persoonlikhede bestaan, naamlik die konkrete, historiese persoon in sy hoedanigheid as skeppende kunstenaar (die "digterspersoonlikheid") en die konkrete persoon in sy hoedanigheid as "gewone" wese, wat byvoorbeeld redigeer-

88 Die konkrete outeur/skrywer is volgens Schmid (1973:24) die "psycho-fysischen Dichterpersönlichkeit".

of proeflees- of bemarkingswerk sou kon doen. Die reële, historiese persoon in sy totaliteit word dan deur Harley die "wesenspersoonlikheid" genoem.

Hoewel die konkrete outeur buite die literêre werk staan, is daar sekere aspekte van hom in die teks aanwesig⁸⁹; hy is as "maker" van die betrokke werk nie onafhanklik daarvan nie, maar is implisiet daarin teenwoordig in die beeld wat die leser van hom abstraheer uit die teks, aldus Harley (1987:61). Schmid (1973:24) benoem hierdie beeld met die term **abstrakte outeur** en definieer dit soos volg: "... der abstrakte Autor (ist) das hypostasierte 'Spiegelbild' des konkreten Autors, der psychophysischen Dichterpersönlichkeit, in seinem werk". Omdat dit wat weerspieël word van die skrywer se persoonlikheid bestaan by die gracie van die leser se verbeelding en sy interpretasie van die teks, het die gevoel algemeen posgevat dat dit praktieser sou wees om die ideologiese perspektief wat uit 'n teks na vore tree, toe te skryf aan 'n abstrakte of implisiete outeur⁹⁰ (vgl. bv. Bal, 1981:209). Van Coller en Van Rensburg (1982:221) beskryf die abstrakte outeur kortweg as "die organiseerder van die gehele werk", wat binne die teks aanwesig is en nie sonder meer gelyk te stel is aan die konkrete outeur of die vertelinstansie nie. Harley (1987) pas Schmid se model aan deur die dualiteit onderliggend aan die opvatting van die konkrete outeur (vgl. bespreking hierbo) ook van toepassing te maak op die begrip abstrakte outeur. Sy onderskei gevolglik tussen die abstrakte outeur as "digter" (bedoelende skrywer) en die abstrakte outeur as "persoon"/"mens". Ek stem egter saam met Van Zyl (1989:94) wat meen dat Harley sodoende die gedagte van die abstrakte outeur te ver voer deurdat die sender (d.w.s die konkrete skrywer) sodoende volledig afgeskei word van die teken (die werk).

'n Uiteensetting van die onderskeid tussen konkrete skrywer⁹¹ en


89 Hierby voeg Van Coller en Van Rensburg (1982:221) die volgende kwalifikasie: "maar dit is nie wetenskaplik bepaalbaar nie; daarom staan hy self buite die literêre werk en die literêre ondersoek".

90 Die onderskeid wat Bal (1978:124-125) maak tussen implisiete outeur (verantwoordelik vir die skryfskied/produksie) en die abstrakte outeur (verantwoordelik vir die ideologiese perspektief) word nie deur Harley (1987:62) onderskryf nie. Ek hanteer die begrippe ook vervolgens as sinonieme.

91 Van Zyl (1989:90) verkies **skrywer** bo Harley se "digter" (wat op die Duits steun) en outeur, omdat dit na haar mening die suiwer Afrikaanse term is. Ek sal ook voortaan dié term gebruik aangesien die gevoelswaarde van 'skrywer' beter inpas by die posisie wat ek inneem oor die literêre werk as deel van die totale diskoers van die gemeenskap.

abstrakte/geïmpliseerde skrywer wat veel nader beweeg aan my eie siening as dié van Schmid en Harley, is vervat in Van Zyl (1989) se kritiese opmerkings oor Harley se voorgestelde wysigings aan Schmid se kommunikasiemodel. Van Zyl (1989:90-91) stem saam dat die **konkrete skrywer (kS)** twee aspekte het, maar vervang Harley se terme hiervoor soos volg: *digterspersoonlikheid* met *skrywer as skrywer (Ss)* en *wesenspersoonlikheid* met *skrywer as mens (Sm)*. Bo die term abstrakte outeur wat Harley behou uit Schmid se model, verkies Van Zyl **geïmpliseerde skrywer**, enersyds omdat dit meer korrek die feit weergee dat dit die téks is wat hierdie skrywer impliseer, en andersyds omdat dit 'n logiese teenpool vorm van die geïmpliseerde leser, aldus Van Zyl (1989:90). Elders wys Van Zyl (1989:92) daarop dat die geïmpliseerde skrywer "sowel teksstrukturerende en teksorganiserende as ideologiebepalende instansie is" (my beklemtoning - MAR).

Aangesien ek Van Zyl se voorgestelde kommunikasiemodel beskou as 'n bruikbare basis vir die taalhandelingsbenadering wat ek vir die teksontleedings wil volg, gee ek vervolgens die diagrammatiese voorstelling sowel as die verduideliking daarvan volledig weer (vgl. Van Zyl, 1989:94-95):



Van Zyl se verduideliking lui só: Dubbelpunte dui op die *skeppende handeling*; ## dui op 'n *osmose* of 'n *korrelasie*; -> dui op 'n proses van *afleiding*; 1W(b) = letterkundige *werk* as *boek* in sy *konkrete* verskyningsvorm; iWê = *geïmpliseerde wêreld*, d.w.s. die wêreld (Christelik, nie-Christelik, taalkundig, ens. waaruit die *geïmpliseerde skrywer* skryf); dWê(t) = *daargestelde wêreld*, d.w.s. die *werk as teks*; St = *skrywerstek*s (titel, motto's, *epiloog*, ens.); vWê = *vertelde wêreld*; *personetek*s omvat dialoog en vertelling deur *personasie(s)*; kS = *konkrete skrywer*, lg. het twee aspekte: Sm (die kS as *mens*), en Ss (die kS as *skrywer*). (Tussen lg. twee is daar 'n gedurige *osmose* deurdat die Sm indrukke versamel, wat dan deur die Ss in die dWê(t) 'n neerslag vind); iS = *geïmpliseerde (abstrakte) skrywer*. (Tussen kS en iS is daar 'n *osmose* vir sover eg. in die werk tot uiting kom); V = *verteller*; P = *personasie(s)*⁹²; fL = *fiktiewe leser*; iL = *geïmpliseerde leser*, (d.w.s. die leser soos deur die werk in die vooruitsig gestel); kL = *konkrete leser*, lg. het die twee aspekte: die Lm (die kL as *mens*) en die Ll (die kL as *leser*); die Ll lei die iS uit die dWê af en kan met die Lm korreleer, maar hoef dit nie noodwendig te doen nie, omdat die kL soms gewillig is om sy opvatting as *mens* op te skort terwyl hy lees. Die dWê(t) word deur die kS aan die kL gerig. Die kL korreleer in mindere of meerdere mate met die iL, na gelang van die effektiwiteit van die kS (as *sender* van die teks as *boodskap*) se *skeppende handeling*, én die kL (as *ontvanger*) se *leeshandeling*.

In hierdie stadium moet ek daarop wys dat ek dit met Weideman (1988:155) eens is dat geen lineêre voorstelling van die tekstuele kommunikasieproses werklik reg kan laat geskied nie aan die "vrylopende interaksie en assosiasie", soos hy dit stel, wat geld binne die siening van die literêre teks as 'n deel van "'n web van relasies". Omdat Weideman (1988:156 e.v.) die "verouderde siening" dat die teks outonoom is verwerp, verander hy die bekende Jakobson-model na 'n globale (sferiese) model waarin al die elemente op 'n unieke wyse met mekaar in verhouding is, naamlik **betekenis** (kode, betekenisketting, ...), **leser** (ontvanger, resipiënt, ...), **medium** (kommunikasiekanaal, transmissie, ...), **skrywer** (outeur, sender, ...), **teks** (boodskap, "werk", ...) en **werklikheid** (konteks, realiteit, ...)⁹³. Omdat Weideman (1988) 'n pleidooi lewer vir 'n "gemeenskapsrelevante benadering in literatuurwetenskap en -praktyk" (soos ek ook met hierdie studie probeer doen), vind hy dit noodsaaklik om

92 Ek verkies die term karakter(s), soos gebruik deur Brink (1987:66 e.v.).

93 Die elemente word tot hier toe doelbewus alfabeties gerangskik omdat daar nie 'n voorkeursposisie aan een daarvan verleen word nie, aldus Weideman (1988:165).

'n sewende faktor by te voeg, naamlik die **makroteks** (ideologiese ruimte, informasieraamwerk, ...), sodat hier uiteindelik 'n **model van 'n sosio-tekstuele kommunikasiesituasie** tot stand gebring word waarin alle elemente slegs oor relatiewe outonomie beskik en interrelasionele posisies beklee. Hoewel ek hierdie model van Weideman nog beter met my eie siening van die literêre kommunikasiesituasie kan versoen, vind ek dit nodig om 'n meer gespesifiseerde model soos dié van Van Zyl (1989) as basis te gebruik met die oog op die taalhandelingsbenadering wat ek wil volg.

Dit is belangrik om daarop te wys dat Van Zyl in haar model aansluit by Weideman se siening en wegbeweeg van 'n lineêre benadering deur 'n **proses van osmose** aan te dui tussen die "wêreld", instansies en tekste wat onderskei word. Sodoende akkomodeer sy Weideman se "vrylopende interaksie en assosiasie" sowel as sy eis dat daar vir "ideologie" voorsiening gemaak moet word. Van Zyl (1989:95) wys ook ten slotte daarop dat Weideman se siening dat die teks ideologies onvry is, geïmpliseer word deur haar aanname dat 'n teks vanuit 'n bepaalde *geïmpliseerde* (lees ook *ideologiese*) *wêreld* geskryf word.

Daar is enkele kwalifikasies of voorbehoude wat ek vervolgens wil stel by die aanvaarding van die kommunikasiemodel wat hierbo aangedui is. Pratt (1986:64) se siening dat die konsep van die "implied author" ingevoer is binne die raamwerk van 'n individualistiese ideologie wat eis dat daar 'n "private, individualized, monolithic self" aan die woord moet wees in 'n literêre teks, is reeds hierbo (vgl. 2.4.3) bespreek. Aangesien sy tereg aandui dat alle sprekende subjekte altyd non-essensieel en sosiaalbepaald is, beveel sy aan dat die soeke na die outentieke, 'werklike' skrywer gestaak word en dat **outeurskap/skrywerskap** gesien word as 'n sekere **posisie** wat ingeneem word deur 'n sprekende subjek; hierdie outeurskap vertoon dan sekere eienskappe en sekere relasies tot ander dimensies van daardie subjek (Pratt, 1986:64). Sodoende word die postulering van 'n 'implisiete' of 'abstrakte outeur' dan oorbodig gemaak, meen Pratt.

Omdat ek ook dikwels die gevoel kry dat die pogings om 'n 'abstrakte/implisiete outeur' die volle verantwoordelikheid te laat aanvaar vir alles wat in die teks staan, neerkom op 'n soeke na 'n 'ware self' wat **binne** die teks aanwesig is, wil ek hierdie

saak (en veral die terme) met groot omsigtigheid hanteer.⁹⁴ Aangesien Van Zyl (1989:94,95) egter duidelik aandui dat daar 'n osmose of 'n korrelasie bestaan tussen die konkrete skrywer (kS) en die geïmpliseerde skrywer (iS), en dat die konkrete leser as leser (LI) die geïmpliseerde skrywer aflei uit die daargestelde wêreld of teks, ontkom haar model myns insiens aan hierdie gevaar. Ek behou dus die term **geïmpliseerde skrywer** as 'n non-essensiële, relasionele begrip binne 'n model waarin alle teksrelasies non-essensieel is. Ek vereenselwig my dus eerder met die alternatief wat Pratt (1986:64) stel naas die moontlikheid om weg te doen met die "implied author". Sy omskryf hierdie alternatief soos volg:

"Alternatively, one could say that an implied author exists equally in all speech acts - an author is implied in a text only in the same way subjects are implied in any speech act they perform. (...) authorship is no more, and no less, than another of the many ways a subject realizes itself through speech."

Hiermee plaas Pratt die literêre taalhandeling as't ware terug op sy regmatige en volwaardige plek binne die totale diskoers van die gemeenskap (soos reeds aangedui in 2.4.3). Sy voldoen na my mening sodoende aan Weideman (1988:154-155) se eis aan taalhandelingssteoretici om die *werklike* deelnemers aan die taalhandelingsituasie in ag te neem, eerder as om bloot te let op wat *veronderstel* is om geënkodeer en gedekodeer te word, en aan die eis om ook aandag te gee aan die "*konteks* van die diskoers"⁹⁵. In die ideologiekritiese, pragmatiese benadering wat ek

94 Van Coller (1987:89-90) dui bepaalde hoofrigtings aan onder diene wat besware het teen die konsep "implisiete" of "abstrakte" outeur: sommige (bv. Bal, 1980) voel dat hierdie begrip die resultaat is van teksondersoek en nie die produsent daarvan nie; "diene wat gekant is teen gehierargiseerde 'magsverhoudinge' in die maatskappy, (sal) ook besware hê teen die hele soektog na kousaliteit binne 'n teks'; persone wat in beginsel daarvan oortuig is dat die beskrywing van tekseienskappe en die gevolglike interpretasie van die betekenis daarvan, nie wetenskaplik kan geskied nie, sal eweneens hierdie konsep onaantvaarbaar vind, aldus Van Coller. Hoewel ek nie my kritiek teen die 'abstrakte/implisiete outeur' heeltemal so ver wil voer as laasgenoemde twee nie, meen ek dat daar meriete in elk van die besware is - 'wetenskaplikheid' en die soeke na kousaliteit word m.i. altyd grootliks bepaal deur die posisie van die ondersoeker self.

95 Hier haal Weideman (1988:155) met groot instemming vir Van Coller (1987:93) aan en wys vervolgens daarop dat die *pragmatiese* benadering beslis voordele inhou vir gemeenskapsrelevante literatuurstudie.

met hierdie ondersoek probeer volg, wil ek juis ook die 'werklike' deelnemers aan die literêre gesprek betrek (d.w.s. die konkrete skrywer en sommige konkrete lesers), maar met die voorbehoud dat elkeen van hierdie deelnemers 'n sosiaalbepaalde subjek is wat 'n sekere posisie inneem (as skrywer, resensent, 'ingeligte' leser, en so meer), en dat elke posisie wat moontlik ingeneem kan word sosiaalbepaald is en voortdurend verskuif weens verskillende kragte wat daarop inwerk (vgl. Pratt, 1986:63, soos aangehaal in 2.3.4).

Hierdie siening het tot gevolg dat die dualiteite wat Van Zyl en andere waarneem ten opsigte van die konkrete skrywer en die konkrete leser, uitgroei tot veel meer as net 'n tweeledigheid. Die konkrete skrywer (bv. Elsa Joubert) het nie net die twee aspekte skrywer-as-mens (mev. Elsa Steytler) en skrywer-as-skrywer (Elsa Joubert) nie, maar oneindig veel posisies binne (en selfs tussen) die twee aspekte. Hoewel 'n mens sou kon sê dat die skrywer as skrywer eenmalig dié posisie ingeneem het om die spesifieke werk te skryf, kan daar nie beweer word dat hy/sy as 'n geïndividualiseerde, monolitiese eenheidssubjek gefunksioneer het toe hy/sy daarmee besig was nie. Dieselfde soort kwalifikasies geld vir die konkrete lesers van 'n teks. Daar kan hoogstens gesê word dat 'n resensent die posisie van 'n 'ingeligte' leser inneem wanneer 'n resensie of boekbespreking geskryf word. Ek het ernstige bedenkinge oor die mate waarin sommige van die tradisionele gespreksvoorwaardes deur resensente en ander literatore wat literêre tekste bespreek nagekom word, byvoorbeeld: **opregtheid** (Kan 'n resensent altyd genoeg bewyse aanvoer vir 'n bepaalde oordeel?), **wyse** (Word daar altyd 'n eerlike poging aangewend om duidelik te wees?), **hoflikheid** ('n mens merk soms blyke van persoonlike aanvalle in resensies en boekbesprekings). Die belangrikste rede vir elke mens se onvermoë om hierdie voorwaardes na behore na te kom, is die wisselende, verskuiwende posisies wat ons elkeen inneem, onder die invloed van komplekse persoonlike, sosiale, politieke, ekonomiese en ander faktore of kragte. Wat ek hiermee wil sê, is dat die resensies wat ek as resepsieverslae sal beskou in die toepassingsgedeelte van my ondersoek, om pragmatiese redes betrek word, en nie as outoritêre, konsekwente of essensiële uitsprake oor die betrokke tekste beskou word nie.

Die ontledings van die drie literêre werke gaan grotendeels berus op my interpretasie van die betrokke tekste sowel as op my siening van die sosio-politieke konteks waarin hulle verskyn het en gelees word. Dit is veral afleidings wat gemaak word oor die geïmpliseerde skrywer, die geïmpliseerde wêreld en die ideologiese

bepaaldheid van beide, wat onderhewig is aan die spesifieke ideologiekritiese posisie wat ek probeer inneem. Wat hierbo gesê is van die konkrete skrywer sowel as van die konkrete lesers van tekste, geld dus ook vir my posisie binne hierdie ondersoek, naamlik dat dit bepaal word deur meer wisselende kragte as waarvan ek self bewus is en dat ek daarom nie kan aanspraak maak op 'n outentieke, konsekwente of (allermens) outoritêre standpunt oor enige aspek van die interpretasie van die tekste nie. Hoewel ek dus nie op iets anders as 'n deelname aan die politieke **libidinale diskoers**⁹⁶ oor die eietydse Afrikaanse roman kan of wil aanspraak maak nie, wil ek tog die subjektiwiteit temper deur 'n poging aan te wend om die tekste self so noukeurig moontlik te lees, en die taalhandelingssteorie te implementeer om die gevolgtrekkings wat ek maak, noukeuriger te verantwoord, onder meer ook op grond van strukturele aspekte van die tekste.

Om terug te keer na die kommunikasiemodel. Hoewel ek die begrip van 'n geïmpliseerde skrywer nie verwerp nie, wil ek dit onomwonde stel dat die konkrete (werklike) skrywer steeds ten volle verantwoordelik bly vir die teks wat hy/sy daargestel het, as gevolg van die onmiskenbare korrelasie (vgl. Van Zyl, 1989:94 se term) wat daar bestaan tussen konkrete en geïmpliseerde skrywer. 'n Verandering wat ek wel aan Van Zyl (1989:94) se model sou wou aanbring, is 'n stippellyn in die plek van die dubbele lyn tussen die sogenaamde empiriese werklikheid en die geïmpliseerde wêreld (iWê), om aan te dui dat ons waarneming van die 'werklikheid' nie regtig objektief en empiries toetsbaar is nie, maar vol sosiale bepaaldhede met allerlei ideologiese implikasies.

Met die oog op die teksontledings wat gedoen gaan word, vind ek dit nodig om die gespreksvlakke wat onderskei kan word, tuis te bring onder die oorkoepelende terme makro-, meso- en mikrovlak. Hierdie indeling word gedoen na analogie van 'n prosaresepsiemodel van Steenberg (1984:164-180) waarin "die woord en sy moontlikhede tot in die fynste besonderhede van die mikrovlak van die kunswerk die invalspoort is vir alles wat by die leser opgeroep word (...)" (Steenberg, 1984:171). Die mikrovlak sluit naas die woord ook die metafoor, motief, simbool, sin, ensameer in - kortom, alles wat die leser tot sy beskikking het waardeur hy/sy die artefakt kan konstrueer tot wêreld. Die mesovlak behels daardie komponente

96 Vgl die bespreking van De Jong (1988) onder 3.2.3 oor die onderskeid tussen die totalitêre, konsensus- en libidinale diskoers.

van die woordkunswerk wat voortgebring word deur "die implisiete outeur as organiserende instansie by die voortbring van die teks met die oog op resepsie deur die implisiete leser" (Steenberg, 1984:171) en dit sluit in tydruimte, fabel, vertelde tyd, sujet, persona, perspektief en verteller (die terme wat hier deur Steenberg gebruik word). Die makrovlak (of ideële vlak) word aangedui as die mees abstrakte aspek van die kunswerk, wat die idee of tema behels soos dit deur die visie van die 'abstrakte outeur' ingeklee word.

Ten einde hierdie model werkbaar te maak vir die ideologiekritiese taalhandelingsbenadering wat ek wil volg, word daar enkele aanpassing gemaak wanneer genoemde drie vlakke spesifiek 'gespreksvlakke' in terme van die taalhandelinge teorie word. Die wyse waarop ek die indeling in makro-, meso- en mikrovlaktaalhandelinge wil maak en die gesprekke (as taalhandelinge) wat onder elk bespreek sal word, is die volgende:

Mikrovlak: Die gesprekke (d.w.s die dialoog) wat plaasvind tussen die karakters in die roman word op hierdie vlak ondersoek; uitinge van karakters, waarin illokusies, perlokusie, gesprekstategieë en -voorwaardes, ensovoorts in werking is, sal op 'n ideologiekritiese wyse ontleed word. Indien die verteller self ook 'n romankarakter is, sal taalhandelinge deur hom/haar ook op hierdie vlak ter sprake kom. Deiktiese verwysings, gespreksimplikasies en presupposisies sal ter sprake kom vir sover dit aanduidings kan gee van die ideologiese/ideologiekritiese rol wat die mikrovlaktaalhandelinge veronderstel is om te vervul.

Mesovlak: Hiermee bedoel ek kortweg die taalhandelinge wat die sogenaamde geïmpliseerde skrywer uitvoer in sy organisering en strukturering van die narratiewe elemente⁹⁷ van die teks. Hoewel 'n mens sou kon sê dat hierdie skrywer die illokusies en bedoelde perlokusies van sy taalhandelinge rig op 'n geïmpliseerde leser, is laasgenoemde begrip te abstrak vir die doeleindes van hierdie ondersoek en beskou ek myself, 'n leser/ondersoeker wat so deeglik en 'ingelig' probeer lees as wat vir my moontlik is, as die ontvanger van die boodskap komende van die

97 Mieke Bal (1980) se onderskeid tussen 'elemente' (as deel van die 'geskiedenis' van die teks) en 'aspekte' (van die 'verhaal') word nie in hierdie ondersoek gebruik nie. 'n Té geëtailleerde narratologiese ondersoek sou na my mening die ontledings van die tekste onnodig lomp maak.

geïmpliseerde skrywer.⁹⁸ Aangesien dit nie binne die bestek van hierdie ondersoek val om uitvoerige narratologiese analyses van die tekste te maak nie, sal narratiewe aspekte⁹⁹ soos gebeurtenisse, karakters, tyd, ruimte, verteltekste (bv. fokalisering) en vertelinstantie slegs betrek word vir sover dit die ideologiekritiese taalhandelingsraamwerk kan aanvul. Hierdie aspekte sal ondersoek word met die oog op die vasstelling van die deiktiese ruimte (deiktiese elemente en implikasies) as ideologiese konstruksie in die roman. Ook die skrywerstekste (titel, opdrag, motto ens.) word beskou as implikasies op die mesovlak, hoewel die korrelasie met die konkrete skrywer (makrovlak) hier reeds meer ooglopend is en dit terselfdertyd as deel van die makrovlak gereken kan word.¹⁰⁰

Makrovlak: Die gesprek tussen die konkrete skrywer en sekere konkrete lesers word op hierdie vlak ontleed. Uitsprake wat die skrywer self gemaak het oor sy/haar boek en veral oor die bedoeling daarmee, sal gebruik word om die oorkoepelende illokusie en sekere bedoelde perlokusies af te lei. Die geslaagdheid van die teks as die skrywer se spesifieke pogings tot kommunikasie¹⁰¹, sal beoordeel word volgens afleidings wat gemaak word uit resensies en besprekings wat in dagblaaie en tydskrifte (literêr en andersins) verskyn het kort na die publikasie van elke boek. Dit is uit die aard van hierdie ondersoek telkens die ideologiese/ideologiekritiese aspekte van hierdie gesprek wat die meeste klem sal

98 Dit is per slot van rekening ek wat binne die raamwerk van hierdie studie afleidings maak oor die posisie van die konkrete skrywer wat geïmpliseer word deur die tekste wat bespreek gaan word.

99 Ter wille van eenvormigheid en 'n sinvolle eenvoud van terminologiese verwysings binne die byna Babelse verwarring van narratologiese en verhaalteoretiese begripsomskrivings, word die terme in hierdie studie (op enkele uitsonderings na) gebruik in ooreenstemming met *Vertelkunde*. 'n *Inleiding tot die lees van verhalende tekste* (1987), waarin Brink die teorieë van narratoloë soos Bal, Genette, Rimmon-Kenan, en verskeie ander op bondige wyse aanpas en verwerk tot 'n bruikbare handleiding vir die bestudering van verhalende tekste.

100 Brink (1987:124-125) maak die volgende opmerkings oor hierdie kwessie: "Tot dieselfde grensgebied as die titel behoort aspekte van 'n teks se 'voorwerk': bv. die outeursnota i.v.m. die fiktiviteit al dan nie van sy verhaal; die opdrag aan dese en gene; die motto of motto's indien enige." Hierby voeg hy dat die outeursnota 'n "speech act" van die werklike outeur is, dus iets wat "van buite" 'n sekere verwagtingshorison vir die verhaal afbaken.

101 Reeds in die inleiding van hierdie studie (vgl.1.1) het ek gemeld dat dit is hoe ek 'n literêre werk sien.

dra in die besprekings. Op makrovlak sal die ideologiese implikasies van die spesifieke roman as (geïmpliseerde) boodskap wat gegiet is in die romanvorm (vgl. die bespreking onder 3.4.2) ten slotte ook as taalhandelings besprek word.

Uit praktiese oorwegings lyk dit vir my die beste om die teksontledings in die volgorde meso-, mikro- en ten slotte makrovlak te laat verloop. Sodoende kan elke roman eers verhaalteoreties ontleed word, daarna word die gesprekke tussen karakters bespreek (soos ook gestel binne die raamwerk van die mesovlakgesprek), en ten slotte word dit wat reeds onder bespreking was, in verband gebring met die aspekte wat tot die makrovlak gereken word, naamlik die gesprek tussen die konkrete skrywer en lesers, sowel as die ideologiese implikasies van die romanvorm wat die spesifieke werk aangeneem het. Hoe die ontleding van die literêre gespreksvlakke veronderstel is om deel uit te maak van die ideologiesekritiese taalhandelingsraamwerk wat ek voorstel, word vervolgens verduidelik.

3.4.3 'n Ideologiesekritiese taalhandelingsraamwerk vir die roman

Die ondersoekraam wat vervolgens voorgestel word en wat as vertrekpunt dien vir die teksontledings wat in die hieropvolgende drie hoofstukke (4, 5 en 6) gedoen gaan word, is 'n voortvloeiende van alles wat tot dusver in hierdie ondersoek as uitgangspunte aangedui is. Die vertrekpunt is dat literatuur nie in isolasie bestudeer kan word nie aangesien die literêre teks as diskoers 'n aktiewe sosiale rol in die gemeenskap vervul wat in die literêre ondersoek erken en verreken moet word. Omdat literatuur as diskoers onlosmaaklik deel uitmaak van die diskursiewe magsverhoudinge binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap waarin die stryd om simboliese en werklike mag tussen verskeie groepe (klasse, rasse, geslagte, ouderdomsgroepe, ens.) steeds voortwoed, is dit by uitstek ook 'n ideologiese diskoers waarin betekenis toegeken word met die oog op die belange van (veral) die hegemoniese groepe. Literatuur wil kommunikeer en taal, wat ideologies gedetermineerd is, is die medium waardeur betekenisoordrag in die literêre kommunikasieproses plaasvind. Ideologie en literatuur is veral in 'n gemeenskap waar die verskille tussen die hegemoniese en die nie-hegemoniese groepe tot voortdurende konflik lei, nie los van mekaar te dink nie.

'n Ongelyke magstryd in 'n gemeenskap het tot gevolg dat bepaalde sosiale, politieke en ekonomiese teenstrydighede, wat voortspruit uit die hegemoniese

groepe se bevoorregte posisie, onderdruk word ten einde die *status quo* te handhaaf in belang van die bevoorregte groepe. Hierdie repressie na die (politieke) kollektiewe onbewuste van die gemeenskap noodsaak een of ander vorm van oplossing. Aangesien die materiële middele ontbreek om 'n werklike oplossing te bewerkstellig, word denkbeeldige oplossings van allerlei aard na die oppervlakte gedwing, waarvan die literatuur 'n sprekende voorbeeld is. 'n Literêre teks, in hierdie geval die roman, word in my ondersoek beskou as 'n sosiaal-simboliese handeling wat as denkbeeldige oplossing op werklike sosiale probleme 'n ideologiese funksie vervul, maar as werklike taalhandeling binne die sosiale diskoers ook die wêreld kan verander. Die teksontledings verteenwoordig dus 'n poging om die volgende vraag te beantwoord: Watter soort sosiaal-simboliese taalhandeling verteenwoordig dié spesifieke tekste binne die konteks van die Suid-Afrikaanse gemeenskap?

Die taalhandelingsbenadering, wat in konjunksie met die ideologiekritiese perspektief wat pas beskryf is, gevolg word in die teksontledings, kan soos volg omskryf word: Die roman, soos ander literêre tekste, word beskou as 'n makrotaalhandeling wat in 'n bepaalde kommunikatiewe konteks geuit word. Die sender (skrywer) rig sy/haar boodskap, die literêre teks, met 'n bepaalde kommunikatiewe intensie/bedoeling (d.w.s. die illokusie) tot die ontvanger (leser/s). Die boodskap word doelbewus so ingeklee dat dit 'n bepaalde effek of effekte op die leser/s kan hê (d.i. die perlokusie). Hoewel die lokusie inderdaad op semantiese vlak bydra tot die betekenis van die sin, is dit moeiliker om dit afsonderlik te bestudeer in die geval van prosatekste as wanneer poësie (bv. in die geval van beeldspraak) ter sprake is. In hierdie ondersoek word die lokusies dus nie as sodanig bestudeer nie, maar word dit gereken as inbegrepe by die illokusie.

Wanneer daar na die literêre teks as taalhandeling gekyk word, blyk aspekte soos die volgende van belang te wees vir die ondersoek: toepaslikheidsvoorwaardes (soos eerlikheid), die samewerkingsbeginsel en gespreksvoorwaardes (kwaliteit, kwantiteit, relevansie en wyse). Indien in ag geneem word dat al die deelnemers aan die literêre gesprek subjekte is wat sosiaal bepaal en gekonstitueer word, en gevolglik wisselende posisies inneem wat beïnvloed word deur komplekse sosiale kragte, moet meer moontlikhede as dié wat pas genoem is, in ag geneem word. In die literêre gespreksituasie (soos ook in die geval van ander gesprekke) kan die sender in gebreke bly om eerlik te wees of ook ander gespreksvoorwaardes na te

kom (d.w.s. sonder 'n spesifieke kommunikatiewe bedoeling); die ontvanger kan om verskeie moontlike redes weier om sy volle samewerking te gee wanneer die teks gelees word; en bykomende faktore soos affektiewe relasies, magsverhoudinge en gemeenskaplike doelwitte (al dan nie) moet eweneens in berekening gebring word. Daar moet ook ag geslaan word op die volgende kwessies rakende die spreker (karakter/verteller/skrywer) wat die ontvanger (karakter/leser) se ontvangs en interpretasie van 'n taalhandeling beïnvloed: die status van die spreker met betrekking tot die uiting; die kontak wat bewerkstellig word met die ontvanger; en die psigologiese en ideologiese houding/perspektief/posisie (*stance*) wat hierdie spreker inneem wanneer die uiting gemaak word.

Daar is pas vermeld dat die samewerkingsbeginsel nie altyd nagekom word in gespreksituasies nie en dat gespreksvoorwaardes soms oortree word sonder dat daar 'n 'eerlike' poging tot kommunikasie agter die oortreding is. Wanneer indirekte taalhandelinge (d.w.s. die nie-natuurlike betekenis van sinne) egter aangewend word met die oog daarop dat die hoorder die bedoeling sal herken, word daar wel op die samewerkingsbeginsel en die nakom van gespreksvoorwaardes staatgemaak. Die "oortreding" van genoemde voorwaardes (kwaliteit, kwantiteit, wyse, relevansie en hoflikheid) om die bedoelde implikasie van die spreker oor te dra, word gespreksimplikasies genoem, ook met betrekking tot die literêre gespreksituasie. Implikasie kom in die prosateks voor in die skrywerstek (titel, motto, opdrag, ens.) en in die taalaanbod self, byvoorbeeld in beeldspraak soos ironie, die metafoor, simbool, hiperbool en eufemisme. Omdat implikasies deel vorm van die deiktiese ruimte wat tot stand kom in 'n literêre teks, kan die deiktiese implikasies van die posisie wat die 'egosentriese' spreker in die teks inneem, ook ondersoek word met die oog op ideologiese implikasies. Hierdie verskynsel is veral relevant vir die teksontledings op mikro- en mesovlak, maar dit sal ook ter sprake kom wanneer die geïmpliseerde boodskap van die literêre teks as makrotaalhandeling ondersoek word. Disjunksies binne die literêre kommunikasieproses (bv. tussen titel en verhaal of tussen die bedoelde illokusie soos verwoord deur die konkrete skrywer en die illokusie wat die konkrete leser aflei uit die teks) kan ook gelees word as teenstrydighede met implikasies wat op ideologiese repressies dui.

'n Ander onderafdeling van die pragmatiek wat, net soos gespreksimplikasies, afhanklik is van kontekstuele gegewens vir interpretasie, is deiktiese uitdrukkings of aanwysers, wat die situasie/konteks bepaal. In samehang met implikasieverskynsels

konstitueer deiktiese elemente 'n deiktiese ruimte as verwysingsamehang binne en vir die literêre teks, wat interpretasie deur die leser moontlik maak. Dit is veral die feit dat die deiktiese sentrum (d.w.s. die 'egosentriese' spreker, die tyd en plek vanwaar die uiting gemaak word) die perspektief op al die ander verhaalelemente bepaal, wat die ideologiese gedetermineerdheid van die verskillende gesprekke in die literêre kommunikasiesituasie illustreer. Een van die soorte deiksis, naamlik sosiale deiksis, wat die sosiale verwantskap tussen die gespreksgenote aandui, kan 'n verdere bydrae maak in 'n ideologiekritiese ontleding van literêre tekste, omdat dit die keuse van aanspreekvorm of groetvorm, die aantal spreekbeurte wat elke gespreksgenoot kry, ensameer bepaal.

'n Laaste ondersoekveld binne die pragmatiek wat aanvullend tot die taalhandelingsbenadering in 'n ondersoek soos hierdie betrek kan word, is dié oor presupposisie of vooronderstelling. Wat hier ter sprake is, is die gedeelde agtergrondkennis (as geskiktheidsvoorwaardes) wat veronderstel word tussen twee gespreksdeelnemers wanneer daar gekommunikeer word. Omdat vooronderstellings oor die spreker (bv. sy status, geslag of ouderdom), die soort wêreld waarin die uiting gemaak word, en so meer dikwels op ideologiese wyse ingeklee word, behoort die kwessie van presupposisie in 'n ideologiekritiese ondersoek van literêre tekste insiggewend te wees. Wanneer 'n literêre teks soos 'n roman geproduseer word, kan oneindig veel gedeelde kennis veronderstel deur die skrywer daarvan, byvoorbeeld kennis van die romanvorm, van 'n bepaalde godsdienstige kode of van die Suid-Afrikaanse gemeenskap met sy rassekonflik. Daar sal egter nie in hierdie studie 'n diepgaande, uitgebreide analise met die oog op die bepaling van presupposisies in die literêre gesprekke wat ter sprake is, gedoen kan word nie, omdat die hoofklem op taalhandelinge as sodanig val.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die totale kommunikatiewe situasie by elke roman verdeel in drie gespreksvlakke, naamlik 'n makro-, meso- en mikrovlak. Die mesovlak, dit wil sê die vlak waarop ek as konkrete leser afleidings maak oor die illokusies en bedoelde perlokusies van 'n sogenaamde geïmpliseerde skrywer, word eerste ontleed. Die wyse waarop narratiewe elemente (gebeurtenisse, karakters, tyd en ruimte, vertelinstansie en fokalisering) georganiseer en gestruktureer is om 'n bepaalde effek op die leser/leserspubliek te hê, sowel as die aspekte van die deiksis (veral die deiktiese sentrum en persoonsdeiksis) en gespreksimplikasies wat daarmee verband hou, sal op ideologiekritiese wyse ontleed

word op die mesovlak. Die dialoog tussen karakters, oftewel die mikrovlakgesprekke wat plaasvind tussen die karakters in die roman, word vervolgens in terme van die taalhandelingsteorie (illokusie, perlokusie, ens.), deiksis, presupposisie en implikasies ontleed, met die oog op die bepaling van die ideologiese neerslag in elke aspek, binne die konteks waarin dit geuit word.

Op die makrovlak word die gesprek tussen die konkrete skrywer en sommige konkrete lesers ontleed in 'n poging om die bedoelde perlokusie en die werklike perlokusie van die teks met mekaar in verband te bring. Implikasies van die skrywerstek (titel, opdrag, motto, ens.) word ook as deel van hierdie gespreksvlak beskou omdat die konkrete skrywer se hand reeds duidelik daarin waar te neem is. Die oorheersende tendense rakende die romanvorm wat in elke teks gebruik is, hetsy die Westerse, Afrika-, Suid-Afrikaanse of eietydse Afrikaanse romantradisie, word ook op die makrovlak as 'n soort taalhandeling bespreek. Die oogmerk agter hierdie driedelige ontledings is uiteindelik ook om die teenstrydighede wat daar binne sowel as tussen die gespreksvlakke voorkom, te interpreteer en afleidings te maak oor onderdrukte teenstrydighede in die gemeenskap waarvan dit simptome kan wees. Die vraag waarop ek telkens 'n antwoord wil formuleer, is: Wat is die ideologiese implikasies van die spesifieke teks as (sosiaal-simboliese) taalhandeling binne die Suid-Afrikaanse konteks gedurende die afgelope dekade?

Die ondersoekraam vir die bestudering van Afrikaanse romans wat hierbo uiteengesit is, is daarop afgestem om die roman as literêre taalhandeling terug te plaas in die Suid-Afrikaanse sosiale konteks en sodoende mee te help om aan die bepaalde literêre teks 'n volwaardige posisie binne die sosiale diskoers toe te ken. Dit lyk vir my meer as waarskynlik dat die marginalisering van literêre tekste kan bly voortspruit uit die neiging om dit los van die konteks, in isolasie en op elitistiese wyse as Literatuur (met 'n hoofletter) te bestudeer. Hoewel ek die waarde van literêre-estetiese oorwegings nie noodwendig geringskat in die ondersoek van literêre

tekste nie, gaan sodanige evaluerings nie die prominentste plek inneem wanneer die individuele tekste ontleed word nie - enersyds omdat sulke maatstawwe dikwels verband hou met 'n 'estetiese ideologie' en dus nie as algemeen geldend toegepas kan word nie, en andersyds omdat die literêre-estetiese aspek in ieder geval na my mening in die verlede oormatig beklemtoon is binne die Afrikaanse literêre konteks. Ek wil egter hierby voeg wat voorheen reeds gesê is (vgl. die bespreking van Van der Merwe se siening onder 3.3.3), naamlik dat die implisiete etiese (bv. sosio-politieke) norme wat deur 'n literêre teks oorgedra word, nie werklik geskei kan word van die strukturele of estetiese aspekte nie. Die effektiwiteit van die oordrag van die boodskap in die literêre kommunikasiesituasie, hou grootliks verband met die aard van die taalaanbod en die geslaagdheid van die teksstrategie wat die skrywer aanwend.

In hierdie ondersoek, en daarom ook in die teksontledings wat volg, word die Afrikaanse roman dus beskou en bestudeer as 'n taalhandeling met pragmatiese en sosiale (dus ook ideologiese) implikasies. Dit word algemeen aanvaar dat 'n roman die wêreld beskryf. In die hieropvolgende teksontledings wil ek probeer vasstel hoe elke teks hierdie wêreld beskryf en watter ideologiese implikasies dit het binne die spesifieke sosiale konteks. Die roman word egter ook beskou as 'n medeskepper van die wêreld. Die vraag is: Watter soort wêreld wil elke roman skep en hoe suksesvol word die hydrae gelewer? Laastens meen ek dat die roman ook oor die potensiaal beskik om die Suid-Afrikaanse werklikheid te verander. Wanneer ek die tekste ontleed het, sal ek probeer vasstel of elkeen van hierdie drie romans wel 'n progressiewe hydrae tot die moontlikheid van verandering maak, en of hulle, daarenteen, hoofsaaklik dien as denkbeeldige oplossings vir die werklike probleme waarvoor ons in hierdie land te staan gekom het.

'n Ideologiekritiese siening van die literatuur hoef na my mening nie noodwendig 'n posisie buite die ideologie te veronderstel nie. Omdat ek as ondersoeker-subjek inderdaad ook ideologies gedetermineerd is en sosiaal gekonstitueer word, vind ek

dit (nog eens) nodig om my eie posisie binne hierdie ondersoek te probeer uitspel. Die posisie wat ek inneem, is doelbewus ideologiekrities (met heelwat simpatie vir 'n Marxistiese tipe maatskappyanalise), maar ook met 'n Christelike verantwoordelikeheidsin (teenoor die gemeenskap waarvan ek deel is) as diepste motivering vir die poging wat ek in hierdie studie aanwend om die drie Afrikaanse romans wat vervolgens ontleed gaan word, te plaas binne die literêre en terselfdertyd ook sosiale diskoers van die Suid-Afrikaanse gemeenskap.